

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP

NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN  
MAATSKAPLIKE NAVORSING

'N ONDERSOEK INSAKE DIE MATRIKULANTE VAN NOVEMBER/  
DESEMBER 1961 EN MAART 1962 AS UNIVERSITEITSPOTEN-  
S... INAGNEMING VAN DIE OPLEIDINGSFASILITEITE  
V... ID-AFRIKAANSE RESIDENSIËLE UNIVERSITEITE



\*

1963

Navorsingsreeks Nr. 10.

THIS REPORT IS ALSO AVAILABLE IN ENGLISH

Klasnr./Class No.	Registrernr./No.
001.3072068 NBSR RES 10	41353/4

**RGN**

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

**BIBLIOTEEK  
LIBRARY**

**HSRC**

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL

1980 12

1980 12

THE MEANS OF COMMUNICATION IN RESEARCH AND TEACHING  
 IN THE HUMAN SCIENCES  
 EDITED BY J. VAN DER MERWE  
 1980 12

1980 12

1980 12

## VOORWOORD


Volgens „n Opname van die Opleiding van en Werksgeleenthede vir Natuurwetenskaplikes en Ingenieurs in Suid-Afrika" wat deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing onderneem is, is daar n tekort aan gegraduateerde mannekrag in Suid-Afrika. Die vraag ontstaan of daar genoeg potensiële materiaal vir die universiteite is, en of die universiteite oor voldoende opleidingsfasiliteite beskik ten einde hierdie potensiële materiaal te kan opneem.

Hierdie ondersoek trag om na te gaan hoeveel van die matrikulante van November/Desember 1961 en Maart 1962 na universiteite is, en of daar voldoende universitêre opleidingsfasiliteite vir die oorblywende groep sou wees indien hulle na die universiteite sou gaan.

Graag wil ek my dank betuig aan die universiteite en onderwysdepartemente wat waardevolle gegewens verstrek het, asook aan mr. H.T. Gous van die Buro wat vir die samestelling van die verslag verantwoordelik was.

*Dr. Robertse.*  
DIREKTUR

0000327486



2844363866



001.3072068 NBSR RES 10



\* 0 3 2 7 4 8 \*

## TER ORIËTERING

## 0.1 INLEIDING

0.1.1 Soos die titel van hierdie verslag aandui, is n spesifieke potensiaal-groep nl. die matrikulante uitsluitlik (kyk bl. 2) van November/ Desember 1961 en Maart 1962 ondersoek. Die ondersoek het hom ten doel gestel om uit te vind hoeveel van die spesifieke potensiaal-groep in November 1962 ingeskryf was aan Suid-Afrikaanse residensiële universiteite vir kursusse waarvoor die besit van n matrikulasiesertifikaat of n skoleindsertifikaat met matrikulasievrystelling n vereiste is.

0.1.2 Die opleidingsfasiliteite van die Suid-Afrikaanse residensiële universiteite is vir die totale studentetal van die universiteite ondersoek en die gegewens met betrekking tot lesingsale, laboratoria, personeel en so meer is soos dit deur die verskillende universiteite self verstrekk is. In elke geval is die verstrekte gegewens of deur die Rektor of deur die Registrateur onderteken derhalwe is dit as korrek aanvaar.

## 0.2 DIE MATRIKULANTE EN DIEGENE MET STANDERD X VAN NOVEMBER/DESEMBER 1961 EN MAART 1962 VOLGENS ONDERWYSDEPARTEMENT

TABEL 0.1

KANDIDATE WAT STANDERD X MET OF SONDER MATRIKULASIEVRYSTELLING GESLAG HET VOLGENS ONDERWYSDEPARTEMENT (NOV./DES. 1961, MAART 1962)

Onderwysdepartement	Matrikulante		Skooleind sonder vrystelling	Totaal
	N	%		
Transvaal	3,610	36.0	4,324	7,934
Kaapland	3,059	30.5	2,839	5,898
Oranje-Vrystaat	930	9.2	853	1,783
Natal	834	8.3	578	1,412
Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap en Matrikulasie Raad	1,602	16.0	2,995	4,597
Totaal	10,035*	100.0	11,589	21,624

\* Hierdie getal sluit ook in n aantal matrikulante wat die betrokke eksamens in die buiteland afgelê het en dus nie by genoemde ondersoek ingesluit is nie.

## 0.3 EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1962

TABEL 0.2  
EERSTEJAARSTUDENTE (VOLTYDS EN DEELTYDS) VAN 1962 VOLGENS UNIVERSITEITE ONTLEED

Universiteite	Studente soos op die eerste Dinsdag in Junie 1962								Eerstejaarstudente deur die opname betrek in November 1962	
	Alle eerstejaarstudente		Studente wat vir die eerste keer aan 'n universiteit ingeskryf het		Studente wat die eerste jaar herhaal het		Eerstejaarstudente wat nie deur die opname betrek is nie			
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Stellenbosch	1427	100.0	1071	75.1	356	24.9	771	54.0	656	46.0
Kaapstad	1888*	100.0	1228	65.0	660	35.0	1319	69.9	569	30.1
Rhodes	610	100.0	437	71.6	173	28.4	403	66.1	207	33.9
Pretoria	2516	100.0	1605	63.8	911	36.2	1568	62.3	948	37.7
Witwatersrand	1968	100.0	1211	61.5	757	38.5	1169	59.4	799	40.6
Potchefstroom	532	100.0	418	78.6	114	21.4	310	58.3	222	41.7
Oranje-Vrystaat	681	100.0	580	85.2	101	14.8	479	70.3	202	29.7
Natal	1072	100.0	690**	64.4	382	35.6	597	55.7	475	44.3
Totaal	10694	100.0	7240	67.7	3454	32.3	6616	61.9	4078	38.1

Persentasies word gegee met betrekking tot alle eerstejaarstudente.

\* Hierdie getal sluit in 'n groot aantal jong persone wat vir kursusse in Musiek, Drama en Ballet ingeskryf het.

\*\* Die betrokke syfers is nie beskikbaar nie en is bereken op grond van die syfers vir die Universiteite van die Witwatersrand, Kaapstad en Rhodes-universiteit.

0.3.1 Volgens tabel 0.2 is 6616 eerstejaarstudente nie deur die opname betrek nie omdat hulle uit die volgende studente bestaan:-

- (i) Diegene wat voor November/Desember 1961 en Maart 1962 gematrikuleer het.
- (ii) Eerstejaarstudente sonder matrikulasie.
- (iii) Eerstejaarstudente wat in November/Desember 1961 en Maart 1962 gematrikuleer het maar ingeskryf het vir kursusse waarvoor matrikulasie nie 'n vereiste is nie. 'n Groot aantal studente volg hierdie tipe kursusse aan die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria, die Oranje-Vrystaat, Kaapstad en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

(iii)/...

(iii)

- (iv) Studente wat in die buiteland 'n erkende kwalifikasie vir toelating tot 'n Suid-Afrikaanse residensiële universiteit verwerf het. Hierdie studente het veral ingeskryf aan die Universiteite van Kaapstad, Natal, die Witwatersrand en Rhodes-universiteit.
- (v) Studente wat kursusse gestaak het in die tydperk vanaf die eerste Dinsdag in Junie 1962 tot November 1962 toe die opname gedoen is.

0.3.2 Van die matrikulante van November/Desember 1961 en Maart 1962 was 4078 dus in November 1962 ingeskryf aan Suid-Afrikaanse residensiële universiteite vir kursusse waarvoor matrikulasie 'n vereiste is.

0.3.3 Met die oog op die landsbehoefte aan veral gegradueerdes moet die getal studente wat die eerstejaar herhaal (kyk tabel 0.2) as 'n betekenisvolle verlies aan leierspotensiaal beskou word. Ongeveer 32.3% (3454) het dus vir 'n tweede of meer kere vir die eerste studiejaar ingeskryf wat dus beteken dat hulle ten minste twee jaar vir 'n eerste studiejaar sou neem. Aan die stedelike universiteite soos die Universiteite van Pretoria (911), die Witwatersrand (757), Kaapstad (660) en Natal (382 volgens berekening) was die meeste studente wat in 1962 hulle eerste studiejaar herhaal het.

/svZ

INHOUD

BLADSY

VOORWOORD		
HOOFSTUK 1	INLEIDING	1
HOOFSTUK 2	'N ONTLEDING VAN DIE GETAL MATRIKULANTE VAN NOVEMBER/DESEMBER 1961 EN MAART 1962 EN DIE GETAL WAT VIR UNIVERSITÊRE KURSUSSE WAARVOOR MATRIKULASIEVRYSTELLING 'N VEREISTE IS, INGESKRYF HET	4
HOOFSTUK 3	'N ONTLEDING VAN DIE MATRIEKSIMBOLE WAT IN NOVEMBER/DESEMBER 1961 OF MAART 1962 DEUR EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1962 BEHAAL IS	10
HOOFSTUK 4	'N VERSPREIDING VAN MATRIEKVAKKE EN -SIMBOLE VIR STUDENTE IN DIE VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS	19
HOOFSTUK 5	'N VERGELYKING VAN DIE MATRIEKSIMBOLE WAT IN NOVEMBER/DESEMBER 1961 OF MAART 1962 DEUR DIEGENE WAT IN 1962 NIE NA UNIVERSITEIT IS NIE EN DIEGENE WAT WEL NA UNIVERSITEIT IS, BEHAAL IS	29
HOOFSTUK 6	'N TENTATIEWE VERDELING IN STUDIERIGTINGS VAN DIE GROEP MATRIKULANTE WAT NIE UNIVERSITEIT TOE GEGAAN HET NIE	39
HOOFSTUK 7	'N ONTLEDING VAN DIE BESKIKBARE OPLEIDINGSFASILITEITE AAN DIE VERSKILLENDE DEPARTEMENTE VAN SUIDAFRIKAANSE UNIVERSITEITE EN BEPERKINGE TEN OPSIGTE VAN DIE TOELATING VAN STUDENTE	50
HOOFSTUK 8	SAMFVATTENDE OORSIG VAN DIE VERNAAMSTE BEVINDINGS VAN DIE ONDERSOEK	107
BYLAE A	'N ONTLEDING VAN DIE TUISTES VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN 1962 WAT IN NOVEMBER/DESEMBER 1961 OF MAART 1962 GEMATRIKULEER HET	127
BYLAE B	GEGEWENS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD	128
	FIGUUR I	28a

TABELLE

NOMMER		BLADSY
2.1	MOONTLIKE KANDIDATE VIR UNIVERSITÊRE STUDIE	4
2.2	GETAL STUDENTE VOLGENS STUDIERIGTINGS	6
2.3	GETAL STUDENTE IN VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS VOLGENS HUISTAAL	8
3.1	GETAL STUDENTE WAT AFRIKAANS AS Matriekvak Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	11a
3.2	GETAL STUDENTE WAT ENGELS AS Matriekvak Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	11b
3.3	GETAL STUDENTE WAT 'N DERDE TAAL AS Matriekvak Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	12a
3.4	GETAL STUDENTE WAT WISKUNDE AS Matriekvak Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	12b
3.5	GETAL STUDENTE WAT NATUUR- EN/OF SKEIKUNDE AS Matriekvak Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	13a
3.6	GETAL STUDENTE WAT BIOLOGIE, PLANT- EN/OF DIERKUNDE AS Matriekvakke Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	14a
3.7	GETAL STUDENTE WAT GEOLOGIE, MEGANIKA, FISILOGIE EN/OF GESONDHEIDSLEER AS Matriekvakke Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	14b
3.8	GETAL STUDENTE WAT BOEKHOUS AS Matriekvak Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	15a
3.9	GETAL STUDENTE WAT HANDEL, EKONOMIE, TIK- EN/OF SNELSKRIF AS Matriekvakke Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	15b
3.10	GETAL STUDENTE WAT GESKIEDENIS EN/OF ANDER SOSIALE VAKKE AS Matriekvakke Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	16a
3.11	GETAL STUDENTE WAT AARDRYKSKUNDE AS Matriekvak Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	16b
3.12	GETAL STUDENTE WAT KUNS EN/OF MUSIEK AS Matriekvakke Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	17a
3.13	GETAL STUDENTE WAT HUISHOUDKUNDE EN VERWANTE VAKKE, HOUT- EN METAALWERK, LANDBOUVAKKE EN/OF TEGNIESE VAKKE AS Matriekvakke Geneem het, Volgens Studierigtings Versprei	17b
4.1	VERSPREIDING VAN Matriekvakke EN -SIMBOLE VIR STUDENTE MET STUDIERIGTINGS IN DIE GEESTESWETENSKAPPE	20
4.2	VERSPREIDING VAN Matriekvakke EN -SIMBOLE VIR STUDENTE MET STUDIERIGTINGS IN DIE NATUURWETENSKAPPE	21
4.3	VERSPREIDING VAN Matriekvakke EN -SIMBOLE VIR STUDENTE MET STUDIERIGTINGS IN DIE INGENIEURSWESE	23
4.4	VERSPREIDING VAN Matriekvakke EN -SIMBOLE VIR STUDENTE MET STUDIERIGTINGS IN LANDBOU, BOSBOU EN VEEARTSENYKUNDE	24



NOMMER		BLADSY
4.5	VERSPREIDING VAN MATRIEKVAKKE EN -SIMBOLE VIR STUDENTE MET STUDIERIGTINGS IN DIE MEDIESE WETENSKAPPE	26
4.6	VERSPREIDING VAN MATRIEKVAKKE EN -SIMBOLE VIR STUDENTE MET STUDIERIGTINGS IN DIE HANDELSWETENSKAPPE	27
5.1	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT AFRIKAANS AS MATRIEKVAK GENEEM HET	29
5.2	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT ENGELS AS MATRIEKVAK GENEEM HET	30
5.3	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT 'N DERDE TAAL AS MATRIEKVAK GENEEM HET	31
5.4	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT WISKUNDE AS MATRIEKVAK GENEEM HET	32
5.5	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT NATUUR- EN/OF SKEIKUNDE AS MATRIEKVAK GENEEM HET	32
5.6	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT BIOLOGIE, PLANT- EN/OF DIERKUNDE AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET	33
5.7	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT GEOLOGIE, MEGANIKA, FISILOGIE EN/OF GESONDHEIDSLER AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET	34
5.8	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT BOEKHOU AS MATRIEKVAK GENEEM HET	34
5.9	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT HANDEL, EKONOMIE, TIK- EN/OF SNELSKRIF AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET	35
5.10	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT GESKIEDENIS EN/OF ANDER SOSIALE VAKKE AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET	36
5.11	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT AARDRYKSKUNDE AS MATRIEKVAK GENEEM HET	36
5.12	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT KUNS EN/OF MUSIEK AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET	37
5.13	GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT HUISHOUDKUNDE EN VERWANTE VAKKE, HOUT- EN METAALWERK, LANDBOUVAKKE EN/OF TEGNIESE VAKKE AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET	38
6.1	VERDELING VAN DIE NIE-UNIVERSITEITSGROEP IN DIE SES GROEPE STUDIERIGTINGS	39
6.2	GETAL NIE-STUDENTE WAT AFRIKAANS AS MATRIEKVAK GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI	40
6.3	GETAL NIE-STUDENTE WAT ENGELS AS MATRIEKVAK GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI	41
6.4	GETAL NIE-STUDENTE WAT 'N DERDE TAAL AS MATRIEKVAK GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI	41
6.5	GETAL NIE-STUDENTE WAT WISKUNDE AS MATRIEKVAK GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI	42
6.6	GETAL NIE-STUDENTE WAT NATUUR- EN/OF SKEIKUNDE AS MATRIEKVAK GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI	43

NOMMER		BLADSY
6.7	GETAL NIE-STUDENTE WAT BIOLOGIE, PLANT- EN/OF DIERKUNDE AS Matriekvakke Geneem het, volgens studierigtings versprei	43
6.8	GETAL NIE-STUDENTE WAT GEOLOGIE, MEGANIKA, FISILOGIE EN/OF GESONDHEIDSLEER AS Matriekvakke Geneem het, volgens studierigtings versprei	44
6.9	GETAL NIE-STUDENTE WAT BOEKHOU AS Matriekvak Geneem het, volgens studierigtings versprei	45
6.10	GETAL NIE-STUDENTE WAT HANDEL, EKONOMIE; TIK- EN/OF SNELSKRIF AS Matriekvakke Geneem het, volgens studierigtings versprei	45
6.11	GETAL NIE-STUDENTE WAT GESKIEDENIS EN/OF ANDER SOSIALE VAKKE AS Matriekvakke Geneem het, volgens studierigtings versprei	46
6.12	GETAL NIE-STUDENTE WAT AARDRYKSKUNDE AS Matriekvak Geneem het, volgens studierigtings versprei	47
6.13	GETAL NIE-STUDENTE WAT KUNS EN/OF MUSIEK AS Matriekvakke Geneem het, volgens studierigtings versprei	47
6.14	GETAL NIE-STUDENTE WAT HUISHOUDKUNDE EN VERWANTE VAKKE, HOUT- EN METAALWERK, LANDBOUVAKKE EN/OF TEGNIESE VAKKE AS Matriekvakke Geneem het, volgens studierigtings versprei	48
6.15	VERDELING VAN DIE NIE-UNIVERSITEITSGROEP IN GROEPE STUDIERIGTINGS	49
7.1	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GEESTESWETENSKAPPE	50a
7.2	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN AARDRYKSKUNDE	51
7.3	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GESKIEDENIS	52
7.4	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN WYSBEGEERTE	53
7.5	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SIELKUNDE	54
7.6	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SOSIOLOGIE EN MAATSKAPLIKE WERK	55
7.7	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN BIBLIOTEEKKUNDE	56
7.8	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN MUSIEK	56
7.9	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN DRAMA	57
7.10	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SKONE KUNSTE EN KUNSGESKIEDENIS	58
7.11	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING	58
7.12	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GODGELEERDHEID	59
7.13	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN REGSGELEERDHEID	60
7.14	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT PERSWETENSKAP	60

NOMMER		BLADSY
7.15	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SPRAAKWETENSKAP EN SPRAAKHEELKUNDE	61
7.16	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN STAATS- EN MUNISIPALE ADMINISTRASIE	61
7.17	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN KRIMINOLOGIE	62
7.18	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN STAATSLEER	62
7.19	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN OPVOEDKUNDE	63
7.20	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN AFRIKAANS-NEDERLANDS	64
7.21	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN ENGELS	65
7.22	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN KLASSIEKE TALE	66
7.23	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN BANTOEKUNDE	67
7.24	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SEMITIESE TALE	67
7.25	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN DUIITS	68
7.26	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FRANS	69
7.27	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN WIS- EN NATUURKUNDE	69a
7.28	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN CHEMIE	70
7.29	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FISIKA	71
7.30	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FISILOGIE	72
7.31	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GEOLOGIE	72
7.32	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FARMASIE	73
7.33	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT HIGIENE	73
7.34	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN PLANTKUNDE	74
7.35	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN DIERKUNDE	75
7.36	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN WISKUNDE EN TOEGEPASTE WISKUNDE	76
7.37	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN HUISHOUDKUNDE	77
7.38	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN ARGITEKTUUR	77
7.39	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN INGENIEURSWESE	77a
7.40	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SIVIELE INGENIEURSWESE	78
7.41	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN WERKTUIGKUNDIGE INGENIEURSWESE	79
7.42	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN ELEKTROTEGNIESE INGENIEURSWESE	80
7.43	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN MYNINGENIEURSWESE	80

NOMMER		BLADSY
7.44	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN METALLURGIESE INGENIEURSWESE	81
7.45	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN CHEMIESE INGENI- EURSWESE	81
7.46	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT BEDRYFSINGENIEURSWESE	82
7.47	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN LANDMEETKUNDE	82
7.48	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN LANDBOU, BOSBOU EN VEEARTSENYKUNDE	83a
7.49	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN AGRONOMIE	84
7.50	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN ERFLIKHEIDSLEER	84
7.51	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN BIOMETRIE	85
7.52	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GRONDKUNDE	85
7.53	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN INSEKTEKUNDE	86
7.54	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN LANDBOUBIOCHEMIE	86
7.55	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN LANDBOU-EKONOMIE	87
7.56	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN LANDBOU-INGE- NIEURSWESE	87
7.57	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN MIKROBIOLOGIE	88
7.58	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT POMOLOGIE	88
7.59	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN PLANTSIEKTELEER	89
7.60	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT WYNBOU	89
7.61	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN TUINBOU	90
7.62	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT LANDBOUVOORLICHTING	90
7.63	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN WEIDINGSLEER	90
7.64	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT LANDBOUWEEKUNDE	91
7.65	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SUIWELWETENSKAP	91
7.66	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN VESTEBELT EN PLUIMVEETEBELT	92
7.67	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SKAAPTEELT EN WOLTEGNOLOGIE	92
7.68	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT VOEDSELWETENSKAP	93
7.69	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT BOSKUNDE	93
7.70	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT HOUTKUNDE	93
7.71	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT VEEARTSENYKUNDE	94
7.72	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GENESKUNDE	94a
7.73	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN ANATOMIE	95

NOMMER		BLADSY
7.74	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN INTERNE GENEESKUNDE, OBSTETRIE EN GINEKOLOGIE, KINDERGENEESKUNDE EN CHIRURGIE	95
7.75	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN PATOLOGIE, PATALOGIESE ANATOMIE, MIKROBIOLOGIE	96
7.76	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FARMAKOLOGIE	96
7.77	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN ANESTESIOLOGIE	97
7.78	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN RADIOLOGIE	97
7.79	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN PSIGIATRIE	98
7.80	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN OOG-, OOR-, NEUS- EN KEELHEELKUNDE	98
7.81	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GEREGETELIKE, VOORKOMENDE EN BEVORDERENDE GENEESKUNDE	99
7.82	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN TANDHEELKUNDE	99
7.83	GETAL STUDENTE IN ALLE DEPARTEMENTE VAN HANDEL	99a
7.84	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN BEDRYFSEKONOMIE	101
7.85	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN EKONOMIE	102
7.86	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN HANDEL	103
7.87	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN REKENINGKUNDE EN OUDITKUNDE	104
7.88	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN STATISTIEK	105
7.89	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT KOSTEBEREKENING	106
7.90	GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT VERVOERWESE	106
8.1	EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS ONTLEED, VOLGENS Matriekvakke Geneem	110
8.2	VAKPRESTASIES IN Matriek DEUR EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS	111
8.3	Matrikulante wat in 1962 na 'n universiteit en nie na 'n universiteit gegaan het nie, volgens Matriekvakke Ontleed	113
8.4	Verdeling van die nie-universiteitsgroep in die ses groepe studierigtings	114
8.5	Departemente in die Geesteswetenskappe wat saam minder as 40% addisionele eerstejaarstudente kon neem	116
8.6	Departemente in die Geesteswetenskappe wat minder as 30% addisionele eerstejaarstudente kon neem	117
8.7	Departemente in die Natuurwetenskappe wat saam minder as 40% addisionele eerstejaarstudente kon neem	118
8.8	Departemente in die Natuurwetenskappe wat minder as 30% addisionele eerstejaarstudente kon neem	118

NOMMER		BLADSY
8.9	DEPARTEMENTE VAN INGENIEURSWESE WAT SAAM MINDER AS 40% ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM	120
8.10	'N ONTLEDING VAN DIE DEPARTEMENTE VAN INGENIEURSWESE WAT SAAM MINDER AS 40% ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM	120
8.11	DEPARTEMENTE VAN GENESKUNDE W/T BAIE MIN ADDISIONELE STUDENTE KON NEEM	122
8.12	DEPARTEMENTE IN DIE HANDELSWETENSKAPPE WAT SAAM MINDER AS 40% ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM	124
8.13	DEPARTEMENTE IN DIE HANDELSWETENSKAPPE WAT MINDER AS 30% ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM	124
8.14	'N SKATTING VAN DIE GETAL ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE WAT IN VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS OPGENTEM KON WORD, MET 'N AANDUIDING VAN DEPARTEMENTE WAT DIE OPNAME BEPERK HET	125

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

In opdrag van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap is 'n ondersoek onderneem om die volgende te bepaal:

- (i) Die getal kandidate wat in November/Desember 1961 en Maart 1962 Matrikulasie en Matrikulasievrystelling verwerf het.
- (ii) Die getal uit hierdie groep wat wel universiteit toe is.
- (iii) Universitêre opleidingsfasiliteite vir addisionele studente wat deur die universiteite opgeneem kon word.

Om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, is besluit om -

- (i) die skoolleindeksamenuitslae van November/Desember 1961 en Maart 1962 van al die onderwysdepartemente te verkry en daaruit die getal kandidate wat matrikulasievrystelling verwerf het, vas te stel;
- (ii) die rekordkaarte van eerstejaarstudente van die residensiële universiteite na te gaan om vas te stel hoeveel van hierdie matrikulante in 1962 universiteit toe gegaan het; en
- (iii) inligting van die universiteite aangaande opleidingsfasiliteite in 1962 te verkry.

#### 1.2 METODE VAN DIE ONDERSOEK

Die Matrikulasie-eksamenuitslae van November/Desember 1961 en Maart 1962 is deur sekere onderwysdepartemente aangestuur, maar beamptes is na die onderwysdepartemente wat nie uitslae verstrek het nie, bestuur om die uitslae op state in te vul. Beamptes is ook na die universiteite gestuur om gegewens wat op die rekordkaarte van eerstejaarstudente verskyn, te versamel. Vraelyste waarop sekere gegewens oor opleidingsfasiliteite ingevul moes word, is aan departementshoofde van universiteite gestuur.

##### 1.2.1 Besonderhede in verband met state

- (i) State waarop inligting oor matrikulante <sup>1)</sup> en eerstejaarstudente ingesamel moes word:

Op hierdie state is inligting in verband met die student of matrikulant se adres, naam, huistaal, geslag, studierigting, naam van hoërskool wat bygewoon is, datum van matrikulasie-eksamen, klas geslag, vakke wat vir matriek geneem is en simbole wat behaal is, ingevul.

- (ii) Vraelyste aan departementshoofde:

Met die vraelyste is inligting ingewin ten opsigte van die getal studente verbonde aan die departement en die getal addisionele studente wat daar ten opsigte van elke studiejaar vir die eerste keer in die departement opgeneem kon word, die redes waarom addisionele eerstejaarstudente nie opgeneem kon word nie en die redes waarom eerstejaarstudente al toelating tot die departement geweier is.

#### 1.3 PROBLEME VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek is onderneem toe onderwysdepartemente en universiteite besig was om eksamens af te neem. Die gevolg was dat die betrokke instansies dus moeite ondervind het om die nodige inligting te verstrek. Volledige in-

---

1) Kyk by begripsbepaling bl. 2 wat onder matrikulant verstaan word.

ligting oor matrikulante se adresse is dus nie ingewin nie terwyl party universiteite se rekordkaarte nie ten opsigte van sekere noodsaaklike gegewens volledig was nie. So moes bv. die matriek- en skoleinde simbole wat nie op sulke rekordkaarte verskyn het nie, opgespoor word deur die betrokke studente se uitslag in die matriek- en skoleindeksamens na te gaan. Departementshoofde het as gevolg van die vakansietyd nie altyd flink op die versoek om inligting te verstrek, gereageer nie; gevolglik kon die inligting van n paar departemente nie verkry word nie.<sup>1)</sup> Die Universiteit van Kaapstad het geen inligting verstrek nie. Daar word ook aanvaar dat departementshoofde wat nie aangedui het hoeveel addisionele studente hulle kan opneem nie, geen beperking op addisionele studente geplaas het nie.

Omdat met hierdie ondersoek slegs gepoog is om na te gaan hoeveel van die matrikulante in die ondersoekgroep ingeskryf het vir graadkursusse en kursusse wat matriek- en skoleindeksamens vereis, is diegene wat ingeskryf het aan universiteite vir kursusse waarvoor vrystelling nie n vereiste is nie, uitgeskakel.

#### 1.4 VERKLARING VAN BEGRIPE

- 1.4.1 Die Matriek-eksamen word slegs deur die Gemeenskaplike Matriekraad afgeneem, maar die onderskeie onderwysdepartemente neem hul eie skoleindeksamens af op grond waarvan skoleindeksertifikate met matriek- en skoleindeksamens uitgereik word. Vir die doeleindes van hierdie verslag beteken:-
- (a) n matriekant: n persoon in besit van die matriek- en skoleindeksertifikaat of n skoleindeksertifikaat met matriek- en skoleindeksamens;
  - (b) matriek- en skoleindeksimbole: simbole wat met die matriek- en skoleindeksertifikate met matriek- en skoleindeksamens behaal is;
  - (c) matriekvak: n voorgeskrewe vak vir die matriek-eksamen of vir die skoleindeksamens wat matriek- en skoleindeksamens verleen.
- 1.4.2 Eerstejaarstudente beteken die groep matrikulante van November/Desember 1961 en Maart 1962 wat vir universiteitskursusse ingeskryf het.
- 1.4.3 Universiteitspotensiaal beteken die matrikulante van November/Desember 1961 en Maart 1962.
- 1.4.4 Waar daar van universiteite melding gemaak word, word die volgende agt Suid-Afrikaanse residensiële universiteite bedoel: Die Universiteite van Stellenbosch, Kaapstad, Natal, Pretoria, die Oranje-Vrystaat, die Witwatersrand, Rhodes-Universiteit en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
- 1.4.5 Met universiteitsgroep word bedoel daardie matrikulante van November/Desember 1961 en Maart 1962 wat in 1962 eerstejaarstudente aan die universiteite was, terwyl die nie-universiteitsgroep die oorblywende groep van hierdie matrikulante is.
- 1.4.6 Natuurwetenskaplike en verwante studierigtings sluit dié in die natuurwetenskappe, ingenieurswese, landbou, bosbou en veterinariekunde, en die mediese wetenskappe in.

---

1)

Die gegewens is wel later ontvang en is as n bylae by die verslag gevoeg.



- 1.4.7 Vir die vergelyking van matriekresultate is die volgende dertien vakke of groepe vakke gebruik:
- (i) Afrikaans (hoër en laer graad)
  - (ii) Engels (hoër en laer graad)
  - (iii) n Derde taal (Duits, Latyn, Frans, ander Europese tale, of n Bantoetaal)
  - (iv) Wiskunde (Wiskunde en/of Addisionele Wiskunde)
  - (v) Natuur- en/of Skeikunde (Natuur- en Skeikunde, Natuurkunde of Skeikunde)
  - (vi) Biologie (Biologie, Plantkunde en/of Dierkunde)
  - (vii) Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer
  - (viii) Boekhou (Boekhou en Handelsreken)
  - (ix) Handel, Ekonomie, Tik- en Snelskrif (insluitende Shorthand)
  - (x) Geskiedenis (Geskiedenis en ander sosiale vakke)
  - (xi) Aardrykskunde
  - (xii) Kuns en Musiek
  - (xiii) Huishoudkunde (wat Naaldwerk insluit), Hout- en Metaalwerk, landbouvakke en tegniese vakke (wat vakke soos Masjienkonstruksie en Tekenwerk en Bank-, Draai- en Masjienwerk insluit).
- 1.4.8 Die opleidingsfasiliteite van departemente is die lesinglokale/-ruimte, laboratoria of ander praktiese fasiliteite en doserende personeel.
- 1.4.9 Die begrip addisionele studente beteken die bykomende getal studente wat nog deur departemente van universiteite opgeneem kon word, indien hulle sou registreer.
- 1.4.10 Ooreenstemmende fakulteite aan verskillende universiteite het nie dieselfde departemente nie. Daar is dus besluit om vir die doeleindes van vergelyking die studierigtings en departemente in die volgende ses hoofgroepe te verdeel:
- (i) Geesteswetenskappe (Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, Sosiale Wetenskappe, Regsgelcerdheid, Godgelcerdheid, Opvoedkunde, Liggaamlike Opvoeding en Krygskunde)
  - (ii) Natuurwetenskappe (Fakulteite van Wis- en Natuurkunde en Argitektuur)
  - (iii) Ingenieurswese (Fakulteit van Ingenieurswese)
  - (iv) Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde (Fakulteite van Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde)
  - (v) Mediese wetenskappe (Fakultsite van Geneeskunde en Tandheelkunde)
  - (vi) Handelwetenskappe (Fakulteite van Handel- en Publieke Administrasie)

HOOFSTUK 2

'N ONTLEDING VAN DIE GETAL MATRIKULANTE VAN NOVEMBER/DESEMBER 1961 EN MAART 1962 EN DIE GETAL WAT VIR UNIVERSITÊRE KURSUSSE WAARVOOR MATRIKULASIEVRYSTELLING 'N VEREISTE IS, INGESKRYF HET

2.1 MOONTLIKE KANDIDATE VIR UNIVERSITÊRE STUDIE

TABEL 2.1

MOONTLIKE KANDIDATE VIR UNIVERSITÊRE STUDIE

	Eersteklasse	Tweedeklasse	Totaal (% van totaal)
	Getal en % van totale getal eersteklasse	Getal en % van totale getal tweedeklasse	
Matrikulante van November/ Desember 1961 en Maart 1962	3353 (100.0%)	6500 (100.0%)	9853 (100.0%)
Matrikulante wat vir kur- susse aan universiteite waarvoor matrikulasievry- stelling vereis word, in- geskryf het	1870 (55.78%)	2208 (33.97%)	4078 (41.39%)
Matrikulante wat nie by universiteite ingeskryf het nie	1483 (44.22%)	4292 (66.03%)	5775 (58.61%)

- 2.1.1 'n Ontleding van tabel 2.1 laat blyk dat uit 'n totaal van 9853 matrikulante 4078 (41.38%) vir kursusse aan universiteite waarvoor matrikulasievrystelling vereis word, ingeskryf het terwyl 5775 (58.61%) nie vir 'n universiteitskursus ingeskryf het nie;
- 2.1.2 3353 in die eerste klas en 6500 in die tweede klas geslaag het;
- 2.1.3 1870 (55.78%) van die eersteklasmatrikulante\* by die universiteite ingeskryf het teenoor 1483 (44.22%) wat nie ingeskryf het nie;
- 2.1.4 2208 (33.97%) van die tweedeklasmatrikulante by universiteite ingeskryf het terwyl 4292 (66.03%) nie ingeskryf het nie;
- 2.1.5 'n hoër persentasie van die eersteklasmatrikulante (55.78%) as van die tweedeklasmatrikulante (33.97%) by 'n universiteit ingeskryf het;
- 2.1.6 as al die eersteklasse as universiteitspotensiaal by uitnemendheid beskou word, het 'n onrusbarende hoë getal naamlik 1483 (44.22%) nie vir dusdanige opleiding direk na skoolverlating ingeskryf nie.

Hierdie ondersoek handel slegs oor matrikulante as universiteitspotensiaal vir die 8 residensiële universiteite, derhalwe is daar nie gepoog om vas te stel hoeveel matrikulante bv. vir onderwysdiplomas sonder universitêre opleiding of ander na-matrikulasie-opleiding by tegniese kolleges of by die Universiteit van Suid-Afrika ingeskryf het nie. Ook is die getal wat vir militêre opleiding geloot is, nie in berekening gebring nie

\* Eersteklasmatrikulant: 'n matrikulant wat in die eerste klas geslaag het.

(ongeveer 1,000<sup>1)</sup>) was moontlik geloot vir verpligte militêre diens).

Om die verdeling van die universiteitspotensiaal behoorlik na te gaan, moet aangeneem word dat slegs dié studente wat kursusse waarvoor volle matrikulasievrystelling n vereiste was, gevolg het, n nuttige besteding van die universiteitspotensiaal ten opsigte van gegradueerde mannekrag was.

Die verskillende studierigtings wat matrikulasievrystelling vereis het, was in ses groepe verdeel.

## 2.2 STUDIERIGTINGS

### 2.2.1 Studierigtings in die geesteswetenskappe

Suiwer B.A.-graad en B.A.-grade in Biblioteekkunde, Beeldende Kunste, Regte, Bantoe-kunde, Maatskaplike Werk, Verpleegkunde, Staatswetenskappe, Spraakheelkunde, Liggaamlike Opvoeding, Onderwysrigting, **Teologie** asook die grade B.Dram., B.Mus. (onderwysrigting ingesluit), B.Mil., B.Iur. en kursusse vir die Prokureurstoelatingseksamen.

### 2.2.2 Studierigtings in die natuurwetenskappe

Suiwer B.Sc.-graad en B.Sc.-grade in Mynbou-Geologie, Liggaamlike Opvoeding, Onderwysrigting, Huishoudkunde (Onderwyskeuse ingesluit), Voedseltegnologie, Dieetkunde, Higiëne, Farmasie, Verpleegkunde, Bourekenkunde, Landmeetkunde asook die graad B.Arch. en die Diplomas in Argitektuur en Landmeetkunde.

### 2.2.3 Studierigtings in die ingenieurswese

B.Sc. Ing.- of B.Sc. B.Ing.-grade in Siviele, Meganiese, Elektrotegniese, Mynbou, Chemiese, Landbou, Bedryfs- en Metalurgiese Ingenieurswese.

### 2.2.4 Studierigtings in Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde

B.Sc.-grade in Landbou en Bosbou en die graad B.V.Sc.

### 2.2.5 Studierigtings in die mediese wetenskappe

Die grade M.B. Ch.B., B.Ch.D en B.Sc. (Fisioterapie) en Diplomas in Fisioterapie, Radiografiese Terapie en Arbeidsterapie.

### 2.2.6 Studierigtings in die handelswetenskappe

Suiwer B.Com.-graad en die B.Com.-grade in Regte en Onderwysrigting asook die grade B.Econ., B.Admin. en die Sertifikaat in die Teorie van Rekeningkunde.

---

1) 10,230 lotelinge het in 1962 militêre diensplig ondergaan. Die getal matrikulante onder hierdie groep is egter nie bekend nie, (die Departement van Verdediging kon geen inligting in die verband verstrek nie) maar dit word aanvaar dat dit ongeveer 10% moes wees bereken as volg:

„A survey of some aspects of White Manpower Reserve in the Republic of South Africa" uitgegee in Oktober 1962 deur die W.N.N.R. se Instituut vir Personeelnavorsing, meld dat 16.06% van die 17-18-jarige en 27.78% van die 18-19-jarige lotelinge van 1954 St. 10 geslaag het, n gemiddelde dus van net minder as 22%; 46.4% van diegene wat in 1961 St. 10 geslaag het, het met volle vrystelling geslaag (matrikulante dus volgens hierdie ondersoek). Hiervolgens sou n bietjie minder as die helfte van bogenoemde 22% dus matrikulante wees, dit wil sê ongeveer 10%.

TABEL 2.2

GETAL STUDENTE VOLGENS STUDIERIGTINGS

Studierigtings	Eersteklasse		Tweedeklasse		Totaal
	Getal: persentasie van totaal eerste-klasse	Persentasie	Getal	Persentasie	Persentasie van totale getal (4078)
Geesteswetenskappe .....	729 (39.0%)	41.7%	1021	58.3%	1750 (42.9%)
Natuurwetenskappe	477 (25.5%)	55.4%	384	44.6%	861 (21.1%)
Ingenieurswese ..	220 (11.8%)	53.4%	192	46.6%	412 (10.1%)
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde ..	71 (3.8%)	40.1%	106	59.9%	177 (4.3%)
Mediese wetenskappe .....	208 (11.1%)	54.3%	177	55.7%	385 (9.4%)
Handelwetenskappe	165 (8.8%)	33.5%	328	66.5%	493 (12.1%)
Totaal .....	1870 (100.0%)	45.85%	2208	54.15%	4078 (100.0%)

2.3 'N VERGELYKING VAN DIE GETAL STUDENTE IN ELKE STUDIERIGTING

Wanneer volgens hierdie indeling die verskillende studierigtings vergelyk word, blyk dit dat uit 'n groep van 4078 studente die grootste groep naamlik 1750 of 42.9% 'n rigting in die geesteswetenskappe gekies het. Selfs die natuurwetenskaplike groep 861 (21.1%) kan as groot beskou word. Die studente in rigtings in ingenieurswese (412 of 10.1%), handelwetenskappe (493 of 12.1%) en mediese wetenskappe (385 of 9.4%) is nagenoeg ewe groot terwyl 'n kleiner groep (177 of 4.3%) in 'n landbou-, bosbou- of veeartsenykundige rigting kursusse gevolg het.

As die natuurwetenskaplike, ingenieurs-, mediese, bosbou-, landbou- en veeartsenykundige groepe saamgevoeg word en met die res vergelyk word, vind ons 1835 (44.98%) in natuurwetenskaplike en verwante rigtings, teenoor 2243 (55.02%) in ander rigtings.

Om hierdie verhoudings beter te interpreteer, sal nagegaan moet word hoe dit vergelyk met graduandi in die betrokke studierigtings.

In deel 3 van „'n Opname van die Opleiding van en Werkgeleenthede vir Natuurwetenskaplikes en Ingenieurs in Suid-Afrika" deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing en wat handel oor gradueringneigings in Suid-Afrika van 1918 tot 1957, word die baccalaureusgrade behaal ook volgens ses groepe studierigtings ingedeel. Hierdie verdeling stem min of meer ooreen met dié van hierdie ondersoek. Vir hierdie ondersoek egter word die kursusse B.Sc. (Landmeetkunde), B.Sc. (Q.S.), B.Arch., B.Sc. (Higiëne), B.Sc. (Dieetkunde) en B.Sc. (Huishoudkunde) onder die natuurwetenskaplike groep geplaas, terwyl dit by bogenoemde opname onder ingenieurswese nl. B.Sc. (Landmeetkunde), B.Sc. (Q.S.) en B.Arch., landboukundige groep nl. B.Sc. (Huishoudkunde) en mediese groep nl. B.Sc. (Higiëne)

en B.Sc. (Huishoudkunde) klassifiseer. Dit moet dus in ag geneem word dat by onderstaande vergelyking die natuurwetenskaplike groep van hierdie ondersoek, indien dieselfde verdeling as by die opname genoem, gevolg word, eintlik heelwat kleiner as 21.1% behoort te wees en die landboukundige ingenieurs- en mediese groepe elk effens hoër as die betrokke persentasies.

Word die persentasies van hierdie ondersoek dus vergelyk met die persentasie baccalaureusgrade verwerf deur elke groep vir die tydperk 1953-57, is die volgende duidelik:

- (i) Van die baccalaureusgrade was 43.9% in die geesteswetenskappe en vergelyk dus goed met die 42.9% wat volgens hierdie ondersoek vir geesteswetenskaplike studierigtings ingeskryf het.
- (ii) Gedurende hierdie tydperk het 13.8% baccalaureusgrade in die natuurwetenskappe verwerf teenoor 21.1% (behoort eintlik heelwat minder te wees soos reeds verduidelik is), wat volgens hierdie ondersoek vir natuurwetenskaplike studierigtings ingeskryf het.
- (iii) Van die baccalaureusgrade was 12.7% in die ingenieurswese en hulle vergelyk dus goed met die 10.1% (behoort eintlik effens hoër te wees soos reeds verduidelik is), wat volgens hierdie ondersoek vir ingenieurswese ingeskryf het.
- (iv) Van die baccalaureusgrade was 5.7% in landbou en verwante rigtings teenoor 4.3% (behoort ook effens hoër te wees), wat volgens hierdie ondersoek vir Landbou, Bosbou, Veeartsenykunde ingeskryf het.
- (v) Van die baccalaureusgrade is 13.6% in die mediese rigtings verwerf teenoor 9.4% (behoort ook effens hoër te wees) wat volgens hierdie ondersoek vir soortgelyke studierigtings ingeskryf het.
- (vi) Van die baccalaureusgrade is 10.3% in die handelsrigtings verwerf teenoor die 12.1% wat volgens hierdie ondersoek vir studierigtings in die handelwetenskappe ingeskryf het.
- (vii) Van die baccalaureusgrade is 45.8% in die 4 natuurwetenskaplike groepe studierigtings verwerf teenoor die 44.98% wat volgens hierdie ondersoek vir soortgelyke studierigtings ingeskryf het en dit toon 'n goeie ooreenkoms.

Meer as die helfte van die studente in die eerstejaar wat kursusse in 'n natuur-, wetenskaplike, ingenieurs- of mediese rigting gevolg het, het dus 'n eersteklas in die matriekeksamen behaal. Die hoër persentasie eerste klasse onder die natuurwetenskaplikes kan toegeskryf word aan die feit dat kandidate met goeie simbole in Wiskunde en natuurwetenskaplike vakke makliker 'n eerste klas behaal en dus in ooreenstemming met hulle prestasie in genoemde vakke eerder 'n natuurwetenskaplike rigting kies. Dieselfde geld vir studente in die mediese wetenskappe en ingenieurswese. Dit sal later beter begryp word wanneer die prestasies in die onderskeie vakke bespreek word.

Die kleiner persentasie eerste klasse onder die geesteswetenskaplike groep kan toegeskryf word aan die feit dat die meeste kandidate met redelik goeie prestasies in die amptelike tale en sosiale vakke hierdie rigtings kies en, (in teenstelling met die natuurwetenskaplike groepe se goeie prestasies in Wiskunde en natuurwetenskappe) nie sulke goeie simbole in Wiskunde en natuurwetenskappe behaal nie wat dan noodwendig 'n laer gemiddelde meebring. Alhoewel die landbou, bosbou en veeartsenykundige groep redelik goeie simbole in die natuurwetenskaplike vakke behaal het, (soos daar later gesien sal word) het hulle oor die algemeen swakker presteer as die vier groepe wat tot dusver

bespreek is. Die groep met studierigtings in die handelwetenskappe het oor die algemeen swakker presteer as die ander groepe in al die vakke, met die uitsondering van Boekhou.

2.4 'N VERGELYKING VAN DIE GETAL STUDENTE IN ELKE STUDIERIGTING VOLGENS HUISTAAL

In tabel 2.3 word die getal studente in elke studierigting volgens huistaal aangedui.

TABEL 2.3

GETAL STUDENTE IN VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS VOLGENS HUISTAAL

Studierigting	Engelssprekend	Afrikaanssprekend	Engels- en Afrikaanssprekend	Duitssprekend	Nederlandsprekend	Praat ander tale	Totaal
Geesteswetenskappe	770 (44.0%)	914 (52.2%)	27 (1.5%)	28 (1.6%)	4 (0.2%)	7 (0.4%)	1750 (100.0%)
Natuurwetenskappe	443 (51.5%)	380 (44.1%)	12 (1.4%)	13 (1.5%)	5 (0.6%)	8 (0.9%)	861 (100.0%)
Ingenieurswese ....	267 (64.8%)	106 (25.7%)	8 (1.9%)	12 (2.9%)	5 (1.2%)	14 (3.4%)	412 (100.0%)
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde	37 (20.9%)	132 (74.6%)	3 (1.7%)	3 (1.7%)	1 (0.6%)	1 (0.6%)	177 (100.0%)
Mediese wetenskappe	255 (66.2%)	116 (30.1%)	7 (1.8%)	2 (0.5%)	4 (1.0%)	1 (0.3%)	385 (100.0%)
Handelwetenskappe	286 (58.0%)	187 (37.9%)	8 (1.6%)	2 (0.4%)	6 (1.2%)	4 (0.8%)	493 (100.0%)
Totaal vir elke huistaal	2058 (50.5%)	1835 (45.0%)	65 (1.6%)	60 (1.5%)	25 (0.6%)	35 (0.9%)	4078 (100.0%)

In tabel 2.3 merk ons dat die Engelssprekende groep <sup>1)</sup> van 2058 meer as die helfte naamlik 50.5% van die totaal, uitmaak. Hierna volg die Afrikaanssprekende groep 1835 (45.0%) met die ander groepe tesame wat minder as 5% van die totaal is.

Alhoewel die Afrikaanssprekende groep in studierigtings in die geesteswetenskappe in die meerderheid is met 52.2% teenoor 44.0% van die Engelssprekende groep en ook in studierigtings in Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde, naamlik 74.6% teenoor 20.9%, het hulle nog 'n groot agterstand by die keuse van studierigtings in die natuurwetenskappe (44.1% teenoor 51.5% van die Engelssprekendes), ingenieurswese (25.7% teenoor 64.8% van die Engelssprekendes), mediese wetenskappe (30.1% teenoor 66.2% van die Engelssprekendes) en handelwetenskappe (37.9% teenoor 58.0% van die Engelssprekendes).

1) Die huistaal van studente is van alle universiteite verkry behalwe die Universiteit van Kaapstad waar besluit is om volgens die student se naam en matrieksimbole sy huistaal vas te stel.

2.5 MATRIKULANTE VOLGENS HUISTAAL VERDEEL

Uit 'n totaal van 9853 matrikulante wat in November/Desember 1961 en Maart 1962 vrystelling in die matrikulasië-eksamen verworf het, was 'n getal<sup>1)</sup> van 4926 Afrikaanssprekend, dit wil sê presies die helfte. Hiervan is 1835 (37.2%) na universiteit.

Aangesien die res van die matrikulantegroep (4927) uit Engels-, Engels- en Afrikaans-, Duits-, Nederlandssprekendes en ander taalgroepe bestaan, kan aanvaar word dat hiervan nagenoeg 4427 suiwer Engelssprekend is<sup>2)</sup>. Ons kan dus aflei dat 2058 (46.5%) Engelssprekendes universiteit toe is.

- 
- 1) Hierdie beraamde getal is bepaal volgens huistale verstrekk deur sekere Onderwysdepartemente en die res volgens amptelike taal van die hoërskole en matrikulante wat Afrikaans Hoër Graad geneem het.
  - 2) Daar is besluit dat die orige 500 ( $\pm$  5%) matrikulante nie as Engels- of Afrikaanssprekendes geklassifiseer kan word nie.

'N VERGELYKING VAN DIE MATRIEKSIMBOLE WAT IN NOVEMBER/DESEMBER 1961 OF  
MAART 1962 DEUR EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1962 BEHAAL IS

3.1 METODE VAN VERGELYKING

Om 'n vergelyking tussen die prestasies van die groepe in elke vak te kon tref, is besluit om die gemiddelde persentasie in elke vak vir elke groep uit te werk. Omdat slegs die simbole beskikbaar was, is besluit op 'n gemiddelde persentasie vir elke simbool naamlik A - 85%, B - 75%, C - 65%, D - 55%, E - 45%, F -  $36 \frac{2}{3}$ %, en die ander FF, G en H - 30%.

So is persentasies vir die volgende vakke of groepe vakke uitgewerk:

- (i) Afrikaans (hoër en laer graad saamgevoeg)
- (ii) Engels (hoër en laer graad saamgevoeg)
- (iii) 'n Derde taal (Duits, Latyn, Bantoe- en ander tale saamgevoeg)
- (iv) Wiskunde
- (v) Natuur- en/of Skeikunde
- (vi) Biologie, Plant- en/of Dierkunde
- (vii) Ander natuurwetenskapvakke (Geologie, Meganika, Fisiologie en/of Gesondheidsleer)
- (viii) Boekhou
- (ix) Ander Handelsvakke (Handel, Ekonomie, Tik-, Snelskrif en/of Shorthand)
- (x) Geskiedenis en/of verwante sosiale vakke
- (xi) Aardrykskunde
- (xii) Kuns en Musiek
- (xiii) Ander vakke (Huishoudkunde en Naaldwerk, Houtwerk en Metaalwerk, Landbou- en/of tegniese vakke).

In die tabelle wat vervolgens bespreek word, word die volgende aangedui:

- (i) Teenoor elke groep studierigtings verskyn in sewe kolomme die getal kandidate wat 'n sekere simbool behaal het. Onder die getal tussen hakies is die getal uitgedruk as 'n persentasie van die totale getal vir daardie spesifieke simbool. Dit word gedoen om 'n beeld van die verspreiding van die getalle in elke simbool onder die verskillende studierigtings te gee en ook om op grond daarvan 'n verdeling te maak van die groep matrikulante wat nie universiteit toe gegaan het nie, volgens studierigtings vir elke vak soos in latere tabelle aangedui sal word.
- (ii) Die voorlaaste kolom toon aan, teenoor elke studiegroep, die getal studente in daardie studiegroep wat die spesifieke vak in matriek geneem het. Onderkant laasgenoemde syfer word dit uitgedruk as 'n persentasie van die totaal in daardie studiegroep.



- (iii) Die laaste kolom toon die gemiddelde persentasie aan wat behaal is deur elke groep in daardie spesifieke vak en bereken volgens die metode wat reeds bespreek is.

### 3.2 VAKKE WAT VERGELYK WORD

#### 3.2.1 Afrikaans

Die getal studente wat Afrikaans as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 3.1 aangedui. Afrikaans is deur 4040 (99.1%) eerstejaars as vak geneem. n Baie hoë persentasie in elke groep het die vak geneem en met die uitsondering van die groep met kursusse in ingenieurswese (97.6%) wissel die ander groepe van 99.0% tot 100%.

Die geesteswetenskaplike groep het die beste gemiddelde in Afrikaans, naamlik 61.4%, gevolg deur die natuurwetenskaplike groep (59.1%), mediese groep (58.3%), Landbou, Bosbou en Veeartsenykundige groep (58.3%), ingenieurswesegroep (56.5%) en handelsgroep (55.4%).

Wat die getal A's, B's en C's betref, het die geesteswetenskaplike groep die meeste (945) gevolg deur die natuurwetenskaplike groep (399), mediese groep (154), ingenieursgroep (150) en handelsgroep (142). Wanneer die eerste twee groepe se goeie simbole na verhouding bestudeer word, word bevind dat selfs na verhouding die geesteswetenskaplike groep meer A's, B's en C's as die natuurwetenskaplike groep het; 1733 in die geesteswetenskaplike groep is nagenoeg twee keer soveel as 855 in die natuurwetenskaplike groep sodat 67.5% A's heelwat meer is as 39.4% A's (2 x 19.7%), 55.2% B's heelwat meer is as 41.8% B's (2 x 20.9%) en 47.5% C's meer is as 43.8% C's (2 x 21.9%). Indien dieselfde vergelyking tussen die natuurwetenskaplike en mediese groepe gemaak word, is daar dieselfde persentasie A's, B's en C's na verhouding in albei groepe.

Daar kan dus aangeneem word dat die meeste kandidate met goeie simbole vir Afrikaans n studierigting in die geesteswetenskappe sal kies terwyl die tweede meeste kandidate met goeie simbole vir Afrikaans n natuurwetenskaplike studierigting sal kies.

#### 3.2.2 Engels

Die getal studente wat Engels as matriekvak geneem het, volgens studierigtings versprei, word in tabel 3.2 aangedui.

Die getal eerstejaar studente (4076 of 99.95%) wat Engels gevolg het, was hoër as dié wat Afrikaans gevolg het. Die twee kandidate wat nie Engels geneem het nie, word onder die geesteswetenskaplike studierigtings gevind.

Soos met Afrikaans het die geesteswetenskaplike groep n hoër gemiddelde in Engels as die ander groepe, naamlik 61.9%. Hierna volg die mediese groep (60.1%), natuurwetenskaplike groep (59.6%), ingenieurswesegroep (57.8%), handelsgroep (55.7%) en Landbou, Bosbou en Veeartsenykundige groep (55.2%).

Die geesteswetenskaplike groep het net soos in Afrikaans ook die meeste A's, B's en C's, naamlik (957) teenoor die natuurwetenskaplike groep (410), mediese groep (184), ingenieursgroep (160) en handelsgroep (140). Indien die geesteswetenskaplike groep en natuurwetenskaplike groep vergelyk word op soortgelyke wyse soos daar vir Afrikaans gedoen is, word daar w er bevind dat eersgenoemde groep (1748) omtrent twee keer so groot is as laasgenoemde groep (861). Na verhouding is 61.1% A's vir die geesteswetenskappe dus baie meer as 31.8% A's (2 x 15.9%) vir die natuurwetenskaplike groep. Ook die persentasie B's, naamlik 57.9%, is heelwat meer as 36% (2 x 18.0%) terwyl die persentasie C's nagenoeg gelyk is, naamlik 46.3% teenoor 47.2% (2 x 23.6%). As die mediese

TABEL 3.1

GETAL STUDENTE WAT AFRIKAANS AS MATRIEKVAK GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							Getal in studierigting (% van totaal in groep)	Gemiddelde %
	A (% A's van totale aantal A's)	B (% B's van totale aantal B's)	C (% C's van totale aantal C's)	D (% D's van totale aantal D's)	E (% E's van totale aantal E's)	F (% F's van totale aantal F's)	FF,G & H (% driipsimbole van totale aantal)		
Geesteswetenskappe .....	79 (67.5%)	282 (55.2%)	584 (47.5%)	540 (40.1%)	225 (28.3%)	21 (43.8%)	2 (22.2%)	1733 (99.0%)	61.4
Natuurwetenskappe	23 (19.7%)	107 (20.9%)	269 (21.9%)	265 (19.7%)	178 (22.8%)	12 (25.0%)	1 (11.1%)	855 (99.3%)	59.1
Ingenieurswese ..	5 (4.3%)	39 (7.6%)	106 (8.6%)	123 (9.1%)	119 (15.2%)	8 (16.7%)	2 (22.2%)	402 (97.6%)	56.5
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....		16 (3.1%)	51 (4.2%)	68 (5.1%)	41 (5.3%)	1 (2.1%)		177 (100.0%)	57.3
Mediese wetenskappe .....	8 (6.8%)	34 (6.7%)	112 (9.1%)	156 (11.6%)	71 (9.1%)	2 (4.2%)	1 (11.1%)	384 (99.7%)	58.3
Handelswetenskappe .....	2 (1.7%)	33 (6.5%)	107 (8.7%)	194 (14.4%)	146 (18.7%)	4 (8.3%)	3 (33.3%)	489 (99.2%)	55.4
Totaal .....	117 (100.0%)	511 (100.0%)	1229 (100.0%)	1346 (100.0%)	780 (100.0%)	48 (100.0%)	9 (100.0%)	4040 (99.1%)	

TABEL 3.2

GETAL STUDENTE WAT ENGELS AS MATHRIEKVAK GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							Getal in studierigting (% van totaal in groep)	Gemiddelde %
	A (% A's van totale aantal A's)	B (% B's van totale aantal B's)	C (% C's van totale aantal C's)	D (% D's van totale aantal D's)	E (% E's van totale aantal E's)	F (% F's van totale aantal F's)	FF, G & H (% druipsimbole van totale aantal)		
Vakke	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal in elke vak (% van groep)	Gemid- delde %
Afrikaans .....	8	34	112	156	71	2	1	384 (99.7%)	58.3
Engels .....	12	50	122	141	59	1		385 (100.0%)	60.1
Derde taal .....	23	29	66	80	58	16	4	276 (71.7%)	58.5
Wiskunde .....	33	66	112	95	56	16		378 (98.1%)	61.8
Natuur- en/of Skei- kunde .....	26	63	110	78	47	7	1	332 (86.2%)	62.6
Biologie .....	13	39	58	40	16	3	1	170 (44.2%)	63.9
Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesond- heidsleer .....		2	2	3		1		8 (2.1%)	60.2
Boekhou .....	8	9	12	15	2	3		49 (12.7%)	64.5
Handel, Ekonomie, Tik- en Snelskrif ...	2	1	5	4				12 (3.1%)	65.8
Geskiedenis .....	14	49	66	60	24	1	2	216 (56.1%)	63.0
Aardryskunde .....	2	9	20	33	8	3		75 (19.5%)	59.0
Kuns/Musiek .....	2	1	3	3	3	1		13 (3.4%)	59.8
Huishoudkunde, Hout- en Metaalwerk .....	2	5	11	5	5			28 (7.3%)	62.9
Totaal in groep								385	

Die vakke wat die meeste geneem is deur studente met studierigtings in die mediese wetenskappe, is, in volgorde, Engels (100.0%), Afrikaans (99.7%), Wiskunde (98.1%), Natuur- en/of Skeikunde (86.2%), n derde taal (71.7%) en Geskiedenis (56.1%). Minder populêr was Biologie (44.2%), Aardryskunde (19.5%), Boekhou (12.7%), Huishoudkunde, Hout- en Metaalwerk, landbou- en tegniese vakke (7.3%), Kuns en Musiek (3.4%), Handel, Ekonomie, Tik- en Snelskrif (3.1%), Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer (2.1%).

n Kenmerk van die prestasies van diegene met studierigtings in die mediese wetenskappe is hulle gemiddelde prestasies van om en by 60% vir nagenoeg alle vakke. Van die vakke wat deur meer as die helfte van die groep geneem is, is die

beste gemiddelde in Geskiedenis (63.0%), Natuur- en/of Skeikunde 62.6% en Wiskunde (61.8%) met 'n laer persentasie vir die tale nl. Engels (60.1%), 'n derde taal (58.5%) en Afrikaans (58.3%).

Sover dit die ander vakke betref is hoë gemiddeldes ook in Handel, Ekonomie, Tik- en Snelskrif (65.8%), Boekhou (64.5%) en Biologie (63.9%) behaal. Hierna volg Huishoudkunde, Metaal- en Houtwerk, landbou- en tegniese vakke (62.9%), Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer (60.2%), Kuns en Musiek (59.8%) en Aardrykskunde (59.0%).

Goeie prestasies is dus deur hierdie groep in Biologie, Natuur en/of Skeikunde en Wiskunde behaal maar nie heeltemal so goed soos deur diegene met studierigtings in die natuurwetenskappe en ingenieurswese nie. Soos met die vorige drie groepe bespreek, is die prestasies in die handelsvakke baie goed. Die tale se gemiddeldes is 'n bietjie swakker as vir die geesteswetenskaplike en natuurwetenskaplike groepe dog beter as dié van die ingenieursgroep. Kenmerkend is dat so 'n hoë persentasie van die mediese groep Geskiedenis as vak gehad het en die beste van alle groepe daarin presteer het.

4.7 EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE HANDELSWETENSKAPPE, ONTLEED VOLGENS Matriekvakke en Vakprestasies

TABEL 4.6

VERSPREIDING VAN Matriekvakke en -simbole vir studente met studierigtings in die Handelswetenskappe

Vakke	A	B	C	D	E	F	FF, G, H	Totaal in elke vak (% van groep)	Gemiddelde %
Afrikaans .....	2	33	107	194	146	4	3	489 (99.2%)	55.4
Engels .....	5	28	107	214	136	3		493 (100.0%)	55.7
Derde taal .....	11	13	36	48	51	7	2	168 (34.1%)	56.6
Wiskunde .....	31	73	114	134	110	19	5	486 (98.6%)	59.0
Natuur- en/of Skeikunde	15	36	94	148	91	17	5	406 (82.3%)	56.9
Biologie .....	6	17	39	43	24	7	1	137 (27.8%)	58.8
Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer .....	1	1	1	1	2			6 (1.2%)	61.7
Boekhou .....	38	64	75	54	15	3		249 (50.5%)	66.9
Handel, Ekonomie, Tik- en Snelskrif .....	2	13	8	15	11	2		51 (10.3%)	60.0
Geskiedenis .....	12	38	88	78	50	14	3	283 (57.4%)	59.1
Aardrykskunde .....	3	11	24	58	39	9	1	145 (29.4%)	54.8
Kuns/Musiek .....			3	4	2			9 (1.8%)	56.1
Huishoudkunde, Hout- en Metaalwerk, ens. ....	2	2	9	17	6		1	37 (7.5%)	57.8

Totaal in groep 493

...../28

Engels (100,0%), Afrikaans (99.2%), Wiskunde (98.6%), Natuur- en/of Skeikunde (82.3%), Geskiedenis (57.4%) en Boekhou (50.5%) is vakke wat deur meer as die helfte van hierdie groep eerstejaarstudente vir matriek genceem is. Minder as die helfte het n derde taal (34.1%), Aardrykskunde (29.4%), Biologie (27.8%), Handel, Ekonomie, Tik- en Snelskrif (10.3%), Huishoudkunde, Hout- en Metaalwerk, landbou- en tegniese vakke (7.5%), Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer (1.2%) en Kuns en Musiek (1.8%) genceem.

Hierdie groep se gemiddelde prestasies in die verskillende vakke is oor die algemeen laer as dié van die ander groepe, nogtans is die prestasie in boekhou (66.9%) besonder goed in vergelyking met die beste gemiddeldes van die ander groepe. Van die ander meer populêre vakke is die volgorde van gemiddelde persentasies soos volg: Geskiedenis (59.1%), Wiskunde (59.0%), Natuur- en/of Skeikunde (56.9%), Engels (55.7%) en Afrikaans (55.4%).

Vir die ander vakke is die volgorde van gemiddelde prestasies Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer (61.7%), Handel, Ekonomie, Tik- en Snelskrif (60.0%), Biologie (58.8%), Huishoudkunde, Metaal- en Houtwerk, landbou- en tegniese vakke (57.8%), n derde taal (56.6%), Kuns en Musiek (56.1%) en Aardrykskunde (54.8%).

Hierdie groep het dus die beste in matriek in die handelsvakke presteer, met redelik goeie prestasies in Geskiedenis, Wiskunde en die natuurwetenskaplike vakke maar swakker prestasies in tale en ander vakke.

#### 4.8 VERGELYKENDE DIAGRAMME VAN DIE GEMIDDELDE PRESTASIE IN ELKE MATRIEKVAK VIR EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE VERSKILLENDE GROEPE STUDIERIGTINGS

Figuur 1 gee n vergelyking van die gemiddelde prestasie in elke matriekvak of groep matriekvakke vir die verskillende eerstejaarstudiegroepe.

FIGUUR 1

'N VERGELYKING VAN DIE Matrieksimbole wat in November/  
Desember 1961 of Maart 1962 deur diegene wat in 1962  
nie na universiteit is nie en diegene wat wel na  
universiteit is, behaal is

### 5.1 ALGEMENE OORSIG

Soos voorheen genoem, is 5775 (58.6%) van die 9853 kandidate wat die matriekulasie-eksamen met volle vrystelling in November/Desember 1961 of Maart 1962 geslaag het, nie in 1962 na 'n universiteit nie. Van hulle is 1483 (44.22%) van die 3353 eerste-klasse met volle vrystelling nie in 1962 na 'n universiteit nie.

Vervolgens word vir elke vak 'n vergelyking getref tussen die getal wat nie na 'n universiteit in 1962 gegaan het nie en die getal wat wel gegaan het, dit wil sê slegs diegene in kursusse waarvoor volle vrystelling vereis word. Hierdie vergelyking word ten opsigte van elke simbool gedoen.

Wanneer ons die verhoudings tussen die twee groepe vir elke simbool vergelyk, blyk dit dat diegene met A-simbole oorwegend na universiteit gegaan het (ongeveer twee keer soveel). Die groep met A-simbole wat nie na universiteit gegaan het nie, is nogtans onrusbarend hoog. Sover dit B-simbole betref, is die groep wat na universiteit gegaan het, vir meeste vakke nog in die meerderheid terwyl die C-simbole by die groep wat nie na universiteit gegaan het nie, vir meeste vakke meer is. Vir alle laer simbole is die getalle wat nie na universiteit gegaan het nie, vir meeste vakke in die meerderheid.

As die groep wat nie na universiteit gegaan het nie, onder oënskou geneem word, is dit moeilik om volgens elke vak presies vas te stel wat die laagste simbool moes wees om werklik universiteitspotensiaal aan te dui. Eintlik voldoen die hele groep aan die vereistes om na universiteit te gaan maar kandidate met 'n C (of selfs 'n D) en hoër moet as besonder talentvol beskou word.

### 5.2 VAKKE WAT VERGELYK WORD

#### 5.2.1 Afrikaans

Die getal studente en nie-studente wat Afrikaans as matriekvak geneem het, word in tabel 5.1 aangedui.

TABEL 5.1  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT AFRIKAANS AS  
Matriekvak GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole							Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	F <sup>1</sup> , G, H		
Nie na universiteit in 1962	53 31.2%	430 45.7%	1453 54.2%	2263 62.7%	1435 64.8%	77 61.6%	17 65.4%	5728 58.6%	1936 51.04%
Eerste-jaarstudente aan universiteit in 1962	117 68.8%	511 54.3%	1229 45.8%	1346 37.3%	780 35.2%	48 38.4%	9 34.6%	4040 41.4%	1857 48.96%
Totaal	170 100.0%	941 100.0%	2682 100.0%	3609 100.0%	2215 100.0%	125 100.0%	26 100.0%	9768 100.0%	3793 100.0%



Van die matrikulante het 5728 (58.6%) wat Afrikaans as vak geneem het, nie universiteit toe gegaan nie teenoor die 4040 (41.4%) wat wel gegaan het. Dit wil sê amper 3 uit elke 5 matrikulante het nie ingeskryf vir n kursus waarvoor vrystelling n vereiste is nie.

Die universiteitsgroep met A-simbole is nagenoeg twee keer die grootte van die nie-universiteitsgroep (68.8%) teenoor 31.2%. Diegene met B's in Afrikaans is vir die universiteitsgroep nog in die meerderheid terwyl die omgekeerde waar is vir die verdeling van die matrikulante met C-simbole. Van die totale aantal met A's, B's, en C's het die nie-universiteitsgroep die grootste gedeelte, naamlik 1936 of 51.04%. Wanneer die totale aantal met A's, B's, C's en D's vergelyk word, word daar bevind dat nog n groter persentasie in die nie-universiteitsgroep is. Dit is sorgwekkend dat so'n groot groep talentvolle matrikulante (dit wil sê matrikulante met simbole beter as die gemiddelde prestasie van eerstejaarstudente in alle studierigtings met uitsondering van dié in die geesteswetenskappe waar die gemiddelde 61.4% is) nie universiteit toe gegaan het nie.

### 5.2.2 Engels

Die getal studente en nie-studente wat Engels as matriekvak geneem het, word in tabel 5.2 aangedui.

TABEL 5.2  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT ENGELS AS MATRIEKVAK  
GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal	
Nie na universiteit in 1962	72 36.4%	356 40.8%	1351 51.8%	2325 61.0%	1654 71.0%	15 50.0%	2 100.0%	5775 58.6%	1779 48.4%
Eerstejaarstudente aan universiteit in 1962	126 63.6%	516 59.2%	1256 48.2%	1489 39.0%	674 29.0%	15 50.0%		4076 41.4%	1898 51.6%
Totaal	198 100.0%	872 100.0%	2607 100.0%	3814 100.0%	2328 100.0%	30 100.0%	2 100.0%	9851 100.0%	3677 100.0%

Die persentasie van die totale aantal matrikulante wat nie universiteit toe is nie, is net soos in Afrikaans 58.6%, dit wil sê weer 3 uit ongeveer elke 5 matrikulante.

Na verhouding het heelwat meer matrikulante met A-simbole in Engels (36.4% van die totale aantal A's) nie na universiteit in 1962 gegaan nie as wat die geval van matrikulante met A-simbole in Afrikaans (31.2%) was. Daar is egter nog amper twee keer soveel matrikulante met n A-simbool in Engels, na universiteit. Die verhouding van matrikulante met B-simbole na universiteit tot dié met B-simbole nie na universiteit, is ongeveer 3 tot 2 (59.2% tot 40.8%) wat heelwat beter is as in die geval van Afrikaans. Meer matrikulante met C-simbole in Engels is nie universiteit toe nie, nl. 51.8% van die totale aantal met n C.

As die totale getal matrikulante met A's, B's en C's vergelyk word, blyk dit dat diegene wat na n universiteit is, nog in die meerderheid is met 1898 (53.1%) teenoor die ander met 1779 (46.9%). Wanneer die aantal met A's, B's, C's en D's bymekaar getel word, blyk dit dat die grootste gedeelte van hierdie totaal nie na universiteit is nie. Vir die vak Engels is daar dus omtrent die helfte van diegene met goeie prestasies wat nie in 1962 universiteit toe is nie.

## 5.2.3 'n Derde taal

Die getal studente en nie-studente wat 'n derde taal as matriekvak geneem het, word in tabel 5.3 aangedui.

TABEL 5.3  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT 'N DERDE TAAL AS  
MATRIEKVAK GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H			
Nie na uni- versiteit in 1962	90 33.7%	153 30.4%	519 47.0%	806 52.3%	854 58.6%	246 60.7%	112 79.4%	2780 51.3%	762 40.6%	
Eerstejaar- studente aan univer- siteite in 1962	177 66.3%	351 69.6%	585 53.0%	735 47.7%	603 41.4%	159 39.3%	29 20.6%	2639 48.7%	1113 59.4%	
Totaal	267 100.0%	504 100.0%	1104 100.0%	1541 100.0%	1457 100.0%	405 100.0%	141 100.0%	5419 100.0%	1875 100.0%	

Meer as die helfte nl. 2780 leerlinge (51.3%) wat 'n derde taal in matriek geneem het en 2668 (50.6%) van diegene wat in 'n derde taal in matriek geslaag het, is nie na universiteit nie.

'n Bietjie meer as 'n derde van die matrikulante met 'n A-simbool in 'n derde taal het nie in 1962 na 'n universiteit gegaan nie. Die persentasie van diegene met B-simbole wat nie universiteit toe is nie, is 'n bietjie laer, nl. 30.5% maar amper die helfte van die matrikulante met 'n C-simbool (47.0%) is nie na universiteit nie. Die totaal van diegene met A's, B's en C's is 762 (40.6%) teenoor 1113 (59.4%) van dié met dergelike simbole wat universiteit toe is. Indien die totale van die getal met A's, B's, C's en D's vergelyk word, is daar 1568 (45.7%) nie na universiteit nie teenoor die 1848 (54.1%) wat wel gegaan het.

Alhoewel 2780 (51.3%), meer as die helfte matrikulante met 'n derde taal, nie na universiteit is nie, is die groep met goeie prestasies in die derde taal nie so groot as dié in die amptelike tale nie. Die feit dat 2 uit elke 5 matrikulante met 'n C-simbool of hoër nie ingeskryf het vir studierichtings waarvoor vrystelling 'n vereiste is nie, is belangrik.

5.2.4 Wiskunde

Die getal studente en nie-studente wat Wiskunde as matriekvak geneem het, word in tabel 5.4 aangedui.

TABEL 5.4  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT WISKUNDE AS Matriekvak  
GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H			
Nie na uni- versiteit in 1962	268 41.4%	474 46.2%	869 52.2%	1353 59.8%	1585 69.1%	488 68.7%	129 76.3%	5166 58.9%	1611 48.2%	
Eerstejaar- studente aan universiteit in 1962	380 58.6%	553 53.8%	795 47.8%	908 40.2%	710 30.9%	222 31.3%	40 23.7%	3608 41.1%	1728 51.8%	
Totaal	648 100.0%	1027 100.0%	1664 100.0%	2261 100.0%	2295 100.0%	710 100.0%	169 100.0%	8774 100.0%	3339 100.0%	

Soveel as 5166 (58.9%) uit n totaal van 8774 matrikulante met Wiskunde, het nie ingeskryf vir kursusse aan die universiteit in 1962 nie. Selfs al word die getal druipelinge (129) afgetrek, word daar nog bevind dat 58.4% van diegene wat Wiskunde in matriek geslaag het, nie onder die universiteitsgroep was nie. Die feit dat amper 3 uit elke 5 kandidate in 1962 wat Wiskunde in matriek geslaag het, nie ingeskryf het vir n kursus waarvoor vrystelling n vereiste is nie, moet beskou word as n groot verlies aan potensiaal.

Indien die groot getal leerlinge met A's in die tale wat nie universiteit toe gegaan het nie as onrusbarend beskou word, is die groot getal met A's in Wiskunde, nl. 268 (41.4% van die totale aantal A's in Wiskunde) wat nie na universiteit gegaan het nie, nog meer sorgwekkend. Die getal A's, B's en C's nl. 1611 (48.2%) wat nie na universiteit gegaan het nie, moet as belangrik beskou word in die lig van beperkinge wat sekere universiteite stel deur bv. net kandidate met n C-simbool of hoër op te neem vir kursusse in die ingenieurswese.

#### 5.2.5 Natuur- en/of Skeikunde

Die getal studente en nie-studente wat Natuur- en/of Skeikunde as matriekvak gevolg het, word in tabel 5.5 aangedui.

TABEL 5.5  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT NATUUR- EN/OF SKEIKUNDE AS Matriek-  
vak GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H			
Nie na uni- versiteit in 1962	114 32.1%	374 43.9%	816 51.3%	1226 60.9%	1085 67.3%	225 70.8%	53 81.5%	3893 57.2%	1304 46.6%	
Eerstejaar- studente aan univer- siteit in 1962	241 67.9%	478 56.1%	774 48.7%	788 39.1%	526 32.7%	93 29.2%	12 18.5%	2912 42.8%	1493 53.4%	
Totaal	355 100.0%	852 100.0%	1590 100.0%	2014 100.0%	1611 100.0%	318 100.0%	65 100.0%	6805 100.0%	2797 100.0%	

In vergelyking met Wiskunde het n bietjie minder naamlik 3893 (57.2%) van diegene met Natuur- en/of Skeikunde teenoor 58.9% van Wiskunde nie na universiteit gegaan nie. Van diegene wat suksesvol was in die natuurwetenskaplike vakke op skool, het 3840 (57.0%) nie na universiteit gegaan nie. Die hoeveelheid potensiaal wat dus verlore gegaan het, is nogtans sorgwekkend.

Indien diegene met goeie prestasies in Natuur- en/of Skeikunde wat nie universiteit toe is nie, vergelyk word met die ander, word daar bevind dat 32.1% A's teenoor 67.9% A's (omtrent 1 : 2) en 1304 (46.6%) A's, B's, en C's teenoor 1493 (53.4%) van die universiteitsgroep is. Wat die getal A's, B's, C's en D's betref, is 2530 nie na universiteit teenoor 2281 wat wel na n universiteit is. Aangesien die gemiddelde prestasie in Natuur- en /of Skeikunde vir studente met studierigtings in die geestes- en handelswetenskappe n D is, moet die 2530 matrikulante wat n D-simbool en hoër gekry het en nie na universiteit in 1962 is nie, as verlore talent beskou word.

#### 5.2.6 Biologie, Plant- en/of Dierkunde

Die getal studente en nie-studente wat Biologie, Plant- en/of Dierkunde as matriekvakke geneem het, word in tabel 5.6 aangedui.

TABEL 5.6  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT BIOLOGIE, PLANT- EN/OF  
DIERKUNDE AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H			
Nie na uni- versiteit in 1962	46 33.1%	240 44.0%	644 53.6%	1085 64.3%	710 69.2%	65 59.1%	21 77.8%	2811 59.3%	930 49.3%	
Eerstejaar- studente aan universiteit in 1962	93 66.9%	305 56.0%	558 46.4%	603 35.7%	316 30.8%	45 40.9%	6 22.2%	1926 40.7%	956 50.7%	
Totaal	139 100.0%	545 100.0%	1202 100.0%	1688 100.0%	1026 100.0%	110 100.0%	27 100.0%	4737 100.0%	1886 100.0%	

Van die matrikulante het 2811 (59.3%) matrikulante met Biologie, Plant- en/of Dierkunde as vak nie na universiteit in 1962 gegaan nie. Die getal wat in die vak geslaag het en nie na universiteit gegaan het nie, is 2790 (59.2%). Soos met die vorige vakke is dit weer eens 3 uit elke 5 kandidate wat nie in 1960 vir kursusse wat vrystelling vereis, ingeskryf het nie.

Alhoewel daar nie so baie A's in Biologie, Plant- en/of Dierkunde was soos in Wiskunde en Natuur- en/of Skeikunde nie, het nogtans 46 (33.1%) van diegene met n A in Biologie nie na n universiteit gegaan nie. 930 (49.3%) van die groep met A's, B's en C's, dit wil sê feitlik die helfte, is nie in 1962 na universiteit nie. Wanneer die getal matrikulante met D-simbole bygetel word, is daar 2015 teenoor 1559 wat universiteit toe is. Meer as die helfte van die getal matrikulante met n D-simbool en hoër is dus nie in 1962 na universiteit nie.

5.2.7 Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer

Die getal studente en nie-studente wat Geologie, Meganika Fisiologie en Gesondheidsleer as matriekvak geneem het, word in tabel 5.7 aangedui.

TABEL 5.7

GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT GEOLOGIE, MEGANIKA, FISIOLOGIE EN/OF GESONDHEIDSLEER AS Matriekvakke GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H			
Nie na universiteit in 1962		26 61.9%	30 55.6%	46 63.9%	41 68.3%	10 71.4%	5 71.4%	158 58.9%	56 48.7%	
Eerstejaarstudente aan universiteite in 1962	19 100.0%	16 38.1%	24 44.4%	26 36.1%	19 31.7%	4 28.6%	2 28.6%	110 41.1%	59 51.3%	
Totaal	19 100.0%	42 100.0%	54 100.0%	72 100.0%	60 100.0%	14 100.0%	7 100.0%	268 100.0%	115 100.0%	

Hierdie groep vakke vind meer aansluiting by Wiskunde, Natuur- en/of Skeikunde en Biologie en toon dan ook dieselfde verspreiding in simbole. Van die matrikulante wat hierdie vakke geneem het, het 158 of 58.9% nie na universiteit gegaan nie, sook 153(58.6%) van die wat geslaag het.

Alhoewel geen kandidate met A's onder die nie-universiteitsgroep getel kan word nie, het heelwat meer van dié met B's(61.9%) en C's (55.6%) nie universiteit toe gegaan nie, in vergelyking met die getal wat wel gegaan het.

5.2.8 Boekhou

Die getal studente en nie-studente wat Boekhou as matriekvak geneem het, word in tabel 5.8 aangedui.

TABEL 5.8

GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT BOEKHOU AS Matriekvak GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H			
Nie na universiteit in 1962	84 44.2%	219 57.0%	416 68.1%	547 76.8%	296 77.7%	71 80.7%	25 92.6%	1658 69.3%	719 60.7%	
Eerstejaarstudente aan universiteite in 1962	106 55.8%	165 43.0%	195 31.9%	165 23.2%	85 22.3%	17 19.3%	2 7.4%	735 30.7%	466 39.3%	
Totaal	190 100.0%	384 100.0%	611 100.0%	712 100.0%	381 100.0%	88 100.0%	27 100.0%	2393 100.0%	1185 100.0%	

Meer as twee-derdes van die matriculante wat Boekhou geneem het, nl. 1658 (69.3%), is nie in 1962 na universiteit nie, asook 1633 of 69.0% van dié wat Boekhou in matriek geslaag het. In vergelyking met die getalle in die voorafgaande vakke is dit nog meer sorgwekkend.

Van die matriculante het 84 (44.2%) van dié met A's, 219 (57.0%) van dié met B's en 416 (68.1%) van die met C's of 719 (60.7%) van dié met A's, B's en C's nie na universiteit gegaan nie. Met ander woorde 3 uit elke 5 van diegene met 'n goeie prestasie in Boekhou het nie ingeskryf vir 'n kursus waarvoor matriekvrystelling nodig was nie. Dit moet gesien word in die lig van die gemiddelde prestasies van omtrent 'n C-simbool vir alle studierigtings. Hiervan kan ons dus aflei dat meer matriculante met hoër simbole as dié gemiddelde, van alle studierigtings nie na universiteit is nie in vergelyking met die matriculante wat wel gegaan het.

#### 5.2.9 Handel, Ekonomie, Tik- en/of Snelskrif

Die getal studente en nie-studente wat Handel, Ekonomie, Tik- en/of Snelskrif as matriekvak gevolg het, word in tabel 5.9 aangedui.

TABEL 5.9  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT HANDEL, EKONOMIE, TIK- EN/OF  
SNELSKRIF AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	To- taal	A+B+C
Nie na uni- versiteit in 1962	23 60.5%	51 54.8%	95 67.4%	64 49.6%	70 67.3%	29 85.3%	10 83.3%	342 62.1%	169 62.1%
Eerstejaar- studente aan univer- siteite in 1962	15 39.5%	42 45.2%	46 32.6%	65 50.4%	34 32.7%	5 14.7%	2 16.7%	209 37.9%	103 37.9%
Totaal	38 100.0%	93 100.0%	141 100.0%	129 100.0%	104 100.0%	34 100.0%	12 100.0%	551 100.0%	272 100.0%

Groot ooreenstemming met Boekhou word gevind wanneer die verdeling van simbole vir hierdie groep handelsvakke bestudeer word. Van die matriculante het 342 (62.1%) met een van hierdie handelsvakke in matriek, nie universiteit toe gegaan nie.

Die getal leerlinge wat C of hoër simbole vir matriek behaal het en wat nie na 'n universiteit is nie, is nogal aansienlik, nl. 169 (62.1%) of 3 uit elke 5.

#### 5.2.10 Geskiedenis en ander sosiale vakke

Die getal studente en nie-studente wat Geskiedenis en ander sosiale vakke as matriekvakke geneem het, word in tabel 5.10 aangedui.

TABEL 5.10  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT GESKIEDENIS EN/OF ANDER  
SOSIALE VAKKE AS Matriekvakke GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H			
Nie na uni- versiteit in 1962	116 42.2%	331 42.7%	745 51.0%	974 60.5%	802 67.4%	116 56.6%	99 89.2%	3183 56.6%	1192 47.5%	
Eerstejaar- studente aan univer- siteite in 1962	159 57.8%	445 57.3%	714 49.0%	635 39.5%	388 32.6%	89 43.4%	12 10.8%	2442 43.4%	1318 52.5%	
Totaal	275 100.0%	776 100.0%	1459 100.0%	1609 100.0%	1190 100.0%	205 100.0%	111 100.0%	5625 100.0%	2510 100.0%	

Van die 5625 matrikulante met Geskiedenis as vak, het 3183 (56.6%) nie na universiteit gegaan nie terwyl die 3084 (55.9%) van diegene wat die vak geslaag het, hulle nie aangemeld het vir kursusse waarvoor vrystelling vereis word nie.

Indien die syfers vir die matrikulante met goeie simbole (dit wil sê 'n C-simbool en hoër) bestudeer word, blyk dit dat 1192 (47.5%) nie na universiteit is nie, teenoor 1318 (52.5%) wat wel na universiteit gegaan het. Dit wil sê amper die helfte van die goeie potensiaal in Geskiedenis is nie universiteit toe nie. Hiervan het 116 of 42.20% van diegene met 'n A in Geskiedenis nie na 'n universiteit gegaan nie.

Van die matrikulante wat nie universiteit toe is nie, het 1192 (47.5%) dus dieselfde of beter simbole as die gemiddelde van alle studierigtings aangesien slegs die eerstejaars met studierigtings in die geestes-, mediese en natuurwetenskappe 'n gemiddelde prestasie van 'n C-simbool in Geskiedenis behaal het.

(Die ander sosiale vakke wat by Geskiedenis gereken is, maak minder as 1% van die totaal uit.)

#### 5.2.11 Aardrykskunde

Die getal studente en nie-studente wat Aardrykskunde as matriekvak geneem het, word in tabel 5.11 aangedui.

TABEL 5.11  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT AARDRYKSKUNDE AS Matriekvak  
GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H			
Nie na uni- versiteit in 1962	7 16.3%	59 37.6%	291 55.6%	617 61.1%	590 72.1%	135 73.8%	24 68.6%	1723 62.2%	357 49.4%	
Eerstejaar- studente aan uni- versiteite in 1962	36 83.7%	98 62.4%	232 44.4%	392 38.9%	228 27.9%	48 26.2%	11 31.4%	1045 37.8%	366 50.6%	
Totaal	43 100.0%	157 100.0%	523 100.0%	1009 100.0%	818 100.0%	183 100.0%	35 100.0%	2768 100.0%	723 100.0%	

Vir Aardrykskunde is die persentasie matrikulante wat nie universiteit toe is nie, hoër as in Geskiedenis en na Boekhou en die groep vakke Huishoudkunde, Metaal- en Houtwerk ens. seker die hoogste vir alle vakke. Van die leerlinge wat die vak in matriek geneem het, het 1723(62.2%) en 1699(62.2%) van dié wat dit geslaag het, nie universiteit toe gegaan nie, dit wil sê weer ongeveer 3 uit elke 5.

Alhoewel slegs 7 (16.3%) van die matrikulante met 'n A-simbool in matriek nie na universiteit is nie, is diegene met B-, C- en D-simbole heelwat hoër. Van die matrikulante het 357 (49.4%) met A-, B- of C-simbole nie na universiteit gegaan nie teenoor 366 (50.6%) wat wel gegaan het terwyl 974 met A-, B-, C- of D-simbole nie gegaan het nie teenoor 758 wat gegaan het. Die gemiddelde prestasie van die matrikulante wat universiteit toe is, is maar laag en vir alle studierigtings 'n D-simbool en om hierdie rede verteenwoordig die 974 met 'n D-simbool of hoër 'n aansienlike verlies aan potensiaal.

#### 5.2.12 Kuns en/of Musiek

Die getal studente en nie-studente wat Kuns en/of Musiek as matriekvak geneem het, word in tabel 5.12 aangedui.

TABEL 5.12  
GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT KUNS EN/OF MUSIEK AS Matriek-  
Vakke GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole								
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal	A+B+C
Nie na uni- versiteit in 1962	11 40.7%	37 42.0%	97 56.4%	109 57.1%	57 62.6%	10 62.5%		321 54.7%	145 50.5%
Eerstejaar- studente aan uni- versiteite in 1962	16 59.3%	51 58.0%	75 43.6%	82 42.9%	34 37.4%	6 37.5%	2 100.0%	266 45.3%	142 49.5%
Totaal	27 100.0%	88 100.0%	172 100.0%	191 100.0%	91 100.0%	16 100.0%	2 100.0%	587 100.0%	287 100.0%

321(54.7%) Matrikulante met Kuns of Musiek as vak, het nie ingeskryf vir 'n kursus wat vrystelling aan 'n universiteit vereis nie. 145 (50.5%) van diegene met 'n C-simbool of hoër het nie universiteit toe gegaan nie teenoor 142 (49.5%) wat wel gegaan het, dit wil sê omtrent die helfte van dié met goeie simbole in Kuns of Musiek.

#### 5.2.13 Huishoudkunde en verwante vakke, Hout- en Metaalwerk, landbou- vakke en tegniese vakke

Die getal studente en nie-studente wat Huishoudkunde en verwante vakke, Hout- en Metaalwerk, landbouvakke en tegniese vakke as matriekvakke gevolg het, word in tabel 5.13 aangedui.



TABEL 5.13  
 GETAL STUDENTE EN NIE-STUDENTE WAT HUISHOUDKUNDE EN VERWANTE VAKKE,  
 HOUT- EN METAALWERK, LANDBOUVAKKE EN/OF TEGNIESE VAKKE AS Matriek-  
 VAKKE GENEEM HET

Groep	Matrieksimbole							Totaal	A+B+C
	A	B	C	D	E	F	FF, G, H		
Nie na universiteit in 1962	20 47.6%	131 63.6%	385 70.4%	396 70.7%	131 72.4%	17 77.3%	3 75.0%	1083 69.3%	536 67.4%
Eerste-jaar-studente aan universiteit in 1962	22 52.4%	75 36.4%	162 29.6%	164 29.3%	50 27.6%	5 22.7%	1 25.0%	479 30.7%	259 32.6%
Totaal	42 100.0%	206 100.0%	547 100.0%	560 100.0%	181 100.0%	22 100.0%	4 100.0%	1562 100.0%	795 100.0%

Die matrikulante wat nie in 1962 na universiteit is nie, is vir hierdie groep vakke saam met Boekhou die hoogste, nl. 69.3% of 1083 van die 1562; 1080 van hulle het in een of ander van hierdie vakke geslaag.

Matrikulante met goeie prestasies in Huishoudkunde, Hout- en Metaalwerk, landbou- en tegniese vakke wat nie universiteit toe is nie, is vir hierdie groep vakke ook besonder hoog, nl. 20 (47.6%) van diegene met n A-simbool, 131 (63.6%) van diegene met n B-simbool en 385 (70.4%) van diegene met n C-simbool of as die getalle bymekaar getel word, 536 (67.4%) teenoor 259 (32.6%), dit wil sê nagenoeg twee-derdes teenoor een-derde wat universiteit toe is.

### 5.3 SAMEVATTING

Hieruit kan daar afgelei word dat vir bykans elke vak meer as die helfte van die potensiaal nie na universiteit gegaan het nie.<sup>1)</sup> As die verspreiding van die goeie simbole bestudeer word, kan daar gesê word dat omtrent die helfte van die besondere potensiaal vir feitlik elke vak nie na universiteit gegaan het nie.

Alhoewel hierdie nie-universiteitsgroep besonder groot is vir die tale en vir die sosiale studies, is die grootte van die groep in Wiskunde en die natuurwetenskappe sorgwekkend. Dieselfde bewering geld vir die handelsvakke alhoewel n groot aantal persone wat handelsvakke na matriek geneem het, blykbaar tot besighede toegetree het.

1) Hiermee bedoel ons dat hulle nie ingeskryf het vir kursusse waarvoor volle matriekstatus vereiste is nie. Die groepie matrikulante wat vir ander kursusse ingeskryf het, moet nogtans as verlore universiteitspotensiaal beskou word.

HOOFSTUK 6

'N TENTATIEWE VERDELING IN STUDIERIGTINGS VAN DIE GROEP  
MATRIKULANTE WAT NIE UNIVERSITEIT TOE GEGAAN HET NIE

6.1 ALGEMENE OORSIG

Die 5775 matrikulante wat nie universiteit toe gegaan het nie, word nou in die ses groepe studierigtings verdeel asof hulle universiteit toe sou gegaan het. Hierdie verdeling word gemaak op grond van die verspreiding van diegene wat wel universiteit toe gegaan het volgens tabelle wat vroeër opgestel is.

Voorspellings is gemaak op grond van die groottotale in die verskillende studierigtings en ook volgens die verspreiding in elke vak.

Die persentasie wat elke groep studierigtings van matrikulante met 'n spesifieke simbool in elke vak getrek het, is as basis gebruik om daardie matrikulante wat nie universiteit toe gegaan het nie en 'n ooreenstemmende simbool in daardie vak behaal het, in studiegroepe te verdeel.

By 'n ontleding van 'n bepaalde vak sal daar gevind word dat die studierigtings wat die grootste persentasie goeie matrikulante getrek het, uit die matrikulante wat nie universiteit toe gegaan het nie, ook die grootste persentasie beste prestasies behoort te kry sodat die ander studierigtings dan met 'n groter groep swakkeres gelaat sal word.

In die eerste tabel word die nie-universiteitsgroep verdeel volgens die persentasie studente in elke groep studierigtings van die universiteitsgroep 'n Verdeling van diegene met eerste-klasse in hierdie groep word ook gemaak.

TABEL 6.1

VERDELING VAN DIE NIE-UNIVERSITEITSGROEP  
IN DIE SES GROEPE STUDIERIGTINGS

Studierigtings	Eersteklasse	Tweedeklasse	Totaal
Geesteswetenskappe .....	578	1900	2478
Natuurwetenskappe .....	378	841	1219
Ingenieurswese .....	175	409	584
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	56	193	249
Mediese wetenskappe .....	165	380	545
Handelwetenskappe .....	131	569	700
Totaal .....	1483	4292	5775

Hiervolgens kan dan voorspel word dat indien die nie-universiteitsgroep na universiteit sou gaan, die geesteswetenskaplike studierigtings weer die meeste sou trek, nl. 2478

waarvan 578 n eersteklas behaal het. Die natuurwetenskaplike groep sou omtrent die helfte van dié getal van die geesteswetenskaplike groep trek, nl. 1219 waarvan 378 eersteklasse is. Die handelswetenskaplike groep met 700 sou die derde meeste trek. Dan volg die ingenieursgroep met 584, die mediese groep met 545 en die ander groep met 249.

6.2 VERDELING VAN DIE NIE-UNIVERSITEITSGROEP VOLGENS VAKKE

6.2.1 Afrikaans

Die getal nie-studente wat Afrikaans as matriekvak geneem het, volgens studierigtings versprei, word in tabel 6.2 aangedui.

TABEL 6.2

GETAL NIE-STUDENTE WAT AFRIKAANS AS MATRIEKVAK GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							Totaal
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	
Geesteswetenskappe .....	36	237	690	907	414	34	4	2322
Natuurwetenskappe .....	10	90	318	446	327	19	2	1212
Ingenieurswese .....	2	33	125	206	218	13	4	601
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....		13	61	115	76	2		267
Mediese wetenskappe .....	4	29	132	263	131	3	2	564
Handelwetenskappe .....	1	28	127	326	269	6	5	762
Totaal .....	53	430	1453	2263	1435	77	17	5728

Totaal in nie-universiteitsgroep.. 5775

Volgens tabel 6.2 is die totaal van 2322 wat dan n geesteswetenskaplike studierigting sou inslaan heelwat kleiner as die 2478 van die vorige tabel, al sou selfs die grootste gedeelte van die 47 wat nie Afrikaans as vak gehad het nie, bygetel word. Die rede hiervoor is dat die nie-universiteitsgroep in Afrikaans swakker presteer het as die universiteitsgroep sodat die geesteswetenskaplike groep met die beste gemiddelde prestasie in Afrikaans dus n kleiner gedeelte van die swakker groep sou trek. Die omgekeerde is waar van studierigtings in die ingenieurswese, mediese- en handelwetenskappe en Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde.

In n hele paar studierigtings behoort heelwat matrikulante met goeie simbole in Afrikaans universiteit toe te gaan (vgl. 963 A's, B's en C's in die geesteswetenskappe).

6.2.2 Engels

Die getal nie-studente wat Engels as matriekvak geneem het,

volgens studierigtings versprei, word in tabel 6.3 aangedui.

TABEL 6.3

GETAL NIE-STUDENTE WAT ENGLS AS MATRIEKVAK GENEEM HET,  
VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	44	206	627	939	450	7	1	2274
Natuurwetenskappe .....	11	64	320	479	354	1		1229
Ingenieurswese .....	6	23	125	241	234	1		630
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	1	9	33	111	137	2		293
Mediese wetenskappe .....	7	35	131	221	145	1		540
Handelswetenskappe .....	3	19	115	334	334	3	1	809
Totaal .....	72	356	1351	2325	1654	15	2	5775

Totaal in die nie-universiteitsgroep... 5775

Indien die verdeling hierbo vir Engels gemaak word, blyk dit dat daar minder potensiële studente vir die geesteswetenskappe en mediese wetenskappe is (vgl. 2274 teenoor 2478 teenoor 545). Dit behoort dan so te wees om dieselfde rede as wat by Afrikaans aangevoer is.

Studierigtings in die geesteswetenskappe, natuurwetenskappe, ingenieurswese en mediese wetenskappe behoort dus groot getalle van die goeie kandidate in Engels van die nie-universiteitsgroep te trek. 'n Getal soos 877 met simbole van C en hoër in Engels wat eintlik in geesteswetenskaplike studierigtings in 1962 moes gewees het, kan as 'n groot verlies beskou word.

### 6.2.3 'n Derde taal

Die getal nie-studente wat 'n derde taal as matriekvak geneem het, volgens studierigtings versprei, word in tabel 6.4 aangedui.

TABEL 6.4

GETAL NIE-STUDENTE WAT 'N DERDE TAAL AS MATRIEKVAK GENEEM HET,  
VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	39	84	262	414	466	147	35	1447
Natuurwetenskappe .....	20	32	92	161	119	35	23	482
Ingenieurswese .....	13	15	59	72	73	22	31	285
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	1	4	15	19	41	6		86
Mediese wetenskappe .....	12	12	59	88	82	25	15	293
Handelswetenskappe .....	5	6	32	52	73	11	8	187
Totaal .....	90	153	519	806	854	246	112	2780

Totaal van die nie-universiteitsgroep: 5775

Die goeie kandidate in 'n derde taal onder die nie-universiteitsgroep is egter nie so hoog soos dié in die amptelike tale nie maar nogtans is daar 385 matrikulante met 'n C-simbool en hoër wat in 'n geesteswetenskaplike studierigting in 1962 behoort te gewees het.

#### 6.2.4 Wiskunde

Die getal nie-studente wat Wiskunde as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.5 aangedui.

TABEL 6.5

GETAL NIE-STUDENTE WAT WISKUNDE AS MATRIEKVAK GENEEM HET,  
VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	40	105	264	506	799	327	103	2144
Natuurwetenskappe .....	110	135	213	297	277	53	4	1089
Ingenieurswese .....	66	90	106	119	67	7	3	458
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	7	25	38	90	71	24	3	258
Mediese wetenskappe .....	23	56	123	142	125	35		504
Handelswetenskappe .....	22	63	125	199	240	42	16	713
Totaal .....	268	474	869	1353	1585	488	129	5166

Totaal van die nie-universiteitsgroep ..... 5775

Volgens die verdeling wat ons van die nie-universiteitsgroep in Wiskunde gemaak het, kan ons die volgende aflei: 458 met 'n C-simbool of hoër sou in 'n natuurwetenskaplike rigting gegaan het. Hierdie getal moet as goeie potensiaal beskou word veral aangesien dit meer is as die moontlike 378 eersteklasmatrikulante van die nie-universiteitsgroep wat na universiteit in 1962 behoort te gegaan het. Vir ingenieurswese is dit 262 en mediese studierigtings 102. Dit is belangrik aangesien party ingenieurs- of mediese fakulteite aan universiteite minstens 'n C-simbool in Wiskunde as vereiste stel.

#### 6.2.5 Natuur- en/of Skeikunde

Die getal nie-studente wat Natuur- en/of Skeikunde as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.6 aangedui.

TABEL 6.6

GETAL NIE-STUDENTE WAT NATUUR- EN/OF SKEIKUNDE AS Matriekvak  
GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	15	79	199	401	456	126	9	1285
Natuurwetenskappe .....	44	132	225	255	198	27	9	890
Ingenieurswese .....	29	67	130	132	105	2	4	469
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	7	19	47	86	41	12	5	217
Mediese wetenskappe .....	12	49	116	121	97	17	4	416
Handelswetenskappe .....	7	28	99	231	188	41	22	616
Totaal .....	114	374	816	1226	1085	225	53	3893

Totaal in die nie-universiteitsgroep ..... 5775

Volgens die verdeling van die simbole in Natuur- en/of Skei-  
kunde sal die geesteswetenskaplike groep 1285 trek waarvan die  
grootste getal matrikulante met swak simbole is (slegs 293 uit  
1285 het 'n C-simbool of hoër behaal). Die studierigtings in  
die natuurwetenskappe (401), ingenieurswese (226) en mediese  
wetenskappe (177) behoort 'n groot deel van die matrikulante met  
'n C-simbool of hoër uit die nie-universiteitsgroep te trek.

6.2.6 Biologie, Plant- en/of Dierkunde

Die getal nie-studente wat Biologie, Plant- en/of Dierkunde  
as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word  
in tabel 6.7 aangedui.

TABEL 6.7

GETAL NIE-STUDENTE WAT BIOLOGIE, PLANT- EN/OF DIERKUNDE AS  
Matriekvakke GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	14	102	333	723	515	33	7	1727
Natuurwetenskappe .....	14	65	147	145	76	10	4	461
Ingenieurswese .....	5	15	29	27	18	2		96
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	4	14	23	41	11	6	3	102
Mediese wetenskappe .....	6	31	67	72	36	4	4	220
Handelswetenskappe .....	3	13	45	77	54	10	3	205
Totaal .....	46	240	644	1085	710	65	21	2811

Totaal in die nie-universiteitsgroep ..... 5775

Op grond van die feit dat Biologie 'n taamlike populêre vak was onder diegene wat studierigtings in die geesteswetenskappe in 1962 gevolg het, kan ons dus aanvaar dat hierdie studierigtings dus ook die meeste van die nie-universiteitsgroep behoort te trek, nl. 1727 van die totale getal van 2811. Hiervan sal 449 dan 'n C-simbool of hoër hê.

By die ander studierigtings sou die getalle met Biologie as vak nie so groot wees wanneer hulle met Natuur- en/of Skeikunde vergelyk word nie.

#### 6.2.7 Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer

Die getal nie-studente wat Geologie, Meganika, Fisiologie en Gesondheidsleer as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.8 aangedui.

TABEL 6.8

GETAL NIE-STUDENTE WAT GEOLOGIE, MEGANIKA, FISILOGIE EN/OF  
GESONDHEIDSLER AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET,  
VOLGENS STUDIERIGTING VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							Totaal
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	
Geesteswetenskappe .....		6	18	27	16	5	5	77
Natuurwetenskappe .....		10	3	7	11			31
Ingenieurswese .....		3	5	3	6	3		20
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....		2	1	2	4			9
Mediese wetenskappe .....		3	2	5		2		12
Handelswetenskappe .....		2	1	2	4			9
Totaal .....		26	30	46	41	10	5	158

Totaal in die nie-universiteitsgroep ..... 5775

77 van die 158 uit die nie-universiteitsgroep met een van hierdie vakke sou 'n geesteswetenskaplike studierigting kies. Die getalle in die ander studierigtings is heelwat kleiner.

#### 6.2.8 Boekhou

Die getal nie-studente wat Boekhou as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.9 aangedui.

TABEL 6.9

GETAL NIE-STUDENTE WAT BOEKHOU AS MATRIEKVAK GENEEM HET,  
VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	13	33	79	146	146	21	13	451
Natuurwetenskappe .....	22	56	87	116	49	13	12	355
Ingenieurswese .....	11	20	32	30	7	8		108
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	2	13	32	26	35	4		112
Mediese wetenskappe .....	6	12	26	50	7	13		114
Handelwetenskappe .....	30	85	160	179	52	12		518
Totaal .....	84	219	416	547	296	71	25	1658

Totaal in die nie-universiteitsgroep ... 5775

Van die nie-universiteitsgroep met Boekhou as vak, behoort die grootste groep nl. 518 dus in die handelsrigting te gegaan het. Die verlies aan goeie potensiaal is feitlik nog groter wanneer volgens bostaande ontleding daar bevind word dat 275 met 'n C-simbool en hoër in Boekhou eintlik in 'n studierigting in die handelwetenskappe moes gegaan het.

Redelike groot getalle met goeie prestasies in Boekhou (C-simbool of hoër) is ook vir die natuurwetenskaplike en ingenieurswese studierigtings verlore, nl. 165 en 63 respektiewelik.

#### 6.2.9 Handel, Ekonomie, Tik- en/of Snelskrif

Die getal nie-studente wat Handel, Ekonomie, Tik- en/of Snelskrif as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.10 aangedui.

TABEL 6.10

GETAL NIE-STUDENTE WAT HANDEL, EKONOMIE, TIK- EN/OF SNELSKRIF AS  
MATRIEKVAKKE GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	9	23	48	59	37	12		168
Natuurwetenskappe .....	5	7	12	4	8		10	46
Ingenieurswese .....	2	4	8	2	2	5		23
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	1							1
Mediese wetenskappe .....	3	1	10	4				18
Handelwetenskappe .....	3	16	17	15	23	12		86
Totaal .....	23	51	95	64	70	29	10	342

Totaal in die nie-universiteitsgroep... 5775



Met 168 kry die geesteswetenskaplike studierigtings die meeste matrikulante van die nie-universiteitsgroep in hierdie handelsvakke. Daarna volg die handelswetenskappe met 86 en die natuurwetenskappe met 46. Byna die helfte van die 168 in die geesteswetenskaplike studierigtings, nl. 80 het 'n C-simbool of hoër in die handelsvakke behaal.

6.2.10 Geskiedenis en ander sosiale vakke

Die getal nie-studente wat Geskiedenis en/of ander sosiale vakke as matriekvakke geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.11 aangedui.

TABEL 6.11

GETAL NIE-STUDENTE WAT GESKIEDENIS EN/OF  
ANDER SOSIALE VAKKE AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET,  
VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	60	167	396	478	407	60	8	1576
Natuurwetenskappe .....	27	66	117	175	132	18	17	552
Ingenieurswese .....	8	27	55	69	71	15	33	278
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	2	7	16	40	39	4		108
Mediese wetenskappe .....	10	36	69	92	50	1	16	274
Handelswetenskappe .....	9	28	92	120	103	18	25	395
Totaal .....	116	331	745	974	802	116	99	3183

Totaal in die nie-universiteitsgroep ..... 5775

Uit die 3183 matrikulante in die nie-universiteitsgroep behoort 1576 dus in 1962 in 'n geesteswetenskaplike studierigting te gegaan het, 552 in 'n natuurwetenskaplike rigting en 278 in 'n ingenieursrigting wanneer die verdeling vir Geskiedenis en verwante vakke gemaak word.

Die verlies aan potensiaal blyk groot te wees wanneer dit blyk dat 623 matrikulante met 'n C-simbool en hoër in Geskiedenis aan die universiteit in 1962 in 'n studierigting in die geesteswetenskappe behoort te gewees het.

6.2.11 Aardrykskunde

Die getal nie-studente wat Aardrykskunde as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.12 aangedui.

TABEL 6.12

GETAL NIE-STUDENTE WAT AARDRYKSKUNDE AS MATRIEKVAK GENEEM HET,  
VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	2	24	111	228	256	62	13	696
Natuurwetenskappe .....	2	13	71	151	122	31	2	392
Ingenieurswese .....	1	10	39	74	75	9	7	215
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....			14	20	15			49
Mediese wetenskappe .....	1	5	25	53	21	8		113
Handelswetenskappe .....	1	7	30	91	101	25	2	257
Totaal .....	7	59	290	617	590	135	24	1722

Totaal in die nie-universiteitsgroep ... 5775

Die geesteswetenskaplike studierigtings sou 696 en die natuurwetenskaplike studierigtings 392 van die 1722 potensiële studente uit die nie-universiteitsgroep met Aardrykskunde as vak in matriek, trek. Selfs die handelswetenskappe kan op n besondere groot potensiaal, nl. 257 met Aardrykskunde as vak aanspraak maak. Matrikulante met goeie simbole in Aardrykskunde is egter nie so volop volgens bostaande verdeling vir die verskillende groepe studierigtings nie.

6.2.12 Kuns en/of Musiek

Die getal nie-studente wat Kuns of Musiek as matriekvak geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.13 aangedui.

TABEL 6.13

GETAL NIE-STUDENTE WAT KUNS EN/OF MUSIEK AS MATRIEKVAKKE  
GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							
	A	B	C	D	E	F	FF, G,H	Totaal
Geesteswetenskappe .....	8	29	72	84	39	6		238
Natuurwetenskappe .....	2	6	12	9	8			37
Ingenieurswese .....		1	5	7	2	2		17
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....								
Mediese wetenskappe .....	1	1	4	4	5	2		17
Handelswetenskappe .....			4	5	3			12
Totaal .....	11	37	97	109	57	10		321

Totaal in die nie-universiteitsgroep ..... 5775

Die geesteswetenskaplike groep kan aanspraak maak op 238 (omtrent 75%) van die nie-universiteitsgroep met Kuns of Musiek as vakke. Die ander groepe sou egter kleiner getalle met hierdie vakke trek.

6.2.13 Huishoudkunde en verwante vakke, Hout- en Metaalwerk, landbouvakke en tegniese vakke

Die getal nie-studente wat Huishoudkunde en verwante vakke, Hout- en Metaalwerk, landbouvakke en tegniese vakke as matriekvakke geneem het, volgens studierigting versprei, word in tabel 6.14 aangedui.

TABEL 6.14

GETAL NIE-STUDENTE WAT HUISHOUDKUNDE EN VERWANTE VAKKE, HOUT- EN METAALWERK, LANDBOUVAKKE EN/OF TEGNIESE VAKKE AS MATRIEKVAKKE GENEEM HET, VOLGENS STUDIERIGTINGS VERSPREI

Studierigting	Matrieksimbole van elke groep							Totaal
	A	B	C	D	E	F	FF, G, H	
Geesteswetenskappe .....	5	45	207	213	45	10		525
Natuurwetenskappe .....	4	37	62	58	31	4		196
Ingenieurswese .....	5	26	28	31	13	3		106
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	2	10	41	41	13			107
Mediese wetenskappe .....	2	9	26	12	13			62
Handelswetenskappe .....	2	4	21	41	16		3	87
Totaal .....	20	131	385	396	131	17	3	1083

Totaal in die nie-universiteitsgroep ..... 5775

Weer is die geesteswetenskaplike studierigtings met 'n moontlike 525 van die 1083 matrikulante (byna die helfte) wat een van hierdie vakke geneem het, moontlike studierigtings vir die grootste potensiaal. Die natuurwetenskaplike groep met 196, ingenieursgroep met 106 en Landbou, Bosbou en Veeartsenykundige groep (meeste landbouvakke) met 107 sou ook groot getalle trek.

6.3 SAMEVATTING

Ten slotte kan die bewering gemaak word dat in elk van die ses groepe studierigtings daar in 1962 dus nog heelwat potensiaal was uit die 5775 matrikulante wat nie ingeskryf het vir universiteitskursusse waarvoor vrystelling 'n vereiste is nie. In die volgende tabel kan dus 'n verdeling van hierdie groep gemaak word en ook 'n aanduiding van die goeie materiaal wat verlore gegaan het gegee word. Hierdie aanduiding word gegrond op die goeie prestasie van matrikulante in daardie vakke wat goeie voorspelers vir die spesifieke studierigtings is.

TABEL 6.15

VERDELING VAN DIE NIE-UNIVERSITEITSGROEP  
IN GROEPSTUDIERICHTINGS

Studierigtings	Totaal in elke groep	Goeie potensiaal (1ste vak)	Goeie potensiaal (2de vak)	Eerste-klasse
Geesteswetenskappe .....	2000-2500	950+ (Tale)	600+ (Geskiedenis)	578
Natuurwetenskappe .....	1200+	450+ (Wiskunde)	400+ (Natuur- en/of Skeikunde)	378
Ingenieurswese...	500+	250+ (Wiskunde)	225+ (Natuur- en/of Skeikunde)	175
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde .....	± 250	70+ (Wiskunde)	70+ (Natuur- en/of Skeikunde)	56
Mediese wetenskappe .....	500+	200+ (Wiskunde)	170+ (Natuur- en/of Skeikunde)	165
Handelwetenskappe .....	± 700	275+ (Boekhou)	200+ (Wiskunde)	131
Totaal .....	5775	2195+	1665+	1483

Dit sal dus nodig wees om na te gaan hoeveel plek vir hierdie nie-universiteitsgroep beskikbaar was aan die universiteite.

/KvdM

HOOFSTUK 7

'N ONTLEDING VAN DIE BESKIKBARE OPLEIDINGSFASILITEITE AAN DIE VERSKILLENDE DEPARTEMENTE VAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE EN BEPERKINGE TEN OPSIGTE VAN DIE TOELATING VAN STUDENTE

7.1 ALGEMEN

Vraedyste ten opsigte van (i) die getal studente in departemente, (ii) die addisionele getal wat in departemente opgeneem kon word en (iii) die redes waarom addisionele eerstejaarstudente nie opgeneem kon word nie of toelating geweier is, is aan departementshoofde gestuur. Die meeste departementshoofde het aan die versoeke voldoen en inligting is van agt van die nege universiteite ontvang.

n Taamlik betroubare beeld van die getal studente in die verskillende departemente, en die beperkinge op die addisionele getal studente kon dus weergegee word. Heelwat departemente (veral die van die Universiteit van Pretoria) kon nog n onbeperkte aantal addisionele studente opneem. In sulke gevalle is besluit om die getal addisionele studente te neem as 50 persent van die getal wat reeds geregistreer was.

Daar is besluit om in hierdie hoofstuk die ontledings van die departemente in ses afdelings te verdeel volgens die ses hoofgroepe studierigtings soos in die vorige hoofstukke aangedui. Vervolgens word in die eerste tabel van elk van hierdie ses afdelings n algemene ontleding van departemente gegee. Hierna volg tabelle wat n beeld van elke departement aan elke universiteit gee. In die tabelle word teenoor elke departement en universiteit twee getalle onder elke studiejaar aangedui. Die boonste getal dui die getal studente in die betrokke studiejaar aan, en die onderste getal die addisionele getal studente wat deur die departement vir die betrokke studiejaar opgeneem kon word.

7.2 'N ONTLEDING VAN DIE GETAL STUDENTE WAT GEREGISTREER IS, DIE MOONTLIKKE ADDISIONELE GETAL EN DIE BEPERKENDE FAKTORE IN DIE GEESTESWETENSKAPLIKE DEPARTEMENTE IN 1962

Die departemente in die fakulteite van die geesteswetenskappe is besonder groot en vereis dus heelwat klaskamerruimte en doserende personeel. Die volgende departemente moet as die grootste beskou word (departemente met meer as n 1,000 eerstejaarstudente geregistreer): Geskiedenis, Sielkunde, Sosiologie en Maatskaplike Werk, Afrikaans-Nederlands, Engels en Bantoekunde (lg. sluit in die Bantoe-tale, Volkekunde en Naturelle-administrasie).

n Tekort aan klaskamerruimte word in die volgende departemente ondervind: Wysbegeerte (Universiteit van die Oranje-Vrystaat), Musiek (Rhodes-Universiteit) en Skone Kunste (Rhodes-Universiteit).

n Tekort aan laboratoria (praktiese fasiliteite) is deur die volgende departemente aangedui: Sielkunde (Universiteit van die Witwatersrand), Musiek (Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.) en Liggaamlike Opvoeding (Rhodes-Universiteit).

n Tekort aan doserende personeel is blykbaar die faktor wat die opneem van addisionele studente (eerstejaarstudente veral) aan die meeste departemente beperk. Die volgende departemente kon nie addisionele studente opneem nie weens n tekort aan doserende personeel: Geskiedenis (Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Oranje-Vrystaat en Rhodes-Universiteit), Wysbegeerte (Universiteit van Stellenbosch), Sielkunde (Universiteite van Stellenbosch en die Witwatersrand), Sosiologie en Maatskaplike Werk (Universiteit van die Oranje-Vrystaat), Liggaamlike Opvoeding (Universiteit van Stellenbosch en Rhodes-Universiteit), Afrikaans-Nederlands (Universiteit van Stellenbosch),

Engels (Universiteit van Stellenbosch en Natal, Durbanafdeling) en Frans (Rhodes-Universiteit).

As tabel 6.1 bestudeer word, blyk dit dat nog n redelike getal addisionele studente deur alle departemente opgeneem kon word. Die departemente van Geskiedenis kon na verhouling die kleinste getal addisionele studente opneem, nl. 133 eerstejaarstudente teenoor 1076 geregistreer (ietwat minder as 13 persent), 62 tweedejaarstudente teenoor 497 geregistreer (ook minder as 13 persent), 61 derdejaarstudente teenoor 347 geregistreer, 13 vierdejaarstudente teenoor 36 geregistreer en geen addisionele gevorderde studente nie. Daar moet onthou word dat Geskiedenis n taamlke populêre vak is sodat n beperking van addisionele eerstejaarstudente in Geskiedenis eintlik die toelating van meer eerstejaarstudente in die geesteswetenskappe sou beperk.

Dit wil voorkom asof die volgende departemente nog heelwat addisionele eerstejaarstudente sou kon opneem: Sielkunde (665), Sosjologie en Maatskaplike Werk (656), Afrikaans-Nederlands (783), Engels (508), Klassieke Tale (551) en Bantoekunde (863). Hiervan kan ons aflei dat indien ons nuwe eerstejaarstudente se vakkeuses kon beperk, die geesteswetenskaplike studierigtings heelwat meer as 500 addisionele eerstejaars sou kon byneem. Die feit dat slegs tien departementshoofde eerstejaarstudente toelating geweier het (die vernaamste rede is onvoldoende toelatingskwalifikasies), toon dat departementshoofde studente nie by toelating tot hierdie departemente raie streng keur nie.

TABEL 7.2

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN AARDRYKSKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	340* 25*	85 10	48 10	7 5	7 5	1 3	0
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	100 68	46 10	29 27	1 2	0 10		
Rhodes (Port Elizabeth)	5 55	5 55					
Oranje Vrystaat	60	23	20	23	5		
Pretoria	123 62	24 12	16 8				
Witwatersrand	80 100	40 50	35 40	4	3 10		
Potchefstroom	52 48	9 21	13 17	3 17	0 20	2 3	
Natal (Durban)	41 7	12 10	9 13	1 4			
Natal (Pietermaritzburg)	48	27	17	3			
Totaal	849	271	187	42	15	4	6
Addisionele getal	365	168	115	35	45	11	0

\*Teenoor elke departement wat wel inligting verskaf het, verskyn daar 1 of

2 rye syfers. Een ry syfers beteken die werklike getal studente in die departement vir die betrokke studiejaar. Waar 2 rye syfers verskyn, is die boonste ry syfers die werklike getal studente in die departement vir die betrokke studiejaar. Die onderste ry syfers is die addisionele getal studente wat die departement vir elke betrokke studiejaar kon opneem.

7.2.1 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Aardrykskunde opgeneem kon word.

Ses departemente het aangedui hoeveel addisionele studente opgeneem kon word. Met 25 addisionele eerstejaarstudente teenoor 340 reeds geregistreer en 10 addisionele tweedejaarstudente teenoor 85 reeds geregistreer aan die Departement Aardrykskunde van die Universiteit van Stellenbosch wil dit voorkom asof hierdie universiteit nie veel meer studente sou kon opneem nie. Dit geld ook vir die Universiteit van Natal (Durban) se addisionele getal eerstejaarstudente. Die ander departemente sou nog ruim addisionele studente kon opneem. Geen beperkende faktore op die toelating van eerstejaarstudente word genoem nie en geen eerstejaarstoelating is geweier nie.

TABEL 7.3

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GESKIEDENIS

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	238 0	137 0	91 0	2 0	3 0		
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	88 0	58 0	48 0	2 0	0 0	0 0	0 0
Rhodes (Port Elizabeth)	11 0						
Oranje-Vrystaat	306 0	77 0	40 0	21 0	7 0	6 0	
Pretoria	166 83	72 36	62 31				
Witwatersrand							
Potchefstroom	89 20	34 6	30 10	7 7			
Natal (Durban)	99	36	16	2			
Natal (Pietermaritzburg)	79 30	83 20	60 20	2 6			
Totaal	1076	497	347	36	10	6	0
Addisionele getal	133	62	61	13	0	0	0

7.2.2 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Geskiedenis opgeneem kon word.

Die Departemente van Geskiedenis van die Universiteite van Stellenbosch, die Oranje-Vrystaat en Rhodes-Universiteit het almal

aangedui dat hulle geen addisionele studente sou kon opneem nie weens n tekort aan doserende personeel.

Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en die Universiteit van Natal sou slegs n beperkte aantal addisionele studente veral in die eerste en tweede studiejaar kon opneem. Geen departementshoof het ooit eerstejaarstudente toelating geweier nie.

TABEL 7.4

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN WYSBEGEERTE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	79	21	15	5	2	1	
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	42 30	13 10	1 9	0			
Oranje-Vrystaat	100 0	15 8	10 5	2 1	4 2		
Pretoria	217 109	53 27	40 20				
Witwatersrand	50 20	20 20	15 10				
Potchefstroom	17 23	16 24	10 30	5 5	2 8	5 5	
Natal (Durban)							
Natal (Pietermaritzburg)	13	8	4	1			
Totaal	518	146	95	13	8	6	
Addisionele getal	182	89	74	6	10	5	

7.2.3 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Wysbegeerte opgeneem kon word

Weens n tekort aan doserende personeel, kon die Departement Wysbegeerte van die Universiteit van Stellenbosch nie addisionele studente opneem nie. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat kon weens n gebrek aan klaskamerruimte nie addisionele eerstejaarstudente opneem nie. Die ander departemente sou hielwat addisionele studente nog kon opneem. Geen departementshoof het eerstejaarstudente toelating geweier nie.



TABEL 7.5

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SIELKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	412 0	315 0	135 0	10 0	4 0	3 0	1 0
Kaapstad							
Rhodes	95 55	30 10	29 11	0 4			
Oranje-Vrystaat	89 31	61 7	22 1	2 3	2 3	0 2	
Pretoria	640 320	305 153	144 72				
Witwatersrand	250 0	90 0	60 0	7 8			
Potchefstroom	116 134	42 38	33 27	22 18	20 20	2 3	3 3
Natal (Durban)	183 100	46 30		2 10			
Natal (Pietermaritz- burg)	68 25	47 15	34 0	0	0 6		
Totaal	1853	936	457	43	26	5	4
Addisionele getal	665	253	111	43	29	5	3

7.2.4 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Sielkunde opgeneem kon word

Die Departement Sielkunde van die Universiteit van Stellenbosch kon geen addisionele studente opneem nie weens 'n tekort aan doserende personeel terwyl die Universiteit van die Witwatersrand weens 'n tekort aan laboratoria, doserende personeel en 'n beleid om slegs 'n sekere getal studente toe te laat, geen addisionele studente in die eerste drie studiejare kon opneem nie. Die Universiteit van Natal kon in Pietermaritzburg geen addisionele studente opneem nie terwyl die Universiteit van die Oranje-Vrystaat slegs 'n klein getal ekstra studente in die tweede en derde studiejare kon neem. Die Universiteit van die Witwatersrand het al eerstejaarstudente toelating geweier.

TABEL 7.6

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT VAN SOSIOLOGIE EN MAATSKAPLIKE WERK

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	190 110	124 21	76 35	12 14	4 8	3 8	
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	123	37	19	3 15	1 5		
Rhodes (Port Elizabeth)	16						
Oranje-Vrystaat	153	97	42	4 0	6 0	5 0	
Pretoria	598 299	217 109	185 93				
Witwatersrand	358 77	120 55	57 8	12	8 2	1 4	
Potchefstroom	82 90	22 43	17 47	16 8	8 12	5 6	3 3
Natal (Durban)	70 80	19 70	24 55				
Totaal	1590	636	420	47	27	14	3
Addisionele getal	656	298	238	37	27	18	3

7.2.5 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Sosiologie en Maatskaplike Werk opgeneem kon word.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat kon geen addisionele nagraadse studente opneem nie weens 'n tekort aan personeel. Die Universiteite van Natal, die Witwatersrand en Rhodes-Universiteit het ook aangedui dat hulle 'n tekort aan personeel ondervind. Ten spyte hiervan het hierdie universiteite se departemente in Sosiologie en Maatskaplike Werk aangedui dat hulle nog heelwat addisionele studente sou kon neem. Die ander drie departemente het ook nog heelwat ruimte gehad met uitsondering van die tweede studiejaar aan die Universiteit van Stellenbosch waar slegs 21 addisionele studente teenoor 124 wat reeds geregistreer was, opgeneem kon word. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het al eerstejaarstudente geweier en wel omrede fisiese en/of geestelike tekortkominge en onvoldoende toelatingsvereistes.

TABEL 7.7

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN BIBLIOTEEKKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	14 46						
Kaapstad							
Pretoria	72 36	45 23	17 9				
Witwatersrand				20 15			
Potchefstroom	29 15	20 10	4 2				
Totaal	115	65	21	20			
Addisionele getal	97	33	11	15			

7.2.6 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Biblioteekkunde opgeneem kon word

Die vier Departemente van Biblioteekkunde wat inligting verskaf het, het aangetoon dat feitlik nog onbeperkte getalle addisionele studente opgeneem kon word. Die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. het aangedui dat die Departement Biblioteekkunde alreeds eerstejaarstudente toelating moes weier as gevolg van onvoldoende toelatingsvereistes.

TABEL 7.8

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN MUSIEK

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	31 15	29 15	21 12	4 10	2 3	2 3	1 2
Kaapstad							
Rhodes	13 3	17 2	5 1				
Oranje-Vrystaat	7 8	7 6	10 3	7 1			
Pretoria	56 28	26 13	0				
Witwatersrand	102 25	9 11	13 7	2 0	1 0		1 0
Potchefstroom	91 0	63 0	100 0	25 0		2 0	
Totaal	300	151	149	38	3	4	2
Addisionele getal	79	47	23	11	3	3	2

7.2.7 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Musiek opgeneem kon word

Die Departement van Musiek van die Universiteit van die Witwatersrand kon geen addisionele nagraadse studente neem nie maar verstrek geen redes daarvoor nie. Weens n tekort aan klaskamer-ruimte sou die Rhodes-Universiteit weinig meer studente kon neem terwyl die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. n tekort aan praktiese fasiliteite ondervind en by verbetering hiervan nog onbeperkte getalle sou kon neem. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het aangedui dat daar nie veel meer addisionele studente in die derde en vierde studiejare (nl. 3 en 1 respektiewelik) geneem kon word nie. Die Universiteit van die Witwatersrand en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. het albei alreeds eerstejaarstudente toelating geweier as gevolg van onvoldoende toelatingsvereistes en eersgenoemde ook as gevolg van die studente se swak prestasie in die matrikulasievystellingseksamen.

TABEL 7.9

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN DRAMA

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	57 43	15 15	15 10				
Kaapstad							
Natal (Durban)							
Natal (Pietermaritzburg)							
Totaal	57	15	15				
Addisionele getal	43	15	10				

7.2.8 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Drama opgeneem kon word

Slegs die Departement Drama van die Universiteit van Stellenbosch het inligting verstrek en het aangedui dat 43, 15 en 10 addisionele studente in die eerste, tweede en derde studiejare respektiewelik opgeneem kon word. Dit is heelwat meer as die helfte van die studente wat reeds geregistreer was. Die Departement het ook verder aangedui dat geen beperkinge op addisionele eerstejaarstudente goelaas word nie en dat die departementshoof ook nog nie eerstejaarstudente toelating geweier het nie.

TABEL 7.10

GETAL STUDENTE IN DIE DEPART MENTE VAN SKONE KUNSTE EN KUNSGESKIEDENIS

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch							
Kaapstad							
Rhodes	66 0	17 0	12 0	4 0			
Pretoria	112 56	28 14	33 17				
Witwatersrand							
Natal (Pietermaritz- burg)	3	4	4	2			
Totaal	181	49	49	6			
Addisionele getal	56	14	17	0			

7.2.9 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Skone Kunste en Kunsgeskiedenis opgeneem kon word.

As gevolg van 'n tekort aan lesinglokale/-ruimte kon die Departement Skone Kunste van Rhodes-Universiteit geen addisionele studente opneem nie. Die enigste ander departement wat inligting oor die addisionele getal studente verskaf het, nl. dié van die Universiteit van Pretoria kon nog onbeperkte getalle opneem. Rhodes-Universiteit het ook aangedui dat die departementshoof al eerstejaarstudente toelating moes weier as gevolg van onvoldoende toelatingsvereistes of 'n swak prestasie in die matrikulasievrystellingseksamen.

TABEL 7.11

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDING

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	68 0	68 0	42 0	10 0	1 0	1 0	2 0
Rhodes	23 7	10 10	9 10	25 0			
Oranje-Vrystaat	28 12	28 12	11 29				
Pretoria	43 22	17 9	15 8				
Potchefstroom	49 50	14 26	12 28	3 37	12 18	3 7	2 8
Totaal	211	137	89	38	13	4	4
Addisionele getal	91	57	75	37	18	7	8

7.2.10 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Liggaamlike Opvoeding opgeneem kon word

Alle departemente het gegewens verstrek. In die geheel was daar nog fasiliteite vir heelwat addisionele studente vir elke studiejaar. Slegs twee departemente kon nie addisionele studente opneem nie as gevolg van 'n tekort aan doserende personeel en een ook as gevolg van 'n tekort aan apparaat. Die hoofde van hierdie departemente het ook albei alreeds eerstejaarstudente toelating geweier as gevolg van fisiese en/of geestelike tekortkomings terwyl een hoof studente toelating geweier het as gevolg van onvoldoende toelatingskwalifikasies.

TABEL 7.12

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GODGELEERDHEID

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch							
Rhodes	20 7	15 12	7 7	5 5	1 3		
Pretoria				20 10	26 13	18 9	
Potchefstroom	5 22	7 21	18 41	7 16			
Natal (Pietermaritzburg)		40	6	5			
Totaal	25	62	31	37	27	18	
Addisionele getal	29	33	48	31	16	9	

7.2.11 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Godgeleerdheid opgeneem kon word

Gegewens is deur vier departemente verstrek. Een departement (Natal) het nie aangedui hoeveel addisionele studente opgeneem kon word nie. Dit blyk dat daar vir die ander departemente vir alle studiejare geen beperkinge is nie en dat die departemente gesamentlik vir elke studiejaar meer as die helfte van die bestaande getal studente addisioneel sou kon opneem. Departementshoofde het ook nog nie eerstejaarstudente toelating tot die departemente geweier nie.

TABEL 7.13

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN REGSGELEERDHEID

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	102 51	62 31	43 22	31 16	18 9		
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	16 10	19 10	16 10	9 10	7 10		
Rhodes (Port Elizabeth)	24 15	29 15	5 0				
Oranje-Vrystaat	52 100	24 100	35 100				
Pretoria	322 161	245 123	162 81	31 16	32 16	35 18	
Witwatersrand							
Potchefstroom	14 7	14 7	6 3	5 3	4 2		
Natal (Durban)							
Natal (Pietermaritzburg)	11	8	5	1	7	7	
Totaal	541	401	272	77	68	42	
Addisionele getal	344	386	216	45	37	18	

7.2.12 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Regsgelerdheid opgeneem kon word.

Volgens inligting verstrekk deur departemente van Regsgelerdheid van ses universiteite was daar met uitsondering van die derde studiejaar van Rhodes-Universiteit (Port Elizabeth) oorgenoeg fasiliteite vir heelwat addisionele studente in alle studiejaar. Geen beperkinge in verband met die toelating van eerstejaarstudente word gestel nie terwyl geen departementshoof al ooit eerstejaarstudente toelating geweier het nie.

TABEL 7.14

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT PERSWETENSKAP

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Potchefstroom	54 36	17 13	9 15				
Totaal	54	17	9				
Addisionele getal	36	13	15				

7.2.13 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departement Perswetenskap opgeneem kon word

Die Departement Perswetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. kon in al drie studiejare meer as die helfte van dié studente wat reeds geregistreer was, opneem. Die departement het ook geen beperking op die toelating van eerstejaarstudente geplaas nie en het ook nog nie eerstejaarstudente toelating geweier nie.

TABEL 7.15

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SPRAAKWETENSKAP EN SPRAAKHEELKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Pretoria	32 16	14 7	8 4				
Witwatersrand	48 22	14 11	0 10				
Totaal	80	28	8				
Addisionele getal	38	18	14				

7.2.14 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Spraakwetenskap en Spraakheelkunde opgeneem kon word

Albei Departemente van Spraakwetenskap en Spraakheelkunde kon heelwat addisionele studente in die eerste drie studiejare opneem. Gegewens vir die ander studiejare is nie verstrekkend nie. Departementshoofde het ook nog nie eerstejaarstudente toelating geweier nie.

TABEL 7.16

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN STAATS- EN MUNISIPALE ADMINISTRASIE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Oranje-Vrystaat	9 30	6 20	14 16	1 5	1 2		
Totaal	9	6	14	1	1		
Addisionele getal	30	20	16	5	2		

7.2.15 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Staats- en Munisipale Administrasie opgeneem kon word

Die Departement Staats- en Munisipale Administrasie van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat kon heelwat meer addisionele studente in elke studiejare opneem in vergelyking met dié wat reeds geregistreer was. Eerstejaarstudente is ook nog nie toelating geweier nie.



TABEL 7.17

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN KRIMINOLOGIE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Oranje-Vrystaat	87 50	16 30	7 20	0 6	1 5	0 0	0 0
Pretoria	354 177	139 70	61 31				
Totaal	441	155	68	0	1	0	0
Addisionele getal	227	100	51	6	5	0	0

7.2.16 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Kriminologie opgeneem kon word.

Albei universiteite kon in dié departement heelwat addisionele studente opneem veral in die eerste drie studiejare (meer as die helfte van die getal wat vir elke studiejare in die departemente geregistreer was). Departementshoofde het ook nog geen eerstejaarstudente toelating tot die betrokke departement geweier nie.

TABEL 7.18

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN STAATSLEER

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Oranje-Vrystaat	60	1		1			
Pretoria	194 97	83 42	43 22				
Potchefstroom	25 25	9 11	7 8	3 2	2 1		
Totaal	279	93	50	4	2		
Addisionele getal	122	53	30	2	1		

7.2.17 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Staatsleer opgeneem kon word.

Volgens die inligting verskaf deur die Departemente van Staatsleer van die Universiteit van Pretoria en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. wil dit voorkom asof hierdie departemente heelwat addisionele studente vir alle studiejare, waarvoor inligting verskaf is, nog kon neem. Daar is geen beperkende faktore by die toelating van eerstejaarstudente tot die departemente nie terwyl geen eerstejaarstudent al ooit toelating geweier is nie.

TABEL 7.19

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN OPVOEDKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch			144 50	186 25	46 14	2 12	2 10
Kaapstad							
Rhodes	55 10	12 18	15 10	6 0			
Oranje-Vrystaat				56 60	22 35		
Pretoria	97 49	45 23	58 29				
Witwatersrand							
Potchefstroom	61 31	55 28	10 5	14 7			
Natal (Durban)							
Natal (Pietermaritz- burg)			5 0	59 8	1 3		
Totaal	213	112	232	321	69	2	2
Addisionele getal	90	69	94	100	52	12	10

7.2.18 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Opvoedkunde opgeneem kon word.

Volgens inligting verskaf deur die verskillende Departemente van Opvoedkunde van die verskillende universiteite wil dit voorkom asof die Universiteit van Natal in die derde, vierde en vyfde studiejare nie veel meer studente sou kon opneem nie. Dit geld ook vir die vierde studiejaar van die Universiteit van Stellenbosch (25 addisionele studente teenoor 186 geregistreer) en die eerste studiejaar van Rhodes-Universiteit (10 addisionele studente teenoor 55 geregistreer). Die Departement Empiriese Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. is die enigste departement wat eerstejaarstudente toelating geweier het en wel op grond van onvoldoende toelatingsvereistes. Dieselfde departement sou ook met meer ruimte en personeel nog meer eerstejaarstudente kon neem.

TABEL 7.20

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN AFRIKAANS-NEDERLANDS

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	480 0	122 0	77 0	5 0	6 3	5 3	
Kaapstad							
Rhodes	34 56	14 31	7 18	0 5	2 3	1 1	
Rhodes	9 66	3 22					
Oranje-Vrystaat	427 100	105 50	56 50	3 20	6 20	1 6	
Pretoria	721 361	294 147	165 83				
Witwatersrand							
Potchefstroom	281 200	59 106	37 54	58 30	5 10	2 10	
Natal (Durban)	66	14	13	1			
Natal (Pietermaritz- burg)	51	9	6				
Totaal	2069	620	361	57	19	9	
Addisionele getal	783	356	205	55	36	20	

7.2.19 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Afrikaans-Nederlands opgeneem kon word.

Die ses Departemente van Afrikaans-Nederlands wat aangedui het hoeveel addisionele studente hulle in 1962 kon opneem, het met uitsondering van die Universiteit van Stellenbosch almal nog ruimte vir heelwat addisionele studente. Die Departement Afrikaans-Nederlands van die Universiteit van Stellenbosch kon, weens 'n tekort aan doserende personeel, geen addisionele studente in die eerste vier studiejaar opneem nie. Geen departement het eerste-jaarstudente toelating tot die Departement geweier nie.

TABEL 7.21

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN ENGELS

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	346 0	43 7	21 9	4 6			
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	242	62	62	4	3	1	
Rhodes (Port Elizabeth)	30	3					
Oranje-Vrystaat							
Pretoria	598 299	58 29	36 18				
Witwatersrand	318 159	36 18	20 10				
Potchefstroom	215 50	29 30	28 15	15 15	4 10		
Natal (Durban)	236 0	77 0	68 0	6 0			
Natal (Pietermaritz- burg)	111	74	55	14			
Totaal	2096	382	290	43	7	1	
Addisionele getal	508	84	52	21	10		

7.2.20 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Engels opgeneem kon word

Vyf departemente van Engels het aangedui hoeveel addisionele studente hulle sou kon opneem in 1962. Hiervan kon die Universiteit van Natal (Durban) en die Universiteit van Stellenbosch (slegs eerste studiejaar) geen addisionele studente opneem nie, weens 'n tekort aan doserende personeel. Die ander drie departemente kon nog ruim addisionele studente opneem. Geen departementshoof het aangedui dat hy al ooit verplig was om eerstejaarstudente toelating te weier nie.

TABEL 7.22

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN KLASSIEKE TALE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	202 262	58 52	13 48	2 10	3 5	0 3	
Kaapstad							
Rhodes	54 50	11 25	9 20	5 20			
Oranje-Vrystaat	50 7	12 5	7 4	1 4	1 1	3 7	
Pretoria	223 112	55 28	25 13				
Witwatersrand	241 49	67 0	40 0	2 0			
Potchefstroom	47 28	14 42	14 41	8 47	8 4	2 1	
Natal (Durban)							
Natal (Pietermaritz- burg)	34 43	8 44	5 48	0 0			
Totaal	851	225	113	18	12	5	
Addisionele getal	551	196	174	81	10	11	

7.2.21 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Klassieke Tale opgeneem kon word.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Departement van Klassieke Tale kon slegs 7 addisionele studente teenoor 50 reeds geregistreer in die eerste studiejaar opneem, maar die departement het nie n beperkende faktor genoem nie. Die Universiteit van die Witwatersrand sou met 49 addisionele eerstejaarstudente teenoor 241 reeds geregistreer ook dus n beperkte getal kon opneem teenoor ruim addisionele getalle van die ander departemente in Klassieke Tale alhoewel Natal Universiteit n tekort aan personeel as beperkende faktor genoem het. Slegs Rhodes-Universiteit se departementshoof het aangedui dat hy al eerstejaarstudente toelating geweier het en wel omrede onvoldoende toelatingsvereistes of swak prestasie in die matrikulasielvrystellingseksamen.

TABEL 7.23

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN BANTOEKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	263 153	92 78	32 48	11 15	6 16	0 15	1 4
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	109 90	24 40					
Oranje-Vrystaat	90	49	45	4	2		
Pretoria	704 352	281 141	125 63	16 8	5 3		
Witwatersrand	60 30	19 10	2 1				
Potchefstroom	102 128	29 123	37 110	5 5	5 17	6 4	3 7
Natal (Durban)	79 110	9 85	0 25				
Totaal	1407	503	241	36	18	6	4
Addisionele getal	863	477	247	28	36	19	11

7.2.22 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Bantoekunde opgeneem kon word

Alle departemente van Bantoekunde wat aangedui het hoeveel addisionele studente hulle in 1962 sou kon opneem, het fasiliteite gehad vir nog meer as die helfte van dié getalle wat reeds geregistreer was in alle studiejare. Daar was geen beperkende faktore op die toelating van addisionele eerstejaarstudente nie en geen departementshoof het nog ooit eerstejaarstudente toelating geweier nie.

TABEL 7.24

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN SEMITIESE TALE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	82 20	55 15	20 10	1 4	2 3		
Kaapstad							
Oranje-Vrystaat							
Pretoria	96 48	66 33	15 8				
Witwatersrand							
Potchefstroom	13 7	13 7	6 3			1 1	
Totaal	191	134	41	1	2	1	
Addisionele getal	75	55	21	4	3	1	

7.2.23 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Semitiese Tale opgeneem kon word.

Slegs drie departemente het inligting verstrek. Die Universiteit van Stellenbosch kon na verhouding nie baie addisionele studente in die eerste en tweede studiejare opneem nie, nl. 20 teenoor 82 reeds geregistreer en 15 teenoor 55 reeds geregistreer. Die ander twee departemente het aangedui dat onbeperkte getalle nog opgeneem kon word. Nie een van die drie departemente het aangedui dat hulle alreeds eerstejaarstudente toelating geweier het nie.

TABEL 7.25

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN DUIITS

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	141 30	43 45	24 24			2 10	
Kaapstad							
Rhodes	69	4	4				
Oranje-Vrystaat							
Pretoria	261 131	137 69	76 38				
Witwatersrand	87 70	7 25	7 25	1 8	1 5	2 5	
Potchefstroom	85 0	20 10	10 15				
Natal	26 20	3 10	1 10	0 20			
Natal (Pietermaritzburg)	40	1	1				
Totaal	709	215	123	1	1	4	
Addisionele getal	251	159	112	28	5	15	

7.2.24 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Duits opgeneem kon word.

Aan al die Departemente van Duits wat gegewens in verband met addisionele studente wat opgeneem kon word, verstrek het, wil dit voorkom asof slegs die Departemente van Duits van die Universiteit van Stellenbosch (slegs 30 eerstejaarstudente addisioneel teenoor 141 reeds geregistreer) en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. (geen addisionele eerstejaarstudente nie) nie minstens nog 'n getal kon opneem, wat gelyk is aan helfte van die getal wat reeds in alle studiejare geregistreer was nie. Departementshoofde het ook nog nie eerstejaarstudente toelating geweier nie.

TABEL 7.26

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FRANS

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	115 15	27 23	12 25	4 6	2 5	0 5	
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	75 0	10 0	8 0	1 0			
Rhodes (Port Elizabeth)	14						
Oranje-Vrystaat							
Pretoria	182 91	26 13	15 8				
Witwatersrand							
Natal (Durban)							
Natal (Pietermaritzburg)	38	7	3				
Totaal	424	70	38	5	2	0	
Addisionele getal	106	36	33	6	5	5	

7.2.25 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Frans opgeneem kon word

Alhoewel slegs die Departemente van Frans van die Universiteite van Stellenbosch en Pretoria en Rhodes-Universiteit aangedui het hoeveel addisionele studente hulle kon opneem, het Rhodes-Universiteit aangedui dat hulle geen addisionele studente kon opneem nie weens 'n tekort aan doserende personeel. Die Universiteit van Stellenbosch kon ook slegs 15 addisionele eerstejaarstudente opneem teenoor 115 reeds geregistreer maar dui geen rede aan vir so 'n beperkte getal nie. Geen departementshoof het ook eerstejaarstudente toelating geweier nie.

7.3 'N ONTLEDING VAN DIE GETAL STUDENTE GEREKISTREER, DIE MOONTLIK ADDISIONELE GETAL EN DIE BEPERKENDE FAKTORE IN DIE NATUURWETENSKAP-LIKE DEPARTEMENTE IN 1962

In vergelyking met ander fakulteite is die departemente in die fakulteite van Wis- en Natuurkunde besonder groot. Gemees volgens die getal eerstejaarstudente geregistreer (in bykans alle departemente met uitsondering van dié van die Universiteit van Kaapstad) is die volgende departemente die grootste (kyk tabel 7.27): Chemie (2215), Fisika (2944), Plantkunde (1535), Dierkunde (1429), Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (2897).



Ten spyte van die grootte van hierdie departemente was daar nog ruim fasiliteite vir heelwat meer studente in alle studiejare. Die vernaamste departemente in die natuurwetenskappe kon nog heelwat addisionele eerstejaarstudente opneem, nl. Chemie (1193), Fisika (2288), Plantkunde (519), Dierkunde (590) en Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (1922). Slegs een departement, nl. Wiskunde en Toegepaste Wiskunde van die Universiteit van die Witwatersrand kon weens 'n tekort aan personeel nie addisionele eerstejaarstudente opneem nie.

Slegs drie departementshoofde het te kenne gegee dat hulle eerstejaarstudente al toelating geweier het veral as gevolg van onvoldoende toelatingsvereistes. Dit wil dus voorkom asof eerstejaarstudente nie streng gekeur word nie, alhoewel sekere departementshoofde graag 'n minimum vereiste (60% in Wiskunde in die matrikulasië-eksamen soos voorgestel deur die departementshoof van Wiskunde van die Universiteit van die Witwatersrand) sou wou stel.

Aangesien Chemie 'n verpligte vak vir feitlik alle eerstejaarstudente in die natuurwetenskaplike studierigtings is, kan daar beweer word dat heelwat meer as 'n 1,000 addisionele eerstejaarstudente nog geneem kon word (die departemente van Chemie kon nog 1193 neem). Daar moet egter onthou word dat 'n groot persentasie van hierdie addisionele getal (omtrent die helfte) nie 'n suiwer natuurwetenskaplike rigting vanaf die tweede studiejaar sou volg nie, dit wil sê as daar genoeg deur die ander studierigtings (ingenieurswese, geneeskundig, landbou ens.) opgeneem kon word.

TABEL 7.28

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN CHEMIE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	354 135	154 10	71 7	9 1	3 4	2 3	4 1
Kaapstad							
Rhodes	143 63	91 0	82 8	4 3	4 2	1 1	
Oranje-Vrystaat	120 300	50 100	20 50	8 20	4 10	3 10	3 10
Pretoria	1015 508	190 95	119 60				
Witwatersrand							
Potchefstroom	223 112	89 45	71 36	6 18	5 20	0 12	
Natal (Durban)	199 75	39 30	23 30	3 10	2 10	0 7	0 7
Natal (Pietermaritzburg)	161	55	34	12			
Totaal	2215	668	420	42	18	6	7
Addisionele getal	1193	280	191	52	46	33	18

7.3.1 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Chemie opgeneem kon word.

Volgens tabel 7.28 kan afgelei word dat die Departemente van Chemie redelik groot is, veral wat die getal studente in die eerste studiejaar betref. Alhoewel die departemente saam in 1962 nog ruimte gehad het vir meer as 'n duisend addisionele eerstejaarstudente wat meer is as die helfte van diegene reeds geregistreer, moet onthou word dat studierigtings in die ingenieurswese, geneeskunde, landbou ens. ook deur eerstejaarstudente in Chemie gevoed word. Die Universiteit van Stellenbosch en Rhodes-Universiteit sou nie veel meer addisionele studente in Chemie na die eerste studiejaar kon opneem nie, terwyl die Universiteit van Natal (Pietermaritzburg) nie addisionele getalle verstrek het nie. Geen departemente stel enige beperking op of het eerstejaarstudente toelating geweier nie.

TABEL 7.29

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FISIKA

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	386 214	126 60	50 30	7 13	14 10	2 5	5 5
Kaapstad							
Rhodes	121 179	21 69	21 69	4 16	4 10		
Oranje-Vrystaat	90 30	40 10	18 6	4 2	4 2	1 1	
Pretoria	1127 564	224 112	113 57				
Witwatersrand	655 1000	176 250	77 100	18 28	7 6	5 6	
Potchefstroom	202 101	41 21	16 8	7 4	5 20	4 10	1 10
Natal (Durban)	228 100	119 70	19 30	7 10	2 6	2 6	0 6
Natal (Pietermaritzburg)	135 100	20 20	12 20	0 6	3 3		
Totaal	2944	767	326	47	39	14	6
Addisionele getal	2288	612	320	79	57	28	21

7.3.2 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Fisika opgeneem kon word.

Volgens die getalle in tabel 7.29 wil dit voorkom of alle departemente van Fisika nog ruim addisionele studente in alle studiejaar kon opneem. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat sou weens 'n gebrek aan lesinglokale of ruimte, laboratoria en doserende personeel slegs 'n beperkte getal (n derde of minder van diegene wat reeds geregistreer was in die eerste drie studiejaar) kon opneem. Al die departemente wat gegewens verstrek het, het aangedui dat hulle nog nie eerstejaarstudente toelating geweier het nie.

TABEL 7.30

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FISILOGIE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	148 8	100 0	25 7	8 3		1 2	7 5
Kaapstad							
Pretoria		345 173	5 3				
Witwatersrand							
Potchefstroom	66 120	12 50	4 50	3 0			
Totaal	214	457	34	11		1	7
Addisionele getal	128	223	60	3		2	5

7.3.3 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Fisiologie opgeneem kon word

Volgens die gegewens verstrekk deur drie Departemente van Fisiologie wil dit voorkom asof die Universiteit van Stellenbosch vir die eerste vier studiejare weinig addisionele studente sou kon opneem terwyl die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. geen addisionele studente in die vierde studiejare kon opneem nie. Geen beperkende faktore word genoem nie en slegs die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. se departementshoof in Fisiologie was al verplig om eerstejaarstudente toelating te weier en wel as gevolg van fisiese en/of geestelike tekortkominge en onvoldoende toelatingsvereistes.

TABEL 7.31

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN GEOLOGIE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	54 50	20 10	24 6	2 3	5 5	3 5	3 5
Kaapstad							
Rhodes	24 70	21 9	22 8				
Oranje-Vrystaat	32 18	11 14	11 7	1 4	2 0		
Pretoria	128 64	33 17	18 9				
Witwatersrand	84 50	44 20	22 20	12 6			
Potchefstroom	3 20	5 5	3 7	2 2	2 2	0	0
Natal	30 50	26 4	11 10	5 3	0 4	0 4	0 4
Natal (Pietermaritzburg)	27						
Totaal	382	160	111	22	9	3	3
Addisionele getal	322	79	67	18	11	9	9

7.3.4 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Geologie opgeneem kon word

Indien tabel 7.31 bestudeer word, blyk dit dat met uitsondering van die tweede studiejaar aan die Universiteit van Natal (slegs 4 addisionele studente teenoor 26 reeds geregistreer), die derde studiejaar aan die Universiteit van Stellenbosch (slegs 6 addisioneel teenoor 24 reeds geregistreer) en die vyfde studiejaar aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (geen addisionele studente nie) die departemente in alle studiejare omtrent die helfte of meer as die helfte van die getal reeds geregistreeide studente addisioneel sou kon opneem. Nie een departement het beperkende faktore gemeld nie of eerstejaarstudente voorheen toelating geweier nie.

TABEL 7.32  
GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN FARMASIE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Rhodes		48 2	39 1	4 0			
Potchefstroom		75 85	76 44	2 10	6 6	1 2	
Totaal Addisionele getal		123 87	115 45	6 10	6 6	1 2	

7.3.5 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Farmasie opgeneem kon word

Aangesien die Departemente van Farmasie aan Rhodes-Universiteit en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. slegs kursusse vanaf die tweede studiejaar aanbied, het hulle dus geen eerstejaarstudente nie. Rhodes-Universiteit kon slegs 'n beperkte getal studente in die tweede en derde studiejare opneem, nl. 2 en 1 respektiewelik en geen addisionele studente vir die vierde studiejaar nie. Die Departement Farmasie aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. kon nog heelwat studente opneem.

TABEL 7.33  
GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENT HIGIËNE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Potchefstroom	90 30	36 14	15 10				
Totaal Addisionele getal	90 30	36 14	15 10				

7.3.6 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departement Higiëne opgeneem kon word

Dit was nie nodig vir die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. se Departement Higiëne om enige addisionele eerstejaarstudente as gevolg van beperkinge te weier nie en dié Departement sou nog 30 in 1962 kon opneem, dit wil sê 'n derde van die getal wat

reeds geregistreer was. Vir die tweede en derde studiejare sou die departement ook nog heelwat in 1962 kon opneem.

TABEL 7.34

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN PLANTKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	207 29	37 8	22 23	6 0	5 0	3 0	2 0
Kaapstad							
Rhodes	106 50	(4)	(11)	(2)	(0)	(0)	(0)
Oranje-Vrystaat	47 13	8 10	3 15	1 2	1 1	1 1	0 0
Pretoria	609 305	89 45	30 15				
Witwatersrand	260 70	26 25	25 15	7 4			
Potchefstroom	136 14	33 17	19 21	5 10	2 8	0 4	
Natal (Pietermaritzburg)	170 38	29 13	20 12	2 4	3 1	1 0	2 0
Totaal	1535	222	119	21	11	5	4
Addisionele getal	519	118	101	20	10	5	0

7.3.7 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Plantkunde opgeneem kon word

Meeste departemente (Universiteit van Natal, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Universiteite van die Witwatersrand, Oranje-Vrystaat en Stellenbosch) het aangedui dat veral in die eerste studiejare 'n beperkte getal addisionele studente opgeneem kon word. Die Universiteit van Stellenbosch dui aan dat weens 'n tekort aan personeel geen addisionele nagraadse studente in Plantkunde opgeneem kon word nie. Die Universiteit van die Witwatersrand het as beperkende faktor aangevoer die tekort aan laboratoria en was ook die enigste departement wat eerstejaarstudente toelating geweier het omrede swak prestasie van die studente gedurende die matrikulasievystellingseksamen.

TABEL 7.35

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN DIERKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	170 100	39 21	25 5	2 4	3 1	7 5	
Kaapstad							
Rhodes	114 70	1 20	0 26	0 1			
Oranje-Vrystaat	44 46	9 11	6 9	0	0 3	0 2	
Pretoria	580 290	74 37	35 18				
Witwatersrand	280 40	31 5	21 5	9 0			
Potchefstroom	116 44	27 0	23 0	4 0	7 3	4 3	1 3
Natal (Pietermaritzburg)	125	29	20				
Totaal	1429	210	130	15	10	11	1
Addisionele getal	590	94	63	5	7	10	3

7.3.8 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Dierkunde opgeneem kon word

Die Departement Dierkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. het aangedui dat geen addisionele studente vir die tweede, derde en vierde studiejare opgeneem kon word nie. Die Universiteit van die Witwatersrand kon nog net 'n beperkte aantal opneem (40 eerstejaarstudente teenoor 280 reeds geregistreer, 5 tweedejaarstudente teenoor 31 reeds geregistreer, 5 derdejaarstudente teenoor 21 reeds geregistreer en geen vierdejaarstudente teenoor 9 reeds geregistreer) weens 'n tekort aan laboratoria en doserende personeel. Die Universiteit van Natal het nie aangedui of die Departement Dierkunde addisionele studente sou kon opneem nie. Verder het geen departement eerstejaarstudente toelating geweier nie.

TABEL 7.36

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN WISKUNDE EN TOEGEPASTE WISKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	425 195	216 60	164 96	26 25	13 6	1 1	
Kaapstad							
Rhodes (Grahamstad)	151 348	35 55	16 54	2 38			
Rhodes (Port Elizabeth)	41 99						
Oranje-Vrystaat	92 40	47 40	25 30	3 8	3 3	0	
Pretoria	1059 530	675 338	345 173				
Witwatersrand	466 0	238 0	120 0	7 0			
Potchefstroom	137 600	69 400	32 400	3 100	2 50	0 25	
Natal (Durban)	408 110	179 130	80 80	6 35			
Natal (Pietermaritzburg)	118	36	14				
Totaal	2897	1495	796	47	18	1	
Addisionele getal	1922	1023	833	206	59	26	

7.3.9 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Wiskunde en Toegepaste Wiskunde opgeneem kon word

Alle departemente met uitsondering van dié van die Universiteit van die Witwatersrand het aangedui dat nog heelwat addisionele studente vir alle studiejare opgeneem kon word (die Universiteit van Natal het nie aangedui wat die addisionele getalle vir die afdeling in Pietermaritzburg sou wees nie).

Die Universiteit van die Witwatersrand kon nie addisionele studente opneem nie weens 'n tekort aan personeel terwyl die departement studente met minder as 60% in Wiskunde in die Matrikulasiëksamen sou wou weier. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het ook 'n personeeltekort.

TABEL 7.37

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN HUISHOUDKUNDE

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Stellenbosch	85 11	62 16	53 13	17 7	1 1		
Pretoria	27 14	22 11	23 12	16 8			
Potchefstroom	23 27	19 31	20 30	12 48	1 7		
Totaal	135	103	96	45	2		
Addisionele getal	52	58	55	63	8		

7.3.10 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Huishoudkunde opgeneem kon word

Min addisionele studente sou deur die Departement Huishoudkunde van die Universiteit van Stellenbosch in 1962 opgeneem kon word. Die ander twee universiteite het aangedui dat hulle feitlik nog onbepaalde ruimte vir addisionele studente in al die studiejare gehad het. Slegs die Departement Huishoudkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. het aangedui dat eerstejaarstudente al toelating tot die departement geweier is omrede onvoldoende toelatingsvereistes.

TABEL 7.38

GETAL STUDENTE IN DIE DEPARTEMENTE VAN ARGITEKTUUR

Universiteit	1ste jaar	2de jaar	3de jaar	4de jaar	5de jaar	6de jaar	7de jaar
Oranje-Vrystaat							
Pretoria	41 21	46 23	35 18	34 17	43 22		
Witwatersrand							
Natal (Durban)	10 15	17 8	10 15	5 20	20 5	0 25	
Totaal	51	63	45	39	63	0	
Addisionele getal	36	31	33	37	27	25	

7.3.11 Beperkinge in verband met die getal studente wat in die Departemente van Argitektuur opgeneem kon word

Gegewens is ingewin van slegs twee departemente wat albei aangetoon het dat hulle vir alle studiejare nog feitlik onbepaalde ruimte vir addisionele studente gehad het. Die departemente het geen beperking op die toelating van eerstejaarstudente gehad nie en het nog nooit tevore eerstejaarstudente toelating geweier nie.



7.4 'N ONTLEDING VAN DIE GETAL STUDENTE GEREKISTREER, DIE MOONTLIKE ADDISIONELE GETAL EN DIE BEPERKENDE FAKTORE IN DIE DEPARTEMENTE VAN INGENIEURSWESE

Eerstejaarstudente in die ingenieurswese neem hoofsaaklik inleidende vakke soos Natuur- en Skeikunde, Wiskunde en Toegepaste Wiskunde sodat daar nie 'n getroue beeld geges kon word van die addisionele getal eerstejaarstudente wat deur die verskillende departemente opgeneem kon word nie. So het die Universiteite van Stellenbosch en die Witwatersrand hulle eerstejaarstudente geklassifiseer onder die Departemente Werktuigkundige Ingenieurswese, die Universiteit van Pretoria onder die verskillende departemente en die Universiteit van Natal het geen eerstejaarstudente aangedui nie (hulle is dus onder die natuurwetenskaplike departemente versprei) - dit wil sê slegs die drie hoofrigtings in ingenieurswese.

Die Universiteit van die Witwatersrand met die grootste getal eerstejaarstudente in ingenieurswese (348 in die drie hoofrigtings teenoor die 183 van die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch saam) kon geen addisionele eerstejaarstudente opneem nie as gevolg van 'n tekort aan ruimte en doserende personeel. Hierdie faktore sowel as 'n tekort aan laboratoria geld ook vir dieselfde universiteit se Departement Chemiese Ingenieurswese. Die ander universiteite sou nog ruim eerst jaarstudente kon opneem en is dus hoofsaaklik verantwoordelik vir die 116 addisionele eerstejaarstudente wat opgeneem kon word in die eerste vier departemente soos aangetoon in tabel 7.39. Hiervan kan afgelei word dat (as gevolg van die beperkende faktore aan die Universiteit van die Witwatersrand soos in paragraaf 7.4.2 verduidelik) nie veel ruimte vir addisionele studente in ingenieurswese bestaan nie, veral vir die Engelssprekendes.

- (iii) Uit 'n totale getal van 3,353 leerlinge met eerste klassee het 1,870 (55.78%) vir universitêre kursusse waarvoor matriculasievrystelling 'n vereiste is in 1962 ingeskryf teenoor die 1,483 (44.22%) wat dit nie gedoen het nie. Alhoewel 'n aansienlike aantal van die 5,775 (58.61%) matriculante wat nie universiteit toe is nie, moontlik in 1962 deur die Weermag, Polisie, Onderwyskolleges, Handelsfirmas (waarvan sommige kursusse deur middel van die Universiteit van Suid-Afrika geneem het) en ander, opgeneem is, moet hulle nogtans as 'n aansienlike verlies van potensiaal vir 1962 beskou word, veral gesien in die lig van die land se dringende behoefte aan gegradueerde natuurwetenskaplikes, ingenieurs, medici en onderwysers soos deur „'n Opname van die Opleiding van en Werksgeleenthede vir Natuurwetenskaplikes en Ingenieurs in Suid-Afrika" van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing aangetoon is. (Vir moontlike universiteitspotensiaal onder Weermaglotelinge kyk bl. 7).

### 8.2.2 'n Ontleding volgens huistaal

Alhoewel die helfte van die matrikulante Afrikaanssprekend was, (kyk para. 2.5) het slegs 1,835 (37.2%) vir universitêre kursusse waarvoor matrikulasievrystelling vereis word, ingeskryf teenoor 2,058 (46.5%) van die Engelssprekendes, wat 'n groter verlies aan Afrikaanssprekende as aan Engelssprekende universiteitspotensiaal beteken.

### 8.3 'N ONTLEDING VAN DIE GETAL MATRIKULANTE WAT VIR DIE VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS WAARVOOR MATRIKULASIEVRYSTELLING 'N VEREISTE WAS, INGESKRYF HET

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die verskillende studierigtings in ses hoofgroepe verdeel wat min of meer aanpas by die fakulteite van die verskillende universiteite, kyk paragraaf 1.4.10.

#### 8.3.1 'n Algemene ontleding

Volgens tabel 2.2 het die grootste groep naamlik 1,750 (42.9%) van die 4,078 matrikulante wat na 'n universiteit gegaan het, vir geesteswetenskaplike studierigtings ingeskryf. Hierna volg die natuurwetenskaplike studierigtings met 861 (21.1%), die handelwetenskaplike studierigtings met 493 (12.1%), die ingenieurswese met 412 (10.1%), die mediese wetenskappe met 385 (9.4%) en die studierigtings in Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde met 177 (4.3%). Hiervan kan afgelei word dat 1,835 leerlinge (44.9%) kursusse in natuurwetenskaplike en verwante rigtings gekies het. Van die 1,870 matrikulante met eersteklasse wat universiteit toe gegaan het, het 729 (39.0%) 'n geesteswetenskaplike studierigting, 477 (25.5%) 'n natuurwetenskaplike studierigting, 220 (11.8%) 'n studierigting in die ingenieurswese, 208 (11.1%) 'n studierigting in die mediese wetenskappe, 165 (8.8%) 'n studierigting in die handelwetenskappe en 71 (3.8%) 'n studierigting in Landbou, Bosbou of Veeartsenykunde gekies. Met ander woorde 976 (52.2%) van die eersteklasse het kursusse in die natuurwetenskaplike en verwante studierigtings gekies.

#### 8.3.2 'n Ontleding volgens huistaal

'n Ontleding van die matrikulante wat in 1962 vir universitêre studie ingeskryf het, toon die volgende (kyk tabel 2.3):

- (i) Van die 1,750 matrikulante wat studierigtings in die geesteswetenskappe gekies het, was 914 (52.2%) Afrikaanssprekend.
- (ii) Van die 861 matrikulante wat studierigtings in die natuurwetenskappe gekies het, was 443 (51.5%) Engelssprekend.
- (iii) Slegs 106 (25.7%) van die matrikulante wat studierigtings in die ingenieurswese gekies het, was Afrikaanssprekend.
- (iv) Die Engelssprekendes, met 37 (20.9%) wat studierigtings in Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde gekies het, was heelwat minder as die Afrikaanssprekendes.
- (v) Slegs 116 (30.1%) van die matrikulante wat vir studierigtings in die mediese wetenskappe ingeskryf het, was Afrikaanssprekend.
- (vi) Die Afrikaanssprekendes naamlik 187 (37.9%) wat studierigtings in die handelwetenskappe gekies het, was ook op hierdie gebied in die minderheid.

Alhoewel die Afrikaanssprekendes dus in die meerderheid in die geesteswetenskaplike studierigtings was, was hulle nog by verre in die minderheid in die ingenieurswese, mediese wetenskappe en handelwetenskappe. Die Engels-sprekendes maak daarenteen 'n kleiner persentasie uit van diegene wat studierigtings in Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde kies.

#### 8.4 'N VERGELYKING VAN MATRIEKVAKKE WAT GENEEM IS EN VAKPRESTASIES IN MATRIEK DEUR EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS

Kyk tabel 8.1.

##### 8.4.1 Matriekvakke wat geneem is

By 'n ontleding van die persentasie matrikulante wat bepaalde vakke in elke groep studierigtings geneem het, is die volgende bevind (kyk tabel 8.1):

- (i) Meer as 99.0% van elke groep leerlinge in die verskillende studierigtings het Afrikaans en Engels as matriekvak geneem. Oor die algemeen was die persentasie wat Engels geneem het, effens hoër as dié wat Afrikaans geneem het.
- (ii) Wiskunde is deur 74.3% van diegene met studierigtings in die geestwetenskappe geneem teenoor meer as 98.0% in elk van die ander vyf groepe.
- (iii) 'n Groter persentasie van die geestwetenskaplike groep naamlik 63.1% het Biologie, Plant- en/of Dierkunde as matriekvak geneem teenoor 48.7% wat Natuur- en/of Skeikunde as matriekvak geneem het. Meer as 80% in elk van die ander vyf groepe het Natuur- en/of Skeikunde as matriekvak geneem (98.6% van diegene met studierigtings in die ingenieurswese).
- (iv) Van die ander matriekvakke was 'n derde taal onder die geesteswetenskaplike groep (deur 78.5% van die groep geneem), besonder populêr teenoor 71.7% vir die mediese groep, 64.6% vir die ingenieursgroep en 55.4% vir die natuurwetenskaplike groep. Geskiedenis is deur 70.9% van die geesteswetenskaplike groep geneem teenoor 57.4% vir die handelsgroep, 56.1% vir die mediese groep en 50.1% vir die natuurwetenskaplike groep, terwyl Boekhou deur slegs 50.5% van die handelsgroep geneem is.

Vakke wat dus die meeste deur die verskillende studiegroepe geneem is, is Afrikaans, Engels, 'n derde taal, Wiskunde, Biologie, Plant- en/of Dierkunde en Geskiedenis deur die geesteswetenskaplike groep, Afrikaans, Engels, 'n derde taal, Wiskunde, Natuur- en/of Skeikunde en Geskiedenis deur die natuurwetenskaplike en mediese groepe en Afrikaans, Engels, Wiskunde, Natuur- en/of Skeikunde, Geskiedenis en Boekhou deur die handelwetenskaplike groepe.



TABEL 8.1  
EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS ONTLEED VOLGENS MATRIEKVAKKE GENEEM

Vakke	Geesteswetenskap- pe		Natuurwetenskappe		Ingenieursweten- skappe		Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde		Mediese Wetenskap- pe		Handelwetenskappe	
	Getal	% van groep	Getal	% van groep	Getal	% van groep	Getal	% van groep	Getal	% van groep	Getal	% van groep
Afrikaans	1733	99.0	855	99.3	402	97.6	177	100.0	384	99.7	489	99.2
Engels	1748	99.9	861	100.0	412	100.0	177	100.0	385	100.0	493	100.0
Derde taal	1374	78.5	477	55.4	266	64.6	78	44.1	276	71.7	158	34.1
Wiskunde	1300	74.3	858	99.7	410	99.5	176	99.4	378	98.1	486	98.6
Natuur-en/of Skeikunde	853	48.7	749	87.0	407	98.8	165	93.2	332	86.2	406	82.3
Biologie, Plant- en/of Dierkunde	1104	63.1	359	41.7	78	18.9	78	44.1	170	44.2	137	27.8
Geologie, Meganika, Fisiologie of Gesond- heidsleer	48	2.7	22	2.5	21	5.1	5	2.8	8	2.1	6	1.2
Boekhou	170	9.7	164	19.0	57	13.8	46	26.0	49	12.7	249	50.5
Handel, Ekonomie, Tik- en/of Snelskrif	108	6.2	25	2.9	12	2.9	1	0.6	12	3.1	51	10.3
Geskiedenis	1241	70.9	432	50.1	194	47.1	76	43.0	216	56.1	283	57.4
Aardrykskunde	413	23.6	245	28.5	135	32.8	32	18.1	75	19.5	145	29.4
Kuns of Musiek	199	11.4	32	3.7	13	3.2	0	0	13	3.4	9	1.8
Huishoudkunde, Hout- en Metaalwerk, ens.	227	13.0	88	10.2	52	12.6	47	26.6	28	7.3	37	7.5
Totaal in groep	1750		861		412		177		385		493	

TABEL 8.2

VAKPRESTASIES IN Matriek DEUR EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE  
 VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS

Vakke	Gemiddelde persentasie van groepe in elke vak					
	Geestes- weten- skaplike groep	Natuur- weten- skap- like groep	Inge- nieurs- groep	Landbou, Bosbou en Vee- artseny- kundige groep	Mediese groep	Handels- groep
Afrikaans	61.4	59.1	56.5	57.3	58.3	55.4
Engels	61.9	59.6	57.8	55.2	60.1	55.7
Derde taal	57.8	59.8	59.3	55.6	58.5	56.6
Wiskunde	54.6	64.5	68.5	58.5	61.8	59.0
Natuur- en/of Skeikunde	56.9	64.5	65.3	61.5	62.6	56.9
Biologie, Plant- en/of Dierkunde	58.3	64.1	65.7	63.0	63.9	58.8
Geologie, Meganika, Fisiologie en Ge- sonheidsleer	58.8	65.9	69.4	57.0	60.2	61.7
Boekhou	59.8	66.4	69.3	61.3	64.5	66.9
Handel, Ekonomie, Tik- en/of Snel- skrif	60.3	62.2	63.5	85.0	65.8	60.0
Geskiedenis	61.4	62.1	59.8	57.6	63.0	59.1
Aardrykskunde	56.2	57.7	57.8	57.8	59.0	54.8
Kuns of Musiek	62.0	62.3	59.0	-	59.8	56.1
Huishoudkunde, Hout- en Me- taalwerk, ens.	60.9	62.5	65.2	61.4	62.9	57.8

#### 8.4.2 Vakprestasies in matriek

Na berekening van die gemiddelde prestasie in elke matriek-  
 vak vir die verskillende studiegroepe is die volgende bevind  
 (kyk tabel 8.2):

- (i) 'n Goeie gemiddelde prestasie is deur bykans al die stu-  
 diegroepe in die amptelike tale behaal met die geestes-  
 wetenskaplike groep (met 'n gemiddelde prestasie in Afri-  
 kaans van 61.4% en Engels van 61.9%), natuurwetenskap-  
 like groep (met 'n gemiddelde prestasie in Afrikaans  
 van 59.1% en Engels van 59.6%) en die mediese groep  
 (met 'n gemiddelde prestasie in Afrikaans van 58.3% en  
 Engels van 60.1%) die beste daaraan toe.
- (ii) Diegene met studierigtings in die natuurwetenskappe met  
 59.8%, diegene in ingenieurswese met 59.3% en diegene  
 in mediese wetenskappe met 58.5% het genoemde goeie  
 gemiddelde prestasies in 'n derde taal behaal. Kenmerk-  
 end is die redelik swak gemiddelde prestasie van 57.8%  
 van die geesteswetenskaplike groep.
- (iii) Die ingenieursgroep het soos verwag die beste in Wis-  
 kunde presteer met 68.5% gemiddeld, gevolg deur die

natuurwetenskaplike groep (64.5%) en mediese groep (61.8%). Die ander drie groepe se gemiddelde prestasie in Wiskunde is laer as 60.0% naamlik geesteswetenskaplike groep met 54.6%, Landbou, Bosbou en Veeartsenykundige groep met 58.5% en die handelsgroep met 59.0%.

- (iv) Die ingenieursgroep het ook die beste presteer in Natuur- en/of Skeikunde met 65.3%, gevolg deur die natuurwetenskaplike groep met 64.5% en die mediese groep met 62.6%.
- (v) Die volgorde vir Biologie, Plant- en/of Dierkunde is nagenoeg dieselfde, naamlik ingenieursgroep met 65.7% ('n kleiner persentasie, naamlik 18.9%, van hierdie groep het hierdie vakke geneem,) natuurwetenskaplike groep met 64.1% en mediese groep met 63.9%.
- (vi) Die gemiddelde prestasie in Boekhou was vir alle groepe besonder hoog met die ingenieursgroep die hoogste met 69.3% gevolg deur die handelsgroep met 66.9% en natuurwetenskaplike groep met 66.4%.
- (vii) Die mediese groep het die beste presteer in Geskiedenis met 'n gemiddelde van 63.0% gevolg deur die natuurwetenskaplike groep met 62.1% en geesteswetenskaplike groep met 61.4%.
- (viii) In vergelyking met die gemiddelde prestasies in ander matriekvakke was dié in Aardrykskunde vir alle studiegroepe redelik laag en wissel tussen 54.8% en 59.0% vir die ses groepe.

Soos verwag kon word, het die geesteswetenskaplike groep die beste presteer in die amptelike tale naamlik 61.4% en 61.9% in Afrikaans en Engels respektiewelik, en ook redelik goed in Geskiedenis naamlik 61.4%. Hierdie groep se gemiddelde prestasie in 'n derde taal met 57.8% was egter swakker as die natuurwetenskaplike en verwante groepe. Die mediese groep se goeie gemiddelde prestasie in Geskiedenis, naamlik 63.0%, is 'n verrassing. Die natuurwetenskaplike groepe se goeie gemiddeldes in Wiskunde en die natuurwetenskaplike vakke het aan verwagtinge voldoen.

#### 8.5 DIE OORBLYWENDE GROEP MATRIKULANTE EN DIE MOONTLIKE STUDIERIGTINGS WAT HULLE KON GEVOLG HET

TABEL 8.3

MATRIKULANTE WAT IN 1962 NA 'N UNIVERSITEIT EN NIE NA 'N UNIVERSITEIT  
GEGAAN HET NIE, VOLGENS MATRIEKVAKKE ONTLEED

Vakke	Eerstejaarstu- dente aan univer- siteit in 1962		Nie na universi- teit in 1962		Totale getal ma- trikulante	
	Met C- simbole of hoër	Totaal	Met C- simbole of hoër	Totaal	Met C- simbole of hoër	Totaal
Afrikaans	1857 (48.96%)	4040 (41.4%)	1936 (51.04%)	5728 (58.6%)	3793 (100.0%)	9768 (100.0%)
Engels	1898 (51.6%)	4076 (41.4%)	1779 (48.4%)	5775 (58.6%)	3677 (100.0%)	9851 (100.0%)
Derde taal	1113 (59.4%)	2639 (48.7%)	762 (40.6%)	2780 (51.3%)	1875 (100.0%)	5419 (100.0%)
Wiskunde	1728 (51.8%)	3608 (41.1%)	1611 (48.2%)	5166 (58.9%)	3339 (100.0%)	8774 (100.0%)
Natuur- en/of Skeikunde	1493 (53.4%)	2912 (42.8%)	1304 (46.6%)	3893 (57.2%)	2797 (100.0%)	6805 (100.0%)
Biologie, Plant- en/of Dierkunde	956 (50.7%)	1926 (40.7%)	930 (49.3%)	2811 (59.3%)	1886 (100.0%)	4737 (100.0%)
Geologie, Megani- ka, Fisiologie of Gesondheidsleer	59 (51.3%)	110 (41.1%)	56 (48.7%)	158 (58.9%)	115 (100.0%)	268 (100.0%)
Boekhou	466 (39.3%)	735 (30.7%)	719 (60.7%)	1658 (69.3%)	1185 (100.0%)	2393 (100.0%)
Handel, Ekonomie, Tik- en/of Snel- skrif	103 (37.9%)	209 (37.9%)	169 (62.1%)	342 (62.1%)	272 (100.0%)	551 (100.0%)
Geskiedenis	1318 (52.5%)	2442 (43.4%)	1192 (47.5%)	3183 (56.6%)	2510 (100.0%)	5625 (100.0%)
Aardrykskunde	366 (50.6%)	1045 (37.8%)	357 (49.4%)	1723 (62.2%)	723 (100.0%)	2768 (100.0%)
Kuns of Musiek	142 (49.5%)	266 (45.3%)	145 (50.5%)	321 (54.7%)	287 (100.0%)	587 (100.0%)
Huishoudkunde, Hout- en Metaal- werk, ens.	259 (32.6%)	479 (30.7%)	536 (67.4%)	1083 (69.3%)	795 (100.0%)	1562 (100.0%)

#### 8.5.1 Die omvang van die oorblywende groep matriculante

Wanneer die getal matriculante wat nie in 1962 vir univer-  
sitêre studierigtings ingeskryf het nie (ongeveer 1000<sup>1</sup>) van  
die 5775 oorblywende matriculante was moontlik geloot vir ver-  
pligte militêre diens) met die ander matriculante vergelyk word,  
word die volgende bevind (kyk tabel 8.3):

- (i) Amper drie-vyftes (58.6%) van diegene wat die amptelike  
tale as matriculante geneem het, is nie na universiteit  
nie. Meer as die helfte (51.04%) van diegene wat 'n  
C-simbool en hoër in Afrikaans behaal het, het nie na  
universiteit gegaan nie.

1) Kyk bl. 7

- (ii) Meer as die helfte (51.3%) van die matrikulante wat 'n derde taal in matriek geneem het, het nie na universiteit gegaan nie.
- (iii) 'n Besondere hoë persentasie (58.9%) van die matrikulante met Wiskunde as matriekvak was nie in 1962 op universiteit nie. Amper die helfte (48.2%) van diegene met 'n C-simbool en hoër in Wiskunde het nie na universiteit gegaan nie.
- (iv) Van die matrikulante met Natuur- en/of Skeikunde en biologiese vakke is 57.2% en 59.3% respektiewelik nie na universiteit nie.
- (v) Die persentasie matrikulante wat nie universiteit toe gegaan het nie en Boekhou as matriekvak geneem het, was 69.3%; 60.7% van diegene wat 'n C-simbool of hoër in Boekhou behaal het, het nie na 'n universiteit in 1962 gegaan nie.
- (vi) Vir al die ander vakke het meer as die helfte van die matrikulante met hierdie vakke nie vir studierigtings aan 'n universiteit ingeskryf nie.

Die verlore potensiaal wat Wiskunde en die natuurwetenskaplike vakke geneem het, is dus besonder hoog veral as die land se tekort aan natuurwetenskaplikes, ingenieurs en medici in aanmerking geneem word.

TABEL 8.4

VERDELING VAN DIE NIE-UNIVERSITEITSGROEP IN DIE SES GROEPPE STUDIERIGTINGS

Studierigtings	Eersteklasse	Tweedeklasse	Totaal
Geesteswetenskappe	578	1900	2478
Natuurwetenskappe	378	841	1219
Ingenieurswese	175	409	584
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde	56	193	249
Mediese wetenskappe	165	380	545
Handelwetenskappe	131	569	700
Totaal	1483	4292	5775

8.5.2 'n Verdeling van die matrikulante wat nie na universiteit in 1962 gegaan het nie, in moontlike studierigtings

Indien die oorblywende groep matrikulante in universitêre studierigtings op grond van die verspreiding van diegene wat wel universiteit toe is, verdeel word, kan die volgende as 'n moontlike verdeling beskou word (kyk tabel 8.4):

- (i) Omtrent 2478 van die oorblywende groep matrikulante waarvan 578 eersteklasse behaal het, behoort vir geesteswetenskaplike studierigtings in te geskryf het.

- (ii) Vir die natuurwetenskaplike studierigtings was daar nog ongeveer 1219 matrikulante waaronder 378 eerste-klasse behaal het.
- (iii) Ongeveer 584 (175 eerste-klasse) behoort vir ingenieurs-kursusse in te geskryf het.
- (iv) Ongeveer 249 (56 eerste-klasse) sou kursusse in Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde gekies het.
- (v) Ongeveer 545 (165 eerste-klasse) sou 'n mediese studierigting gekies het.
- (vi) Ongeveer 700 (131 eerste-klasse) sou 'n studierigting in die handelwetenskappe gekies het.

Hiervan kan dus afgelei word dat alle studierigtings in 1962 heelwat addisionele eerstejaarstudente sou gehad het indien hierdie verlore universiteitspotensiaal<sup>1)</sup> vir universitêre kursusse wat 'n matriekvrystelling vereis, in 1962 ingeskryf het.

#### 8.6 'N ONTLEDING VAN DIE BESTAANDE UNIVERSITÊRE OPLEIDINGSFASILITEITE

'n Tekort aan opleidingsfasiliteite wat noodwendig die getal addisionele studente wat universiteitsdepartemente kon opneem, beperk, is veral in departemente in die geesteswetenskappe, ingenieurswese en mediese wetenskappe van sekere universiteite 'n probleem. Vervolgens word slegs dié departemente wat geen of weinig addisionele eerstejaarstudente kon opneem, bespreek met 'n verwysing na dié faktore wat vir hierdie beperkinge verantwoordelik was.

##### 8.6.1 'n Ontleding van die departemente in die geesteswetenskappe

Slegs departemente wat minder as 30% van die getal eerstejaarstudente reeds geregistreer in 1962 addisioneel kon neem, word bespreek (kyk tabelle 8.5 en 8.6).

Die volgende faktore was daarvoor verantwoordelik dat die verskillende departemente geen of weinig addisionele eerstejaarstudente in 1962 kon opneem:

- (i) 'n Tekort aan lesinglokale/-ruimte in die departement van Wysbegeerte (Universiteit van die Oranje-Vrystaat), Musiek (Rhodes-Universiteit) en Skone Kunste (Rhodes-Universiteit).
- (ii) 'n Tekort aan praktiese fasiliteite in die departemente van Sielkunde (Universiteit van die Witwatersrand), Musiek (Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.) en Liggaamlike Opvoeding (Rhodes-Universiteit).
- (iii) 'n Tekort aan dosente in die departemente van Geskiedenis (Universiteite van Stellenbosch, die Oranje-Vrystaat en Rhodes-Universiteit), Wysbegeerte (Universiteit van Stellenbosch), Sielkunde (Universiteit van Stellenbosch en die Witwatersrand), Liggaamlike Opvoeding (Universiteit

---

1) As aangeneem word dat ± 1,000 lotelinge (kyk bl. 7) ook na 'n universiteit kon gegaan het.

van Stellenbosch en Rhodes-Universiteit), Afrikaans-Nederlands (Universiteit van Stellenbosch), Engels (Universiteit van Stellenbosch en Natal - Durban) en Frans (Rhodes-Universiteit).

Die volgende departemente kon nog addisionele eerstejaarstudente neem, maar minder as 30% van die wat alreeds geregistreer was:

Aardrykskunde (Universiteit van Stellenbosch en Natal), Geskiedenis (Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.), Sosiologie en Maatskaplike Werk (Universiteit van die Witwatersrand), Musiek (Universiteit van die Witwatersrand), Opvoedkunde (Rhodes-Universiteit), Afrikaans-Nederlands (Universiteit van die Oranje-Vrystaat), Engels (Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.), Klassieke Tale (Universiteit van die Witwatersrand en Oranje-Vrystaat), Semitiese Tale (Universiteit van Stellenbosch), Duits (Universiteit van Stellenbosch) en Frans (Universiteit van Stellenbosch). Dit wil dus voorkom asof daar 'n besondere behoefte is aan uitbreiding van departemente in die geesteswetenskappe aan die Universiteite van Stellenbosch (besonder noodsaaklik), Natal, die Witwatersrand, die Oranje-Vrystaat, Rhodes-Universiteit en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. Dit bring mee dat in die geesteswetenskappe weinig meer as 500 addisionele eerstejaarstudente opgeneem sou kon word.

TABEL 8.5

DEPARTEMENTE IN DIE GEESTESWETENSKAPPE WAT SAAM MINDER AS 40% ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	Getal universiteite met die volgende departemente	Getal departemente wat inligting verskaf het	Getal departemente wat nie addisionele eerstejaars kon opneem nie	(a) Getal studente in departemente in 1962						Sesde en Sewende jaar
				(b) Addisionele getal wat opgeneem kon word						
				Eerste jaar	Tweede jaar	Derde jaar	Vierde jaar	Vyfde jaar		
Geskiedenis	9	7	3 (S,R,O)	(a) 1076 (b) 133	497 62	347 61	36 13	10 0	6 0	
Wysbegeerte	9	7	2 (S,O)	(a) 518 (b) 182	146 89	95 74	13 6	8 10	6 5	
Sielkunde	9	8	2 (S,W)	(a) 1853 (b) 665	936 253	457 111	43 43	26 29	9 8	
Musiek	7	6	2 (R,Po)	(a) 300 (b) 79	151 47	149 23	38 11	3 3	6 5	
Skone Kunste	5	3	1 (R)	(a) 181 (b) 56	49 14	49 17	6 0			
Afrikaans-Nederlands	9	7	1 (S)	(a) 2069 (b) 783	620 356	361 205	67 55	19 36	9 20	
Engels	9	7	2 (S, Nd)	(a) 2096 (b) 508	382 84	290 52	43 21	7 10	1 0	
Semitiese Tale	6	3	0	(a) 191 (b) 75	134 55	41 21	1 4	2 3	1 1	
Duits	9	7	1 (Po)	(a) 709 (b) 251	215 159	123 112	1 28	1 5	4 15	
Frans	8	4	1 (R)	(a) 424 (b) 106	70 36	38 33	5 6	2 5	0 0	

S = Universiteit van Stellenbosch  
 R = Rhodes-Universiteit  
 O = Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
 W = Universiteit van die Witwatersrand  
 Po = Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.  
 Nd = Universiteit van Natal (Durban)

TABEL 8.6

DEPARTEMENTE IN DIE GEESTESWETENSKAPPE WAT MINDER AS 30% ADDISIONELE  
 EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	Universiteite					
	Stellen- bosch	Rhodes	Oranje- Vrystaat	Witwaters- rand	Potchef- stroom	Natal
Aardrykskunde	(a) 340 (b) 25					41 7
Geskiedenis	(a) 238 (b) 0	99 0	306 0		89 20	
Wysbegeerte	(a) 79 (b) 0		100 0			
Sielkunde	(a) 412 (b) 0			250 0		
Sosiologie en Maatskaplike Werk	(a) (b)			358 77		
Musiek	(a) (b)	13 3		102 25	91 0	
Skone Kunste	(a) (b)	66 0				
Liggaamlike Opvoeding	(a) 68 (b) 0	23 7				
Opvoedkunde	(a) (b)	55 10				
Afrikaans- Nederlands	(a) 480 (b) 0		427 100			
Engels	(a) 346 (b) 0				215 50	236 0
Klassieke Tale	(a) (b)		50 7	241 49		
Semitiese Tale	(a) 82 (b) 20					
Duits	(a) 141 (b) 30				85 0	
Frans	(a) 115 (b) 15	89 0				

(a) Getal eerstejaarstudente in departemente

(b) Addisionele getal eerstejaarstudente wat opgeneem kon word



TABEL 8.7

DEPARTEMENTE IN DIE NATUURWETENSKAPPE WAT SAAM MINDER AS 40%  
ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	Getal universiteite met die volgende departemente	Getal departemente wat inligting verskaf het	Getal departemente wat nie addisionele eerstejaarstudente kon opneem nie	(a) Getal studente in departemente in 1962						(b) Addisionele getal wat opgeneem kon word						
				1ste jr.	2de jr.	3de jr.	4de jr.	5de jr.	6de en 7de jr.	1ste jr.	2de jr.	3de jr.	4de jr.	5de jr.	6de en 7de jr.	
Higiëne	1	1	0	(a) 90 (b) 30	36	15										
Plantkunde	8	7	0	(a) 1535 (b) 519	222	119	21	11	9							5
Huishoudkunde	3	3	0	(a) 135 (b) 52	103	96	45	2								8

TABEL 8.8

DEPARTEMENTE IN DIE NATUURWETENSKAPPE WAT MINDER AS 30% ADDISIONELE  
EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	Universiteite					
	Stellenbosch	Rhodes	Oranje-Vrystaat	Witwatersrand	Potchefstroom	Natal
Plantkunde	(a) 207 (b) 29		47 13	260 70	136 14	170 38
Dierkunde	(a) (b)			280 40		
Fisiologie	(a) 148 (b) 8					
Farmasie	(a) (b)	48 2				
Huishoudkunde	(a) 85 (b) 11					
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde	(a) (b)			466 0		408 110

(a) Getal eerstejaarstudente in departement.

(b) Addisionele getal eerstejaarstudente wat opgeneem kon word.

### 8.6.2 'n Ontleding van die departemente in die natuurwetenskappe

By die bestudering van tabelle 8.7 en 8.8 sal gevind word dat die Departement van Wiskunde en Toegepaste Wiskunde van die Universiteit van die Witwatersrand die enigste departement was wat geen addisionele eerstejaarstudente weens 'n tekort aan doserende personeel kon opneem nie.

Die volgende departemente kon minder as 30% addisionele eerstejaarstudente neem:

Plantkunde (Universiteite van Stellenbosch, Natal, die Oranje-Vrystaat, die Witwatersrand en die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.), Dierkunde (Universiteit van die Witwatersrand), Fisiologie (Universiteit van Stellenbosch), Farmasie (Rhodes-Universiteit), Huishoudkunde (Universiteit van Stellenbosch) en Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (Universiteit van Natal - Durban).

Die behoefte aan uitbreiding van opleidingsfasiliteite word dus veral in die Departemente van Plantkunde gevoel. Dit is belangrik omdat Plantkunde deur toekomstige studente in die Landbou, Bosbou en Geneeskunde in die eerste studiejaar geneem word. Verder wil dit voorkom asof bestaande opleidingsfasiliteite nie die uitbreiding van studentegetalle in die natuurwetenskaplike studierigtings sal beperk nie, met uitsondering van die Universiteit van die Witwatersrand.

### 8.6.3 'n Ontleding van die departemente van Ingenieurswese

In deel 4 van die verslag „'n Opname van die Opleiding van en Werksgeleenthede vir Natuurwetenskaplikes en Ingenieurs in Suid-Afrika" wat deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing uitgegee is en wat handel oor die opleiding en indiensneming van natuurwetenskaplikes en ingenieurs word bereken dat, sonder inagneming van getalsverliese wat veroorsaak word deur ingenieurs wat vroeg ander beroepsrigtings inslaan, 'n geraamde getal van 3,200 ingenieurs vir die tydperk 1959 - 1965 nodig is. Die geraamde getal wat gedurende hierdie tydperk sal gradueer is 2,600. Uit bogenoemde verslag word die volgende aangehaal:

„Selfs in die mees optimistiese verwagtinge lyk dit dus asof die tekort aan ingenieurs sal bly voortduur selfs na 1965 tensy daar, wat ingenieurs betref, 'n radikale verandering in die tempo van opleiding aan universiteite intree.”

Voldoende opleidingsfasiliteite is dus in die lig hiervan uiters noodsaaklik.

Die Universiteite van Stellenbosch en Pretoria wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die opleiding van Afrikaanssprekende ingenieurs het nog ruim opleidingsfasiliteite vir addisionele eerstejaarstudente in die ingenieurswese. Dit is egter jammer dat so baie goeie potensiaal, soos in paragraaf 8.5.2 van hierdie hoofstuk aangedui, hulle nie aangemeld vir kursusse in ingenieurswese aan hierdie twee universiteite nie.

Dit wil voorkom asof die Universiteit van die Witwatersrand weens 'n gebrek aan ruimte en doserende personeel in die Departemente van Siviele, Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieurswese en die Departement Chemiese Ingenieurswese om dieselfde redes en 'n gebrek aan praktiese fasiliteite geen addisionele eerstejaarstudente kon neem nie. Hierdie universiteit kon dan ook al in die verlede nie addisionele eerstejaarstudente toelaat nie.

TABEL 8.9

## DEPARTEMENTE VAN INGENIEURSWESE WAT SAAM MINDER AS 40% ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	Getal univer- siteite met die volgen- de de- parte- mente	Getal departe- mente wat in- ligting verskaf het	Getal departe- mente wat nie addisio- nele eer- stejaar- studen- te kon op- neem nie	(a) Getal studente in departe- mente in 1962 (b) Addisionele getal wat opge- neem kon word					
				1ste jr.	2de jr.	3de jr.	4de jr.	5de jr.	6de en 7de jr.
Siviele Inge- nieurswese	5	3	1 (W)	(a) 30 (b) 15	164 58	111 30	97 39	21 9	4 3
Werktuigkunde Ingenieurswese	5	4	1 (W)	(a) 459* (b) 66	329 76	131 72	61 43	12 1	1 4
Elektrotegniese Ingenieurswese	5	4	1 (W)	(a) 42 (b) 21	278 110	273 93	70 54	13 14	4
Chemiese Inge- nieurswese	3	2	1 (W)	(a) 64 (b) 14	38 8	33 4	29 4		

\* Hierdie getal sluit ook in die getal eerstejaarstuden-  
te in die Departemente van Siviele en Elektrotegniese Inge-  
nieurswese van die Universiteite van Stellenbosch en die Witwaters-  
rand.

W=Universiteit van die Witwatersrand.

TABEL 8.10

## 'N ONTLEDING VAN DIE DEPARTEMENTE VAN INGENIEURSWESE WAT SAAM MINDER AS 40% ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	Universiteite		
	Stellenbosch	Pretoria	Witwatersrand
Siviele, Werktuigkundige en Elektrotegniese In- genieurswese	(a) 59 (b) 40	124 62	348 0
Chemiese Ingenieurswese	(a) (b)	28 14	36 0

(a) Getal eerstejaarstuden-  
te in departemente

(b) Addisionele getal eerstejaarstuden-  
te wat opge-  
neem kon word

#### 8.6.4 'n Ontleding van die departemente van Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde

Departemente van Landbou aan die Universiteite van Stellenbosch, Pretoria, Natal en die Oranje-Vrystaat sou saam nog 'n aansienlike aantal studente kon opneem (volgens skatting nog meer as 'n 100). Slegs die Departement Biometrie van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat sou weens 'n tekort aan personeel geen addisionele studente kon opneem nie. Daar moet in gedagte gehou word dat die enigste ander faktor wat moontlik die opneem van addisionele studente in die Landbou sou beperk die Departemente van Plantkunde van die Universiteite van Stellenbosch (kon slegs 29 addisionele eerstejaarstudente neem), Natal (kon slegs 38 addisionele eerstejaarstudente neem) en die Oranje-Vrystaat (kon slegs 13 addisionele eerstejaarstudente neem) is.

Die Departemente van Bosbou van die Universiteit van Stellenbosch kon nog meer addisionele eerstejaarstudente as wat reeds geregistreer was, opneem.

Die Departemente van Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria sou geen addisionele studente kon neem nie vanweë die beperking gestel deur die navorsingsfasiliteite te Onderstepoort.

#### 8.6.5 'n Ontleding van die departemente van Geneeskunde

Volgens deel 5 van die verslag „'n Opname van die Opleiding van en Werkseleenthede vir Natuurwetenskaplikes en Ingenieurs in Suid-Afrika" wat handel oor die opleiding van en werkseleenthede vir mediese en tandheelkundige personeel, sal die geraamde geakkumuleerde behoeftes van die land tussen 3,500 en 4,500 mediese praktisyns vir die tydperk 1959 - 1965 wees. Uit die opname oor die gradueringstendense aan universiteite in deel 3 van bogenoemde verslag, kan afgelei word dat die geraamde getal gekwalifiseerde mediese praktisyns wat in hierdie tydperk sal kwalifiseer 1,911 sal wees met ander woorde ongeveer die helfte van die geakkumuleerde behoeftes. Die universiteite voorsien dus reeds nie in die landsbehoefte nie en daarom is beperkende faktore wat die opneem van addisionele studente in die Geneeskunde, aan die Universiteite van Pretoria en die Witwatersrand nie moontlik maak nie, beslis stremmend op 'n moontlike **getalstoename** van gekwalifiseerde mediese praktisyns.

TABEL 8.11

DEPARTEMENTE VAN GENEESKUNDE WAT BAIE MIN ADDISIONELE STUDENTE  
KON NEEM

Departemente	Getal universiteite met die volgende departemente	Getal Departemente wat inligting verskaf het	Getal Departemente wat nie addisionele eerstejaarstudente kon opneem nie	(a) Getal studente in departemente in 1962 (b) Addisionele getal wat opgeneem kon word					
				1ste jr. **	2de jr.	3de jr.	4de jr.	5de jr.	6de en 7de jaar.
Anatomie	4	3	2* (Pr,W)	(a) 19 (b) 0	360 59	177 15	68 0	86 0	30 0
Patologie, Patologiese Anatomie en Mikrobiologie	4	3	2* (Pr,W)	(a) 36 (b) 0		319 43	180 16	22 18	
Algemene en Interne Geneeskunde, Chirurgie, Obstetrie en Ginekologie en Kindergeneeskunde	4	3	2* (Pr,W)	(a) 15 (b) 0	44 0	161 3	236 16	201 18	188 17
Farmokologie	4	3	2* (Pr,W)	(a) (b)		306 3			
Anesthesiologie	4	2	1* (Pr)	(a) 14 (b) 0			24 16	132 18	
Radiologie	4	3	2* (Pr,W)	(a) 50 (b) 0	29 0				96 18
Psigiatrie	4	3	2* (Pr,W)	(a) (b)		114 0	35 66	115 18	8 0
Oog-, Oor-, Neus- en Keelheelkunde	4	2	1* (Pr)	(a) (b)			24 16	115 18	
Voorkomende en Bevorderende en Geregtelike Geneeskunde	4	2	1* (Pr)	(a) 14 (b) 0			76 0	22 18	
Tandheelkunde	2	2	1* (W)	(a) 85 (b) 0	62 3	50 7	22 22	30 1	17 0

Pr = Universiteit van Pretoria.

W = Universiteit van die Witwatersrand

\* = Geld ook vir die studiejare na die eerste studiejaar

\*\* = Studente wat inskryf vir die graad M.B.Ch.B. volg eers vanaf die derde studiejaar kursusse in meeste van hierdie departemente. Die getalle wat dus teenoor sekere departemente in die eerste studiejaar verskyn is gevolglik nie M.B.Ch.B.-studente nie maar wel studente in Fisioterapie, Radioterapie en -diagnostiek, Verpleegkunde ens. wat kursusse in hierdie departemente volg.

Soos van tabel 2.11 afgelei kan word, was dit vir die Universiteite van Pretoria en die Witwatersrand nie moontlik om in 1962 addisionele studente in die eerste en ander studie-jare in meeste Departemente van Geneeskunde op te neem nie. Volgens die Universiteit van Pretoria is hospitaalgeriewe 'n beperkende faktor terwyl die Universiteit van die Witwatersrand in veral die Departemente van Patologie en Farmokologie 'n tekort aan praktiese fasiliteite, doserende personeel en lesing-ruimte ondervind het.

Die Departement Tandheelkunde van die Universiteit van die Witwatersrand kon ook geen addisionele studente opneem nie as gevolg van 'n tekort aan doserende personeel, lesingruimte en praktiese fasiliteite. Die Universiteit van die Witwatersrand was dan ook al in die verlede verplig om voornemende tandheelkunde studente toelating te weier omdat hulle nie na wense in die matriekeksamen presteer het nie. Die Universiteit van Stellenbosch het aangedui dat die Departement van Geneeskunde op die huidige oomblik nie veel meer studente sou kon neem nie, maar dat wanneer die nuwe hospitaal in die noordelike voorstede van Kaapstad voltooi is, daar geen probleme sal wees nie.

Volgens skatting sou slegs 70 addisionele eerstejaarstudente opgeneem kon word (en dit alleen deur die Universiteit van Stellenbosch) wat op die oomblik met betrekking tot getalle ongunstig met die ander studierigtings vergelyk.

#### 8.6.6 n Ontleding van die departemente van Handel

Dit sou vir hierdie departemente moontlik wees om nog ongeveer 500 addisionele eerstejaarstudente op te neem. Die volgende departemente sou in 1962 minder as 30% addisionele eerstejaarstudente kon neem:

Ekonomie (Universiteit van die Witwatersrand en Rhodes-Universiteit), Handel (Rhodes-Universiteit sou geen addisionele eerstejaarstudente kon neem nie), Statistiek (die Universiteit van die Oranje-Vrystaat sou geen en die Universiteit van die Witwatersrand baie min addisionele eerstejaarstudente kon aanvaar).

TABEL 8.12

DEPARTEMENTE IN DIE HANDELSWETENSKAPPE WAT SAAM MINDER AS 40%  
ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	Getal universiteite met die volgende departemente	Getal departemente wat in ligting verskaf het	Getal departemente wat nie addisionele eerstejaarstudente kon opneem nie	(a) Getal studente in departemente in 1962 (b) Addisionele getal wat opgeneem kon word					
				1ste jr.	2de jr.	3de jr.	4de jr.	5de jr.	6de en 7de jr.
Handel	6	5	1 (R)	644 248	393 222	368 97	27 28		

R = Rhodes-Universiteit

TABEL 8.13

DEPARTEMENTE IN DIE HANDELSWETENSKAPPE WAT MINDER AS 30% ADDISIONELE  
EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	Universiteite		
	Rhodes	Oranje-Vrystaat	Witwatersrand
Ekonomie	(a) 202 (b) 60		234 23
Handel	(a) 48 (b) 0		
Statistiek	(a) (b)	182 0	440 60

(a) Getal eerstejaarstudente in departemente

(b) Addisionele getal eerstejaarstudente wat opgeneem kon word

8.6.7 'n Algemene ontleding van departemente wat min addisionele studente kon neem

In tabel 8.14 word 'n samevattende beeld gegee van die getal eerstejaarstudente wat addisioneel opgeneem kon word en ook 'n uiteensetting van daardie departemente wat verantwoordelik is vir die beperking van getalle.

TABEL 8.14  
 'N SKATTING VAN DIE GETAL ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE WAT IN VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS OPNEEM KAN WORD, MET 'N AANDUIDING VAN DEPARTEMENTE WAT DIE OPNAME BEPERK HET

Studierigtings	Getal addisionele eerstejaarstudente	Universiteite wat hierdie getal addisionele eerstejaarstudente beperk het	Departemente van hierdie universiteite wat verantwoordelik is vir die beperking van die getal addisionele eerstejaarstudente
Geesteswetenskappe	500	Stellenbosch	Afrikaans-Nederlands (0), Engels (0), Geskiedenis (0), Sielkunde (0), Liggaamlike Opvoeding (0), Wysbegeerte (0), Aardrykskunde (25), Frans (15), Semitiese Tale (20), Duits (30)
		Natal	Engels (0), Aardrykskunde (7)
		Rhodes	Geskiedenis (0), Frans (0), Skone Kunste (0), Musiek (3), Liggaamlike Opvoeding (7), Opvoedkunde (10)
		Oranje-Vrystaat	Geskiedenis (0), Wysbegeerte (0), Klassieke Tale (7), Afrikaans-Nederlands (100)
		Potchefstroom	Duits (0), Musiek (0), Geskiedenis (20), Engels (50)
		Witwatersrand	Sielkunde (0), Sosiologie en Maatskaplike Werk (77), Klassieke Tale (49), Musiek (25)
Natuurwetenskappe	1000 <sup>‡</sup> (700) <sup>‡</sup>	Witwatersrand	Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (0), Plantkunde (70), Dierkunde (40)
		Stellenbosch	Plantkunde (29), Fisiologie (8), Huishoudkunde (11)
		Rhodes	Farmasie (2)
		Natal	Plantkunde (38), Wiskunde en Toegepaste Wiskunde (110)
		Oranje-Vrystaat	Plantkunde (13)
		Potchefstroom	Plantkunde (14)
Ingenieurswese	100	Witwatersrand	Siviele, Werktuigkundige en Elektrotegniese Ingenieurswese (0), Chemiese Ingenieurswese (0)
Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde	100+	Pretoria	Veeartsenykunde (0)
Mediese Wetenskappe	70	Witwatersrand	Tandheelkunde (0), Geneeskunde (0)
		Pretoria	Tandheelkunde (0), Geneeskunde (0)
Handelswetenskappe	500	Rhodes	Handel (0), Ekonomie (60),
		Witwatersrand	Ekonomie (23), Statistiek (60)
		Oranje-Vrystaat	Statistiek (0)

‡ As die ± 300 eerstejaarstudente wat in studierigtings van die ingenieurswese, mediese wetenskappe en Landbou, Bosbou en Veeartsenykunde afgetrek word.

/SMS



## 8.7 SLOTOPMERKINGS

Soos reeds aangetoon is, is die tekort aan veral medici en ingenieurs in Suid-Afrika 'n ernstige saak en voorsien die universiteite nie in die landsbehoefte nie.

Die potensiaal vir die universiteite was vir 1962 altans wel daar, aangesien bykans 60% van die land se matrikulante<sup>1)</sup> van November/Desember 1961 en Maart 1962 (waaronder amper 1,500 met eersteklasse) nie vir graad- of ekwivalente kursusse aan die universiteite ingeskryf het nie. Hierdie potensiaal was daar vir alle studierigtings nl. matrikulante met goeie simbole in tale en Geskiedenis (vir die geesteswetenskappe), Wiskunde en natuurwetenskappe (vir die natuurwetenskappe, ingenieurswese, mediese wetenskappe, ens.) en Boekhou (vir die handelwetenskappe).

Alhoewel voldoende opleidingsfasiliteite aan meeste universiteite departemente bestaan het vir die opneem van heelwat addisionele studente, was daar tog 'n hele paar departemente wat 'n behoefte aan uitbreiding gehad het. Beperkinge van opleidingsfasiliteite sou die uitbreiding van studentestalle in sekere departemente van die geesteswetenskappe (Universiteit van Stellenbosch), ingenieurswese (Universiteit van die Witwatersrand) en geneeskunde (Universiteite van Pretoria en die Witwatersrand) onmoontlik maak.

Om die tekort aan gegraduateerde mannekrag te bowe te kom, is 'n moontlike oplossing om soveel moontlik van die matrikulante onmiddellik aan te keer na die universiteite deur voldoende geleenthede vir verdere studie daar te stel en enige beperkinge op bestaande opleidingsfasiliteite, veral dié wat in die geneeskunde bestaan, uit die weg te ruim. Dit sou ook nodig wees om veral die Afrikaanssprekendes aan te moedig om meer belangstelling in die ingenieurswese en geneeskunde te toon, want in hierdie rigtings is daar, wat die Afrikaanssprekende betref, by verre nie die belangstelling wat daar behoort te wees nie.

---

1) Waaronder 1,000 lotelinge, wat as verlore manlike potensiaal vir die betrokke jaar veral vir kursusse in die natuurwetenskappe, ingenieurswese en geneeskunde beskou moet word. Dit is nie bekend hoeveel van hulle na voltooiing van hul militêre opleiding wel na 'n universiteit gegaan het nie.

BYLAE A

'N ONTLEDING VAN DIE TUISTES VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN 1962 WAT IN NOVEMBER/  
DESEMBER 1961 OF MAART 1962 GEMATRIKULEER HET

Gebied waar tuiste geleë is	Getal eerste-jaarstude-dente	Persenta-sie eer-stejaar-studente van totaal	Getal eer-stejaar-studente aan Eng-elsmedium-universi-teite	Getal aan Engels-medium-univer-siteite as per-sentasie van groot-totaal	Getal eerste-jaarstu-dente aan Afri-kaansme-diumuni-versi-teite	Getal aan Afrikaans-medium-universi-teite as persenta-sie van groot-totaal
Johannesburg	653	16.0	565	13.8	88	2.2
Suid-Transvaal	55	1.4	26	0.7	29	0.7
Oos-Rand	204	5.0	101	2.5	103	2.5
Wes-Rand	115	2.8	57	1.4	58	1.4
Pretoria	402	9.9	50	1.3	352	8.6
Oos- en Noordoos-Transvaal	174	4.3	30	0.8	144	3.5
Suidwes-Transvaal	134	3.3	18	0.5	116	2.8
Wes-Transvaal	63	1.5	6	0.1	57	1.4
Noord-Transvaal	61	1.5	12	0.3	49	1.2
Transvaal	1861	45.6	865	21.2	996	24.4
Kaapstad en Skier-eiland	460	11.3	332	8.2	128	3.1
Boland en Suidweste-like Distrikte	288	7.1	61	1.5	227	5.6
Wes- en Noordwes-Kaapland	177	4.3	28	0.6	149	3.7
Port Elizabeth en Uitenhage	94	2.3	70	1.7	24	0.6
Oos-Londen en om-streke	64	1.6	54	1.4	10	0.2
Oostelike Provinsie	180	4.4	93	2.3	87	2.1
Kaapland	1263	31.0	638	15.7	625	15.3
Durban	297	7.3	274	6.7	23	0.6
Pietermaritzburg	82	2.0	75	1.8	7	0.2
Natalse Platteland	83	2.0	69	1.7	14	0.3
Natal	462	11.3	418	10.2	44	1.1
Bloemfontein	162	4.0	38	0.9	124	3.1
Vrystaatse Platte-land	208	5.1	35	0.9	173	4.2
Oranje-Vrystaat	370	9.1	73	1.8	297	7.3
Suidwes-Afrika	70	1.7	25	0.6	45	1.1
Buiteland	52	1.3	37	0.9	15	0.4
Totaal	4078	100.0	2056	50.4	2022	49.6

/SMS

'N ONTLEDING VAN DIE DEPARTEMENTE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD WAT  
MINDER AS 30% ADDISIONELE EERSTEJAARSTUDENTE KON NEEM

Departemente	(a) Getal studente in departemente in 1962 (b) Addisionele getal wat opgeneem kon word						Redes waarom departemente nie meer addisionele eerstejaarstudente kon opneem nie
	Eerste jaar	Tweede jaar	Derde jaar	Vierde jaar	Vyfde jaar	Sesde jaar	
<b>Geesteswetenskappe:</b>							
Geskiedenis .....	(a) 237 (b) 0	68 20	38 2	3 6			
Wysbegeerte .....	(a) 128 (b) 0	35 0	2 0	1 0			Tekort aan doserende personeel en lesingruimte
Sielkunde .....	(a) 198 (b) 52	60 0	26 4	3 7	5	7	
Musiek .....	(a) 35 (b) 10	25 10	20 10	10 5			Tekort aan doserende personeel en lesingruimte
Skone Kunste .....	(a) 85 (b) 0	41 0	40 0	5 0			
Afrikaans-Nederlands .....	(a) 207 (b) 20	21 32	11 10	1	1	1	Tekort aan doserende personeel en lesingruimte
Engels .....	(a) 840 (b) 12	425 0	102 0	14 4			Tekort aan doserende personeel en lesingruimte
Semitiese Tale ...	(a) 36 (b) 4	22 8	10 10	7 8			
Bantoekunde .....	(a) 369 (b) 0	87 0	3 0	5 0	6 0	2 0	
Klassieke Tale ...	(a) 218 (b) 0	32 0	11 0	2 0			
Aardrykskunde ....	(a) 77 (b) 3	24 16	18 22	0 8			
<b>Natuurwetenskappe:</b>							
Plantkunde .....	(a) 338 (b) 0	14 16	11 9				Tekort aan doserende personeel en lesingruimte
Dierkunde .....	(a) 355 (b) 0	22 66	22 50	4 8			Tekort aan doserende personeel en praktiese fasiliteite
Fisiologie .....	(a) (b)	170 10	8 4				
Skeikunde .....	(a) 579 (b) 35	109 22	69 28	35 10	6 4	13 7	
Fisika .....	(a) 648 (b) 36	113 16	38 6	16 3	3 5	10 2	
Wiskunde en Toegepaste Wiskunde	(a) 654 (b) 40	455 29	133 27	9 2	3 2		Tekort aan doserende personeel en lesingruimte

Departemente	(a) Getal studente in departemente in 1962 (b) Addisionele getal wat opgeneem kon word						Redes waarom departemente nie meer addisionele eerstejaarstudente kon opneem nie
	Eerste jaar	Tweede jaar	Derde jaar	Vierde jaar	Vyfde jaar	Sesde jaar	
<b>Ingenieurswese:</b>							
Siviele Ingenieurswese .....	(a) - (b) -	98 0	55 0	42 0			
Werktuigkundige Ingenieurswese ..	(a) 132 (b) 30	75 25	35 0	25 0			
Elektrotegniese Ingenieurswese ..	(a) - (b) -	77 50	120 50	53 30			
Chemiese Ingenieurswese .....	(a) - (b) -	32 8	35 5	28 2			
<b>Geneeskunde:</b>							
Patologie en Chemiese Patologie .	(a) (b)		123 0	110 25			
Farmakologie ....	(a) (b)		120 0			110 0	
Psigiatrie .....	(a) (b)		123 0		110 0		Tekort aan doserende personeel en lesingruimte
Bevorderende Geneeskunde .....	(a) (b)				110 0		
Chirurgie .....	(a) (b)				110 0	106 0	
Aansteeklike Siektes .....	(a) (b)			96 0		110 0	
Bakteriologie ...	(a) (b)		123 0				
<b>Handelwetenskappe:</b>							
Ekonomie .....	(a) (b)	441 40	153 0	24 10	5 5		Tekort aan doserende personeel en lesingruimte

1. In die departemente vir goestowetenskappe en sekere dele van die ingenieurswese is daar blykbaar 'n groot tekort aan doserende personeel en lesingruimte, veral onder die eerstejaarklasse.

2. In die departemente van die natuurwetenskappe en die Geneeskunde is daar blykbaar min kans vir onmiddellike uitbreiding weens 'n tekort aan doserende personeel en lesingruimte, asook aan fasiliteite vir praktiese werk.

3. Syfers vir ingenieurswese mag verwarring skep weens oorvleueling van klasse.

/EM.

